## HOOFSTUK 13

# Betekenisleer

Dit is beslis nie maklik om die betekenis van 'n woord te omskryf nie. Kyk bv. na die verskillende betekenisse van die woordjie **„toe"** in die volgende:

(*a*) Hy gaan na sy huis **toe,** of hy gaan huis **toe.**
(*b*) **Toe** ons daar was, het hy in die tuin gewerk; hy sê **toe** ons moet eers wag.
(*c*) Maak **toe** die deur. 'n Mens kan dit met **toe** oë raak sien.
(*d*) **Toe** nou, moenie verspot wees nie; **toe** wat, jong (asseblief); nou **toe,** doen dit! 'n (dreigende uitdaging); **toe** maar, Ben, bly maar kalm; ag nee **toe,** wat is dit nou? Nou **toe** nou! (Kyk wat het jy aangevang); nou ja **toe,** (kom ons loop); ag **toe** wat (speel vir ons iets); ja **toe** (doen dit net); **toe** dan (maak gou).

'n Woord se betekenis kan dus verskeie hoeke of kante hê. Watter bepaalde hoek of kant bedoel word, blyk uit die ander woorde in die sin.

Ons bespreek hierdie aspek van woorde in die bladsye wat volg.

## A. HOMONIEME

Daar is heelwat woorde wat **eenders geskryf** word, maar in werklikheid tog heeltemal **aparte woorde is** omdat hulle van heeltemal **verskillende herkoms** is. **„Leer"** om skoene mee te maak, kom van **„leder"**; 'n **„leer"** om mee op te klim, kom van **„ladder"**; maar die **„leer"** van 'n kerk was vroeër ook **„leer".** Hierdie drie woorde „leer" is dus glad nie dieselfde woord met verskillende betekenisse nie, maar drie afsonderlike woorde. **Sulke woorde van eenderse vorm maar verskillende herkoms word** HOMONIEME **genoem.** Dikwels toon verskillende meervoudsvorme die verskil van herkoms, bv. „saals" en „sale", „lasse" en „laste", „basse" en „baste", „gasse" en „gaste".

**Opdrag** (doen dit mondeling)
*Gee soveel verskillende betekenisse as moontlik aan elkeen van die volgende s.nwe.* (dit is in sommige gevalle werklik dieselfde woord met meer as een betekenis):

noot, vertrek, sin, slag, vak, verband, spruit, baan.

Net so is daar honderde wwe. wat as wwe. verskillende betekenisse het:

Die lig **afslaan** (afskakel),
pryse **afslaan** (verminder),
'n hoed se rand **afslaan,**
links of regs **afslaan** (weg- of indraai),
amandels met 'n sweep **afslaan** (van die boom af),
Die vee in die veld in **druk** (veld toe jaag),
boeke laat **druk** (publiseer),
iemand in die grond **druk** (hom daar vasdruk),
skuldeisers kan hulle skuldenaars **druk** (opkeil, opskroef),
iemand iets op die hart **druk** (dit goed onder sy aandag bring),
werk wat 'n mens **druk** (dis baie en dringend),
skoene wat **druk** (knel, seermaak),

in die skrum **druk** (stoot).
**Strek** die liggaam lank uit,
plase wat myle ver **strek** (geleë is),
dinge wat 'n mens tot eer (of oneer) **strek** (getuig),
solank die voorraad **strek** (hou, nie opraak nie),
mag dit tot sy geluk **strek** (bydra, saamwerk).

**Opdrag**

*Gee soveel verskillende betekenisse as moontlik van elkeen van die volgende werkwoorde (doen dit mondeling):*

las, trek, voeg, betrek, afreken, klop, teken, oplos.

Wat vir die s.nwe. en die wwe. geld, geld ook vir b.nwe. en bwe. Hier volg 'n paar voorbeelde:

**Moeilike** werk (vereis inspanning), mense wat gou **moeilik** word (uit hulle humeur raak), versoeke wat vir jou **moeilik** is (ongeleë).
**Snaakse** stories is òf lagwekkend òf ongewoon òf verontrustend.
**Snaakse** mense is òf grappig òf ongewoon òf 'n bietjie aan die mal kant.
Dis **mos** mooi (immers), dis **mos** ver (baie ver), ek het dit **mos** (immers, verwytend) nie gedoen nie.

**Opdrag** (doen dit mondeling)

*Gee soveel verskillende betekenisse as moontlik van elkeen van die volgende b.nwe. en bwe.:*

skeef, danig, geswael, lekker, sterk, vals, eenvoudig, skraal.

## B. HOMOFONE

Homofone is woorde wat presies **eenders uitgespreek** word, maar **verskillend gespel** word, bv.:

**fee** en **vee**
**ly** en **lei**
**fel** en **vel**, ens.

Moet 'n mens nou maar dié woorde een vir een onthou, of is daar 'n maklike manier om hulle te „leer"? Prof. T. H. le Roux gee in sy „Taalstudies" 'n baie praktiese middel aan by y en ei: **as Engels naamlik in die ooreenstemmende woord 'n i het, het ons in verreweg die meeste gevalle in Afrikaans 'n y.** Wat hier volg, is in hoofsaak sy lys:

| | | | |
|---|---|---|---|
| dy | — thigh | fyn | — fine |
| gly | — glide | lym | — lime |
| skyn | — shine | vyl | — file |
| (ver)wyd(er) | — wide | splyt | — split |

Ongelukkig is dit nie altyd so nie; vergelyk bv. „styl" en „style", en in baie gevalle is daar geen ooreenstemmende Engelse woord nie: „wy", „bry", „fyt". Daarom volg hier 'n lysie van die belangrikste lastige gevalle wat jy maar kan **leer:**

(*a*) Dit **blyk** dat hy tog nie siek was nie. **Wasgoed** word in die son gegooi om te **bleik.**
(*b*) Jou **bod op 'n vendusie. Bome bot. Hy lyk bot.**
(*c*) Die **end van 'n tydperk** (abstrak). **Die ent van 'n tou of pyp, 'n lang ent pad.**

(*d*) **Faal in ondernemings (nie slaag nie). Vaal kleure.**
(*e*) **'n Fee(tjie) in die sprokieswêreld. Vee is grootvee en kleinvee.**
(*f*) Die **fat** dra swierige klere. Hy **vat haar hand.** Die **vat** is **vol wyn.**
(*g*) Die son **brand fel. Bome vel** (omkap of afsaag). **Vel van 'n dier.**
(*h*) **'n Fonds wat studente help. 'n Belangrike vonds** (vinding, ontdekking).
(*i*) Smart of **'n nederlaag ly. Perde lei** om koud te word. **'n Lei waarop leerlinge begin skryf.**

## Opdrag

*Watter van die woorde wat by elke groepie sinne hier onder tussen hakies staan, kan gebruik word om die sinne te voltooi?*

1. Met .......... en boog skiet. Hy .......... reguit huis toe. .......... die diepte van die see. (Pyl, peil.)
2. Hy is op die .......... van die dood. Sy hoed se .......... is stukkend. Die vee wei in die .......... (Rand, rant.)
3. Ry met die .......... Hy is .......... en fyn aangetrek. (Viets, fiets.)
4. Op die partytjie het ons .......... gespeel. Die een .......... van die tabberd is nog nie klaar nie. (Pand, pant.)
5. Julle moet die .......... stewig pak. Daar is .......... in die meel. (Mied, miet.)
6. Dis nie sy gewone .......... nie. Die .......... hare is wederstrewig. Die berg is .......... (Styl, steil.)
7. Hy .......... hom uitsluitend aan sy werk. Kersdag is 'n ge-.......... de vakansiedag. Moenie te veel uit .......... nie. Hy soek plek vir sy vee om te .......... (Wei, wei)
8. Hy luister nie na goeie .......... nie. Dis 'n goeie .......... teen maagkwale. (Raad, raat.)
9. .......... mense kan dit bekostig. Hy .......... na hoër dinge. (Reik, ryk.)
10. .......... die bottel. 'n Goeie .......... skiet selde mis. Die vee is .......... toe gestuur. (Skud, skut.)

*Leerlinge behoort ook die volgende te kan onderskei:*

| | | |
|---|---|---|
| stad, stat | lid, lit | ys, eis |
| syne, seine | frank, vrank | rei, ry |
| boordjie, boortjie | boud, bout | vors, fors |
| bond, bont | vlei, vly | luid, luit |
| pond, pont | lood, loot | wand, want |
| feit, fyt | vries, Fries | verbei, verby |

Kyk na:

Jy **deins** terug vir moeilike werk; maar:
Die weer is **dynserig.**
Jy **brei** 'n trui of jou besittinge uit; maar:
Jy **bry** as jy die r nie laat tril nie.

## C. DOEBLETTE

Doeblette (ook tweelingwoorde genoem) is **verskillende vorme** van **dieselfde woord,** met dikwels ook **verskil** in **betekenis,** bv.:

Jy praat **twak**! Jan rook **tabak.**

*Leer die volgende doeblette:*

Loop **vort**! Ons wag mos. Gaan **voort** en vertel wat gebeur het.
Die **sagte** man word bemin. Die **safte** man kan nie sy man staan nie.
Wat sê jy **daar**? **Doer** ver teen die hange wei die vee.
Hy rook sterk **tabak.** 'n Rol **tabak.** Sy **twak** is nat. Jy praat **twak.**

Die sonde van die **vlees. Vlees** van ons **vlees** wees (familie). Nog **vleis,** asseblief.
Hy **kwes** die bok. Hy **kwets** 'n ander se gevoelens.
Die pot se **boom** is stukkend. Dit slaan sy redenasie en planne die **bodem** in. Piet is 'n **bodemvaste** Afrikaner. O aardbodem!
Piet **wen** my met hardloop. Jy **win** meer mense met heuning as met asyn. Sy betoog **win** nou aan oortuigingskrag.
Die beker is **leeg.** Gods woord sal nie **ledig** terugkeer nie.
Ons twee is **broers.** Die predikante is mos almal **broeders.** Hy is ook 'n arme **broeder** in die verdrukking.
Dis 'n mooi **bundel** gedigte of verhale. 'n **Bondel** wasgoed.
Hy is **darem** maar klein nog. **Daarom** doen ek dit.
Gou **kwaad** en gou weer goed. Die **kwaai** tante raas altyd.
Hoe laat so 'n **vervlakste** stok my skrik. Die deur sy vader **vervloekte** seun het kom vergiffenis vra.

## D. PARONIEME (Stamverwante Woorde)

**Dit is woorde wat van dieselfde stam of grondwoord afkomstig is.** 'n Mens kan honderde sulke woordfamilies aanteken, maar ons gaan net 'n paar werkwoordgroepe bekyk:

Ek **ken** jou. Hy is spyt en **beken** sy skuld. Ek **erken** dat hy beter is as ek. Na jare het hy my nog altyd **herken.**
Jy kan nie nou **ontken** dat jy ook daar was nie. Die spioene het die land kom **verken.**
Ons **stel** die slagyster. **Bestel** die goed by die winkel.
Die ploeg loop te diep; **verstel** dit 'n bietjie. Hy het van sy siekte **herstel.**
Hier **staan** ek. As jy sterf, hou jou liggaam op om te **bestaan.** Onvriendelike woorde laat rusie **ontstaan.**
Ek **lê** op die bed. Die ryk man wil sy geld **belê. Verlê** 'n bietjie die pyp.
Hy **kom** huis toe. In tye van skaarste is dit moeilik om alles te **bekom.** Hy is in ons hande en kan nie **ontkom** nie.
Laat ons **gaan.** Moenie flaters **begaan** nie. Wat ek wou sê, het my nou **ontgaan.** Mooiheid **vergaan** met die tyd.
**Hou** wat jy het. As jy jou lewe in gevaar wil **behou,** moet jy versigtig wees. **Onthou** dat ek dit doen. (**Onthou** jou van alle kwaad).
Ons gaan boontjies uit die tuin **haal.** Deur aan te hou het hy die oorwinning **behaal.** Ek **herhaal** dit, sodat jy dit kan onthou. Die gesellige vrou **onthaal** graag mense.
Pa **roep** my. Ons het 'n ander predikant **beroep.** (Jou op 'n hoër gesag beroep.) Daar was soveel ontevredenheid dat die maatreël **herroep** is.
**Bind** die skaap se bene. Na die dood **ontbind** die liggaam. (Die volksraad word **ontbind.**) In die hospitaal is sy wonde **verbind.**
Hy moet baie kinders voed en **klee(d).** God **beklee** die dal met gras. Voordat 'n mens gaan slaap, **ontklee** jy jou. Sy het haar vir die dansparty gaan **verklee.**
Die boumeester **bou** huise. Daardie omgewing is baie dig **bebou.** In hierdie streke **verbou** die mense koring.
Ek **dink** nou diep. Jy moet jou **bedink** voordat jy so iets doen. Die moordenaar het aan die kruis gebid dat God hom in die paradys moet **gedenk.** Hy **herdenk** vandag sy sestigste verjaarsdag. Jy **verdink** my verniet; ek is nie skuldig nie.
Hy **help** my. By gebrek aan petrol moes hulle hulle met kar en perde **behelp.** Die muur bars lelik; jy moet dit **verhelp.**
**Sien** jy my? Ons moet baie werk vir die eksamen **hersien.** As ek my sonde nie **ontsien** nie, gee ek jou 'n klap. Die bouvallige gebou moet **versien** word.

### Opmerking

Hier volg 'n aantal stamverwante woorde wat dikwels verwar word:

Dit is lelik as 'n grootmens hom **kinderagtig** gedra. Dit is mooi om **kinderlik** en nederig te wees. Die man is **kinds** van ouderdom.

Die **eerlike** man steel nie. Ons het baie agting vir die **eerbare** man.
Koel weer is **verkieslik** bo sulke warmte. Die vorige Volksraadslid het hom weer **verkiesbaar** gestel.
Hy was eers vriendelik, maar nou neem hy 'n **vyandige** houding aan. Die **vyandelike** leërs veg teen mekaar.
In so 'n ryk gemeente het jy 'n **kostelike** kans om te kollekteer. Hy betaal baie vir die **kosbare** ring.
Die hoepel is **buigbaar;** jy kan dit buig. Die **buigsame** ledemate buig maklik.
Hy is **tydelik** aangestel en nie vas nie. Jy moet altyd wag vir die **tydsame** skepsel. Dit was **tydige** hulp, want ons het dit dringend nodig gehad.
Weeskinders is van baie voorregte **verstoke.** Hy is kort van draad; sy toorn is gou **ontstoke.**
Ons het dit al dikwels gesien; dis 'n **alledaagse** verskynsel. Die **daaglikse** arbeid maak 'n mens darem maar moeg.
Hy is so **opmerksaam** dat hy alles raaksien. Dit is so **opmerklik** dat jy dit moet raaksien.
Die dom man se kennis is maar **gebrekkig.** Die **gebreklike** kind loop swaar.

## E. SINONIEME

Sinonieme is woorde en uitdrukkinge met **min of meer dieselfde betekenis,** maar wat kan verskil ten opsigte van bykomende gevoelens.

### Voorbeeld:

**Lieg** is 'n sinoniem vir **jok,** maar wanneer jy sê iemand „lieg", druk jy jou vee krasser uit as wanneer jy sê iemand „jok".

Baie woorde het dus **gevoelswaarde,** maar ander is **neutraal,** d.w.s. net die betekenis is van belang.

Gevoelswaarde is dikwels die enigste of belangrikste grond van verskil tussen sinonieme:

| Neutraal | Met gevoelswaarde |
|---|---|
| (Ek wil nou) loop | waai, laat vat, weg wees, my ry kry |
| man | vent, kêrel, knaap |
| moeg | gedaan, poot-uit, kapot, pê |
| hou op | skei uit, basta |
| gesig | bakkies, tronie, gevreet, smoel |
| waarom | hoekom, vir wat, wat (wat lol jy so?) |
| bedrieg, mislei | flous, fop, kul, verneuk |
| oormeester | toesit, droogsit, koudlei, |
| minderwaardig, swak, sleg | vrot, eina, toiingrig (tôienrig) |
| kuier | rondloop, rondflenter, rondjakker, rondrits |
| doodgaan, sterf | afklop, bokveld toe gaan, oor die wal (muur) raak |
| hardloop | hol, saai, spaander, die rieme bêre of neerlê |
| dronk | geswael, gebaard, getier, die kurk gesoen. |

### Opdrag

1. *Vervang in onderstaande sinne alle vetgedrukte woorde of uitdrukkinge deur sinonieme sonder of met minder gevoelswaarde:*
   (*a*) Het dié bedaarde ou man **wrintiewaar** kwaad geword?
   (*b*) Hy is **kammalielies** te moeg om saam te gaan.
   (*c*) Hou julle **pote** van ander mense se **goeters** af.
   (*d*) Julle werk darem nie eerlik met 'n **ou** nie.
   (*e*) Hulle gaan glo die konstabel **opskraap** omdat hy 'n jong onnodig **opgedons** het.
   (*f*) Die berg is **verduiwels** hoog.

(*g*) Nou het die **verbrande** bout weer **(in sy verstand in)** gebreek.
(*h*) Jy sal moet hardloop **dat jy die kromme note haal.**

2. *Vervang in onderstaande sinne soveel vetgedrukte woorde en uitdrukkinge as moontlik deur sinonieme met meer gevoelswaarde:*
(*a*) **Hou jou aan die waarheid,** ou maat.
(*b*) **Dis nou swakke beloning vir goeie dade.**
(*c*) **Dis my heeltemal onverskillig wat daarvan word.**
(*d*) **Dis 'n bekende manier van hom daardie.**
(*e*) Die **groot skoene** wat hy aan het, **is seker sy broer s'n.**
(*f*) Hy is 'n gevaarlike man as hy om die skrum **breek** met die vleuel langs hom.

3. *Vervang die vetgedrukte woorde deur ander, sodat die volgende sinne 'n gunstige betekenis sal kry:*
(*a*) Hoor net so die **vervlakste** singery daar oorkant.
(*b*) Dis **vreeslik** warm.
(*c*) Dit reën **verbrands** weer.
(*d*) Jou nuwe klere is **erg** streperig.
(*e*) Dis weer 'n **heftige** redekaweling tussen die twee.
(*f*) Wat het die **meneertjie** jou gevra?

## Sinonieme en Streektaal

Gevoelswaarde is egter lank nie altyd die enigste of belangrikste verskil tussen sinonieme nie. As A sê „die man het tiermelk gedrink" en B sê „hy het Saterdag gehou", dan glimlag die hoorder miskien oor altwee, maar 'n groter verskil is dat A se uitdrukking min of meer algemeen bekend is en B s'n beperk is tot 'n sekere streek of deel van die land. Laasgenoemde word **streektaal** of **dialektiese taal** genoem.

| **Algemeen** | **Streektaal** |
|---|---|
| verkeerd-om, agterstevoor | omkeer (klere – aanhê) |
| druiwekonfyt | korrelkonfyt |
| moeg of uitgeput voel | pê voel |
| poenskop (bok, bees) | koeskop |
| bobbejaan | sekelstert, sitbok, klaas ougesig |
| pa-hulle | pa-goed, pa-en-die, pa-en-hulle |
| sambok | taboes, ngoeps, makòs |
| seuns | kêrelkinders |
| nie van iemand hou nie | iemand nie êns nie |

Moet 'n mens nou sulke streektaal vermy? Dit hang van die omstandighede af. Dis goed in die werk van 'n skrywer wat sy mense wil laat praat soos in hulle gewone omgewing, soos Boerneef of Mikro in *Boplaas* en *Toiings*. Dis ook op sy plek bv. in private briewe tussen vriende, of in die gewone geselstaal, of bv. in opstelle waar skoliere sekere mense of streke beskrywe. Maar dit moet vermy word, bv. in amptelike briewe en verslae, artikels wat vir die algemene publiek bedoel is, e.d.m. Want onthou: streektaal is ook meesal enigsins **gemeensaam,** sodat 'n mens met die ongepaste gebruik daarvan mense kan laat lag of hulle aandag aflei waar jy juis nie wil hê dat hulle lag of afdwaal nie.

## Opdrag

1. *Vervang alle woorde, woordvorme en uitdrukkinge in die volgende wat streektaal is, deur algemene sinonieme woorde en uitdrukkinge:*
(*a*) Is daar al weer 'n koppie breek?

(*b*) Hoelike meel is dit dan tog dié?
(*c*) Hier was darem mens lank gewees met die laaste groot kerk.
(*d*) Daar is geen inkelte mens wat dit weet nie.
(*e*) Moenie so met die kop saam stamp soos 'n bok nie.
(*f*) Ek ken hom: dis die nimlike man wat verlede week ook hier was.

2. *Skryf 'n brief aan 'n ou maat wat vroeër saam met jou op dieselfde plek gewoon het en vertel hom (haar) lewendig van (a) skoolmoleste by julle, of (b) voorvalle by 'n jagtery, of (c) enige plaaslike nuus, en gebruik soveel moontlik woorde en uitdrukkinge van julle dorp of distrik. Moenie styf wees nie – dis 'n persoonlike brief.*
3. *Skryf nou die brief van Oefening 2 oor, maar nou aan 'n oud-onderwyser(es) wat elders woon.*

## F. VERKLEINWOORDE EN GEVOELSWAARDE

### Kleinheid en Grootheid

Dit is twee van die gewone waardes van verkleinwoorde: kleinheid soos in **seuntjie, lepeltjie,** en grootheid? Grootheid word aangegee deur 'n klein(er) ding met 'n grotere te vergelyk en dan die verkleinvorm van die grotere se naam te gebruik, bv., wanneer 'n groot geweer **'n jong (of klein) kanonnetjie** genoem word, of 'n groot kuiken 'n **jong volstruisie,** 'n (te) groot spyker 'n **klein (of jong) koevoetjie,** 'n groot aartappel 'n **jong (of baster) patatjie.**

Moeders gebruik soms ongewone verkleinwoorde teenoor kinders, bv. werkwoorde, soos in „Liefdes Onsin" van Langenhoven:

„Wie weet hoe ver moet my **kleintie** nog **ganetjies,**
Ver deur die wêreld se kronkels en **gangetjies.**
Bly tog maar **kleinties** en bly dit maar **langetjies.**"

Hieruit blyk ook 'n ander gebruik van verkleinwoorde, naamlik om **gevoelens te dra.** In die alledaagse taal is dit baie gewoon.

Wat sou die **meneertjie** van hom dink? **(Minagting)**
Ag, wat, jou ou **opstelletjie** is niks besonders nie. **(Terg)**
Is dit nie 'n pragtige **rokkie** wat sy aan het nie! **(Bewondering)**
Hier is my **poginkie,** meneer. **(Beskeidenheid)**
Is daar dan nie 'n bietjie **koffietjies** nie? **(Lus)**
Jong, as dié **weertjie** darem nóu losbars! **(Vrees)**
Soetland! maar so 'n **sonnetjie** skyn darem vanoggend lekker. **(Genoeglikheid)**

Daar is min gevoelens wat nie met verkleinwoorde gepaard gaan nie.

### Altyd in die Verkleinvorm

Ons het 'n paar honderd woorde wat **altyd net 'n verkleinvorm het,** soms met 'n bepaalde betekenis:

**kappie** (ê en hoofdeksel)
**middelpaadjie** (in die hare)
**sypaadjie** (in die straat)
**paadjie** (in die kerk)
**boordjie** (van 'n hemp)
**kersie** (soort vrug)
**kuiltjie** (in die wang)
**pluimpie** (kompliment)
**vygie** (blom)
**voetjie-voetjie** speel
**wysie** (van 'n lied)
**sysie** (voël)
**niggie** (behalwe voor 'n naam)
**pruimpie** (tabak)
**mandjie**
**viooltjie** (blom)

| | |
|---|---|
| **sterretjie** (blom) | **biesie** |
| **moffie** (handskoentjie; verwyfde man) | **lootjie** (in 'n lotery). |
| **kommetjie** (om uit te drink) | |

Baie van hulle kan nog 'n ekstra verkleiningsuitgang kry om besondere kleinheid òf gevoelswaarde aan te gee:

| | | |
|---|---|---|
| **kappietjie** | **vygietjie** | **boordjietjie** |
| **kersietjie** | **sysietjie** | **niggietjie** |
| **mandjietjie** | **biesietjie** | **muggietjie.** |

Af en toe gebeur dit selfs met woorde waarvan die onafgeleide woord nog bestaan en dieselfde betekenis het, bv. **broekietjie, beursietjie**; net so 'n klein ou **stukkietjie,** net nog 'n halwe **doppietjie** asseblief, dis net nog so 'n **aksietjie** te kort.

## Spreek- en Skryftaal

„Elke ding het sy tyd," sê die Bybel, ja, en ook dikwels sy plek. Grappige taal, gemeensaam of dialekties, pas nie by 'n begrafnis nie, en begrafnis- of preektaal nie op 'n voetbalveld nie. *Lees die volgende Griekwa-begrafnisrede deur en vervang alle woorde en uitdrukkinge, ens., wat julle laat lag het, deur neutrale of „plegtige" sinonieme:*

> Aitsê, broers en susters, ons sien hoe die Wôrd sê hoe nietag dat die mens is, mar ons wil nie gehôr gewe nie. Ons hou mos vir ons blind. Daar lê klein Kiewiet Karools nou. Geester had hy nog sy nek gelê stan styf hou sôs jong beul (bul); vandag is hy gans geoit (uit), en sô sal dit mar mit oens almal gaan. – (Rademeyer: *Kleurling-Afrikaans.*)

Maar 'n mens kan mos net so plegtig praat ook, d.w.s. in die gewone taal, of hoe? 'n Mens kan, ja, en jy kan ook spreek i.p.v. praat, d.w.s. op ongepaste plekke vernaam en deftig wees. Die werklike verskil tussen spreek- en skryftaal lê dus eintlik in iets anders: **deeglik versorgde sinne, dikwels ook langer sinne, soms die gebruik van minder alledaagse soorte sinne en woorde,** veral ook sogenaamde boekwoorde; **die skryftaal is onpersoonliker, vermy veral ook gemeensame woorde en uitdrukkinge.** Praat mense so onder mekaar, dan gaan dit oor „'n pos probeer kry", jou teenstanders „op hul bas gee", iemand „toesit in 'n argument", oor „die wêreld wat so aanhou sous", maar as dit in koerante gesê moet word, of op vergaderinge, heet dit **„aansoek doen om 'n betrekking, jou teenstanders 'n (gedugte) nederlaag toedien, iemand se argumente ontsenu, oor die langdurige reëns".**

Aangesien amper geen twee sinonieme in die taal altyd presies gelyke waarde het nie, is dit noodsaaklik dat jy moet weeg en oorweeg of wat jy gesê en geskrywe het

(*a*) presies is wat jy bedoel;
(*b*) deur die leser só verstaan sal word;
(*c*) nie die leser sal amuseer waar jy ernstig wou wees nie;
(*d*) nie te deftig is waar jy gemeensaam wou wees nie – of andersom.

## OEFENINGE

*Hierdie werk kan mondeling gedoen word deur voorbeeldsinne.*

1. *Is daar vir jou 'n verskil tussen die volgende* (indien wel, wat?):
   hoekom en waarom, amper en byna, vinnig en snel, stadig en langsaam, werk en arbei, loop en wandel?
2. *Soos die vorige:*
   subskripsie en ledegeld, botanie en plantkunde, eggo en weerklank, distansie en afstand, platform en verhoog, professie en beroep?
3. *Soos die vorige:*
   periode en tydperk, rewolusie en omwenteling, tuberkulose en tering, enjin en masjien, saldo en oorskot?
4. *Gebruik mondeling in sinne om die verskil aan te dui:*
   tabak en twak, bodem en boom, voort en vort, vadere en vaders, tekene en tekens.
5. *Soos die vorige:*
   werk, arbeid, ambag, beroep, amp en roeping; werk, arbei, swoeg; loop, stap, wandel, drentel; stap, draf, trippel, stryk, galop; waggel, struikel, strompel; skyn, blink, glinster, skitter; mooi, skoon, verruklik.
6. *Die volgende is dubbelsinnig of kan op meer as een manier opgevat word. Sê wat die twee of meer betekenisse is:*
   (*a*) Ek verstaan hulle werk goed.
   (*b*) Ons hoor die mense dans.
   (*c*) Ou Piet maak lekker koffie.
   (*d*) Die ou het lang vingers.
   (*e*) Daar is 'n slang in die gras.
7. *Soos die vorige:*
   (*a*) Riemspring.
   (*b*) Die bal mis slaan.
   (*c*) 'n Bok skiet.
   (*d*) Bokveld toe gaan.
   (*e*) Mooi broodjies bak.
8. *Soos die vorige:*
   (*a*) Jy is oor die hond, ou maat.
   (*b*) Smeer hom heuning om die mond.
   (*c*) Laat dit maar links lê.
   (*d*) Ons sal die kastaiings uit die vuur moet krap.
   (*e*) Hy is aan die slaap.
   (*f*) Dis net so lank as wat dit breed is.
   (*g*) Klein muisies het groot ore.
   (*h*) Sy rug is mos breed.
   (*i*) Daar is 'n skroef los.
   (*j*) Sy sit voor op die wa.

## G. WOORDE WAT VERWAR WORD

Woorde soos **presedent** (voorbeeld) en **president** (staatshoof) word dikwels verwar. Hier volg 'n aantal voorbeelde, maar om verdere verwarring te voorkom, word hulle nie bymekaar gegee nie.

Die **sinlike** mens geniet daarvan om sy sinne te bevredig.
As die **formule** reg is, moet alle goeie proewe altyd dieselfde resultaat oplewer.
Hy het 'n **afkeer** van lawwe praatjies.
God **bestier** die weë van almal.
**Lamlendige** mense het self hulp nodig, hulle kan nie bra ander help nie.
Dobbel is teen my **beginsels**, ek doen dit nie.

Al die kinders is **teenwoordig.**
Die man het baie **titels** agter sy naam; die **titel** van 'n boek.
Die vee **wei** in die **laagte.**
Die **kassie** is te klein vir my klere.
Ek **prakseer** hoe ek dit sal doen.
Die **vorm** van die menslike liggaam is mooi.
Daar was 'n hele **aantal** mense.
Ek is 'n **klant** van die winkelier („klandisie" is almal saam).
**Bepaal** jou **by** jou werk (ek **bepaal my by** die belangrikste).
Hy het 'n nuwe land **ontdek** (wat daar was).
Dis nie seker nie; dis maar 'n **gissing.**
Die bobbejaan speel op die berg se **kruin.**
Paul Kruger was **president** van die Transvaal.
Die woord het twee **sillabes** of lettergrepe.
Sit op die wa se **reling.**
Die onkruid tier (groei) hier **welig.**
Lande met kolonies het 'n groter **afset** vir hulle produkte.
Jy moet **eers** wag; dan kan jy kom.
Die **harslag** van die skaap het ons aan die naturelle gegee.
Die **sindelike** vrou hou haar huis baie netjies.
Die doopouers moet na die **formulier** luister.
'n Mens moet jou nie teen die wil van jou vader **verset** nie.
Hy wil alles **afkeur,** sodat jy niks mag doen nie.
Hy **bestuur** 'n firma of 'n motor; die **bestuur** van 'n vereniging.
Die **lendelam** tafel sal gou stukkend wees.
Maak 'n **begin** met jou werk.
Ons volk moet alle **geskille** vergeet en saamstaan.
**Teenswoordig** is die gewoontes anders as vanmelewe.
Dominee sê ons moet geen **tittel** of jota van die Bybel afdoen nie. (Die **tittel** op die i.)
My nooi se vertrek veroorsaak 'n **leegte** in my hart.
Staan op 'n **kissie** om by te kom.
Dr. Hugo **praktiseer** nou op ons dorp.
Hulle druk die boek in groot **formaat.**
Dis swaar om so 'n groot **getal** te onthou.

## H. EEN WOORD VIR BAIE

'n Mens kan soms baie woorde bespaar as jy een woord het wat 'n hele omskrywing kan vervang. Leer die volgende:

Iemand wat hom anders voordoen as hy is, is 'n **huigelaar.**
Iemand wat op ander mense teer, is 'n **parasiet.**
Iemand wat vir vroueregte agiteer, is 'n **feminis.**
Die algemene vergadering van die kerk is die **sinode.**
Die sekretaris van die sinode is die **skriba.**
Die voorsitter van die sinode is die **moderator.**
Iemand wat aan vrede glo, is 'n **pasifis** (in beginsel teen oorlog).
Iemand wat nie in God glo nie, is 'n **godloënaar** of **ateïs.**
Iemand wat twee vrouens aanhou, is 'n **bigamis.**
Iemand wat meer as een vrou aanhou, is 'n **poligamis.**
Iemand wat altyd die blink kant van 'n saak sien, is 'n **optimis.**
Iemand wat altyd die donker kant van 'n saak sien, is 'n **pessimis.**
Iemand met buitengewone talent, is 'n **genie.**
Iemand wat 'n kans gryp as dit kom, is 'n **opportunis.**

Mense wat in dieselfde tyd leef, is **tydgenote.**
Iemand wat van sy rente leef, is 'n **rentenier.**
Iemand wat baie bang is, is 'n **bangbroek** of **lafaard.**
Iemand wat baie waag, is 'n **waaghals.**
Iemand wat my plek inneem, is 'n **plaasvervanger.**
Iemand wat 'n orkes lei, is 'n **dirigent.**
Iemand wat 'n koerant redigeer, is 'n **redakteur.**
Iemand wat ontrou is aan sy land, is 'n **verraaier.**
Iemand wat op wag staan, is 'n **brandwag.**
Iemand wat nie kant kies nie, is 'n **draadsitter.**
Iemand wat slordig is, is 'n **slodderkous.**
'n Mens wat baie lol, is 'n **lolpot.**
'n Mens wat baie nuuskierig is, is 'n **agie.**
'n Mens wat baie windmakerig is, is 'n **windbuks.**
'n Mens wat baie nors en kortaf is, is 'n **buffel.**
'n Vrou wat baie kwaai is, is 'n **geitjie.**
'n Mens wat baie skelm is, is 'n **jakkals.**
'n Mens wat geen sterke drank gebruik nie, is 'n **afskaffer** of **geheelonthouer.**
'n Mens wat geen vleis eet nie, is 'n **vegetariër.**
'n Mens wat sonder kennis dokterswerk doen, is 'n **kwaksalwer.**
Iemand wat sielsiektes bestudeer, is 'n **psigiater.**
Soldate sonder ervaring is **rekrute.**
Soldate met baie ervaring is **veterane.**
'n Dier of mens wat baie groot is, is 'n **knewel.**
Iemand wat kort en dik is, is 'n **buksie.**
Iemand wat baie geset is, is 'n **pokkel.**
Iemand wat te veel eet, is 'n **vraat.**
Iemand wat 'n lokomotief bestuur, is 'n **masjinis.**
Iemand wat 'n skip in die hawe bring, is 'n **loods.**
Iemand wat net ja sê sonder om iets te doen, is 'n **jabroer.**
Iemand met wie jy mense bangmaak, is 'n **paaiboelie.**
Iemand wat gedurig huil, is 'n **tjankbalie.**
Iemand wat 'n firma of maatskappy se boeke nagaan, is 'n **ouditeur.**
Iemand wat jou geld uit jou sak steel, is 'n **sakkeroller.**
Iemand wat in sy ywer te ver gaan, is 'n **heethoof.**
Iemand wat pap en lamlendig is, is 'n **lamsak.**
Iemand wat tot die einde volhard, is 'n **bittereinder.**
Iemand wat net altyd wil geld maak, is 'n **geldwolf.**
Iemand wat prikkelbaar en nors is, is 'n **iesegrim.**
Iemand met wie jy maar versigtig moet werk, is 'n **korrelkop.**
Iemand wat maar dom is, is 'n **pampoenkop.**
Iemand wat daar lelik en gehawend uitsien, is 'n **voëlverskrikker.**
Iemand wat laag van karakter is, is 'n **skobbejak** of **smeerlap.**
Iemand wat sonder voortande is, is 'n **haasbek.**
Iemand wat baie ondeund is, is 'n **platjie.**
Iemand wat baie graag terg, is 'n **terggees.**
Iemand wat baie skinder, is 'n **kekkelbek.**
Iemand wat baie agteraf is, is 'n **takhaar, ghwar (japie, gawie).**
Iemand wat baie kan babbel, is 'n **babbelkous.**
Iemand wat heeldag skrywe, is 'n **penlekker.**
Iemand wat heeldag lees, is 'n **boekwurm.**
Iemand wat heeldag werk, is 'n **werkesel.**
Iemand wat die leier van oproermakers is, is 'n **belhamel.**
Iemand wat baie gelukkig is, is 'n **geluksvoël.**
Iemand wat nog maar so opgeskote is, is 'n **penkop.**
Iemand wat vooruitgang strem, is 'n **remskoen.**

Iemand wat baie stadig is, is 'n **trapsoetjies.**
Iemand wat baie drasties en ekstremisties, is, is 'n **vuurvreter.**
Iemand wat baie suur is, is 'n **suurknol** of **suurpruim.**
Iemand wat aan volksregering glo, is 'n **demokraat.**
Die plek waarop 'n vliegtuig beweeg voor dit opstyg, is 'n **aanloopbaan** of **stygbaan.**
Die plek waar elektriese krag ontwikkel word, is 'n **kragsentrale.**
Die plek waarin 'n mens op 'n skip slaap, is 'n **kajuit.**
Die plek waar lyke veras word, is 'n **krematorium.**
Die plek waarin Mohammedane aanbid, is 'n **moskee.**
Die plek waar predikante opgelei word, is 'n **kweekskool.**
Die plek waar sterrekundiges hulle waarnemings doen, is 'n **sterrewag.**
Die „venster" van 'n kajuit is 'n **patryspoort.**
Die plek waar treine gerangeer word, is 'n **spoorwegwerf.**
Die plek waar ou dokumente bewaar word, is 'n **argief.**

## I. ANTONIEME

Antonieme is woorde en uitdrukkinge wat **teenoorgesteldes van mekaar uitdruk:** dit gaan **goed** of **sleg, maklik** of **moeilik, vinnig** of **stadig.**

### Werkwoorde

| **Stelvorm** | **Antoniem of teenstelling** |
|---|---|
| afslaan (bv. ligte) | aanslaan |
| afslaan ('n hoed se rand) | opslaan |
| waai (die wind) | lê (die wind gaan lê) |
| rys (koek) | slaan neer (toe) |
| sak (die rivier) | styg |
| sak of daal (pryse) | styg |
| krimp (metale of stowwe) | uitsit |
| (in)krimp (van die liggaam) | strek, uitstrek |
| (die goeie) doen (vgl. jou doen en late) | (die kwade) nalaat |
| besmet | ontsmet |
| heilig (ww.) | ontheilig (b.nw.) |
| heilig (b.nw.) | onheilig (b.nw.) |
| aanneem | verwerp |
| beken | ontken |
| bloei | kwyn |
| verbeter | versleg |
| vloei (loop) | stol |
| versnel | vertraag |
| prys | laak |
| seën | vervloek |
| bemoeilik | vergemaklik |
| bevoordeel | benadeel |
| grief | verheug |
| ontstel | kalmeer |
| bystaan | versaak, verlaat |
| bevestig | ontken, weerspreek |
| aanmoedig | ontmoedig |
| afraai | aanraai, aanpor, aanhits |
| beledig | vlei. |

## Byvoeglike Naamwoorde en Bywoorde

| Stelvorm | Antoniem of teenstelling |
|---|---|
| jong wyn | ou wyn |
| soet wyn | droë wyn |
| soet (lemoen) | suur |
| soet (koffie) | bitter |
| wit (suiker) | geel, bruin of swart |
| fyn (brood, meel) | growwe |
| fyn (kaneel) | stukkaneel (of pyp-) |
| egte sy (leer, hars) | kunssy (-leer, -hars) |
| blywend | tydelik |
| selde | dikwels |
| pal | ongereeld, af en toe |
| eenders | verskillend |
| flou (koffie) | sterk (koffie, drank) |
| flou(e) besware | oortuigende, kragtige besware |
| beleef | onbeleef, onbeskof |
| rustig, kalm | onstuimig |
| modern | ouderwets |
| mondeling | skriftelik |
| sportief | onsportief, kenta(g). |

Hier volg nog 'n lysie van teenstellingswoorde van verskillende woordsoorte, waarby meestal nie die sinsverband aangegee word nie (leerlinge moet van elke groepie kan sê hoe of ten opsigte waarvan dit gebruik word):

blondine, brunet;
minimum, maksimum;
werkgewer, werknemer;
waarheid, verdigting;
voorganger, opvolger;
blywend of permanent, tydelik;
weerloos, weerbaar;
met opset, per ongeluk of per abuis;
oorlogsugtig, vredeliewend;
prosaïes, poëties;
tydelike (werk), vaste (werk);
vermetel, nederig of beskeie;
aktief, passief;
bekrompe, ruimhartig of vrysinnig;
beknop, ruim;
gedeeltelik, algeheel of totaal;
geestelik, liggaamlik;
helder lug, betrokke lug;
heldere uiteensetting, duistere uiteensetting;
inkomste, uitgawe;
kriminele (vervolging), siviele (vervolging);
kunsmatig, eg of natuurlik;
letterlike vertaling, vrye vertaling;

lief, leed;
minderheid, meerderheid;
normaal, abnormaal;

erns, luim;
inwendig, uitwendig;
produsent, verbruiker;
vrolik, olik;
wins, verlies;
welslae of sukses, mislukking;
minderjarig, meerderjarig;
optimis, pessimis;
outokraties, demokraties;
stedelik, landelik;
vrypostig, bedees of skroomvallig;
vervreemding, verbroedering;
afdank, aanstel;
behoeftig, welgesteld;
denkbeeldig, werklik;
gedwonge, vrywillig;
helder water, troebel water;
helder(e) verstand, benewelde verstand;
inheems, uitheems;
kleingeestig, grootmoedig;
konkreet, abstrak;
kortstondig, langdurig;
letterlike betekenis, figuurlike (oordragtelike) betekenis;
materialis, idealis;
nalatig, presies of stip;
'n onbekookte plan, 'n weldeurdagte plan;

ouderwets, nuwerwets of modern;
prakties, teoreties;
skriftelik, mondeling;
afstotend (afstootlik), innemend;
behoeftige (mense), bemiddelde of gegoede (mense);
bouvallig, stewig;
eensydig, veelsydig;
heldhaftig, lafhartig;
selfstandig, afhanklik;
oppervlakkig, grondig;
private (telefoon), openbare (telefoon);
enig of uniek, algemeen of alledaags;
aanvanklik, uiteindelik;
beroemd, berug;
doelloos, doelbewus;
eenvoudig, ingewikkeld;
spraaksaam, swygsaam;
enersyds, andersyds;

## Vaste pare teenstellinge

Die antonieme of teenstellinge vorm dikwels vaste pare:

Iemand deur **dik en dun** ondersteun.

Die sensus tel almal, **oud en jonk, arm en ryk, groot en klein, siek en gesond,** maar darem nie **dood of lewend(ig)** nie.

**Kort maar kragtige** toesprake.

**Hot en haar** soek, **heen en weer** loop.

Dis **ly of gly,** ou maat, **buie of bars, vat of laat staan.**

**Van vroeg tot laat, van die wieg tot die graf, van kop tot tone, van bakboord na stuurboord, nou of nooit, selde of nooit** (let op die n), **tydig en ontydig, hoog en laag** (sweer), **vis nog vlees** (wees), **bak en brou.**

**Herwaarts en derwaarts, sus of so, hier te kort en daar te lank.**

## Opmerking

In pare met „of" tussen die dele word dikwels „ofte" gebruik, veral as die uitdrukking spelenderwys of enigsins gemoedelik bedoel word: **Nou ofte nooit, tydig ofte ontydig.** Dikwels is die tweede deel „ofte nie" en die eerste deel enige b.nw. of s.nw.: **siek ofte nie, koud ofte nie, reën ofte nie,** of ook 'n ww.: Of jy nou al daarvan **hou ofte nie,** of hulle nou al sal **huil ofte nie,** ens.

Wesenlik dieselfde soorte vaste pare vind ons waar nie teenstellinge verbind word nie, maar **sinonieme of aanvullinge.** Hulle word dan meestal aangewend om nadruk te lê:

iemand **pimpel en pers** slaan;
**rond en bont** soek;
**kruis en dwars** loop;
**met man en muis** vergaan;
**moord en brand** skree;
**fyn en flenters** breek;
**steen en been** kla;
**van heinde en ver(re)** kom;
**teen wil en dank** moet werk.
**kant en klaar** wees;
van **hoek tot kant** soek;
**hoog en droog** êrens sit;
**kind nog kraai** besit;
**moord en doodslag;**
**in rep en roer** wees;
**deur skade en skande** wys word;
nuus **wyd en syd** versprei;

### OEFENINGE

**1.** *Gee* (i) *antonieme of teenstellingswoorde vir die vetgedrukte woorde en* (ii) *sinonieme vir die woorde tussen hakies in die volgende sinne:*

(*a*) Of hulle nou al **gebrek ly** of .......... .........., hulle is altyd ewe (opgewek).

(*b*) Of dit aan Piet se **nalatigheid te wyte** is of aan Klaas se .......... te .. ......., die hele (voorval) interesseer my (glad nie).

(*c*) Hoe sê jy: **kruis of** ..........? (*kop of stert* is 'n Anglisisme).
(*d*) Dis **ly** of .........., ou maat, **vat** of ..........
(*e*) Liewer **bang** Jan as .......... Jan.
(*f*) (Niemand) verkies die **nagemaakte** bo die .......... nie.
(*g*) As jy weier om dit **vrywillig te doen,** sal jy daartoe .......... word.
(*h*) Pasop, ná **vrolikheid** kom ..........
(*i*) Die **meerderheid** (beslis) wat die .......... moet doen.
(*j*) Geen **werkgewer** hou van (slordige) .......... nie.

2. *Voltooi die volgende sodat dit goeie antonieme of teenstellende pare sal vorm:*
(*a*) helder water, .......... water
(*b*) helder lug, .......... lug
(*c*) 'n growwe leuen, die .......... ..........
(*d*) growwebrood, .......... brood
(*e*) inheemse gewoontes, .......... gewoontes
(*f*) 'n letterlike vertaling, 'n .......... vertaling
(*g*) letterlike en .......... betekenisse
(*h*) 'n openbare telefoon, 'n .......... telefoon
(*i*) jou pas versnel of ..........
(*j*) steun verleen of weerstand ..........
(*k*) 'n goeie slag slaan of .......... .......... ly
(*l*) ondeunde of .......... kinders
(*m*) amper mis of ..........?
(*n*) grootmoedig of ..........

3. *Voltooi:*
(*a*) Dit gaan tussen die boom en ..........
(*b*) Hy sweer hoog en ..........
(*c*) Hulle het lief en .......... gedeel.
(*d*) Die digter sing van die volk se wel en ..........
(*e*) Hy praat altyd goed in erns of ..........
(*f*) Die prille .......... en die gryse ..........
(*g*) Woorde wek; voorbeelde ..........
(*h*) Die mens wik; God ..........

4. *Wat doen 'n:*
spekulateur, masseur, makelaar, kolporteur, kwaksalwer, loodgieter, bloemiste?

5. *Waarvoor gebruik jy 'n:*
peits, karwats, stofsuier, stroper, skaapskêr, stiebeuel, roskam, mikroskoop, teleskoop, 'n blaaslamp?

6. *Gebruik mondeling in sinne:*
eens en eers, welig en weelderig, standerd en standaard, skrap en skraap, brak en braak, swig en swik, rand en rant, frank en vrank, fiets en viets.

## HERSIENINGSOEFENINGE

1. *Skrywe die volgende sinne oor met die korrekte vorm uit die tussen hakies:*
(*a*) (Pyl, peil) na die stoep toe.
(*b*) Sy wil 'n trui (brei, bry).
(*c*) Sy hare is (styl, steil).
(*d*) Hy het alles vir sy volk (veil, feil).
(*e*) Die groen peer is (frank, vrank).
(*f*) Piet is 'n tering (lyer, leier).
(*g*) Hulle het (mild, milt) bygedra.
(*h*) Dis 'n (blyk, bleik) van ons waardering.
(*i*) Die ontdekking is 'n belangrike (fonds, vonds).
(*j*) Hy (vlei, vly) hom op die gras neer.

2. *Gebruik nou die ander woorde in sinne.*

3. *Gebruik ook mondeling in sinne:*
werk, ambag, beroep, roeping; dom, stompsinnig, idioties; blink, skitter, vonkel, flonker; waggel, struikel, strompel; onmeetbaar, onmeetlik; komitee, kommissie.

4. *Gee ander woorde vir:*
dominee, kansel, onderwyser(es), bykans, derhalwe, ietwat, gesigseinder, strydros, ontslaap, hubaar.

5. *Gee ander Afrikaanse woorde vir:*
distansie, dokter, professor, botanie, soölogie, fisika, parlement, applous, meditasie, horison, sirkulêre.

6. *Gee die teenoorgestelde van:*
bevoordeel, bemoeilik, bevestig, maksimum, waarheid, voorganger, optimis, stedelik, tydelik, behoeftig, inheems, inkomste, gebrek, konkreet, letterlik.

7. *Soos die vorige:*
praktyk, mondeling, afstotend, aanvanklik, beroemd, eensydig, heldhaftig, spraaksaam, enersyds, vertroue, intrede, werkgewer.

8. *Voltooi die volgende deur teenstellinge by te voeg:*
(*a*) Ken jy die see met sy eb en ..........?
(*b*) Na olikheid kom ..........
(*c*) Ek weet nie herwaarts of .......... nie.
(*d*) Van die wieg tot aan die ..........
(*e*) Was jou skoon van kop tot ..........
(*f*) „In die songloed van ons somer, ..........."
(*g*) „By die klink van huweliksklokkies, ..........."

9. *Gebruik in sinne:*
'n huigelaar, 'n parasiet, 'n genie, 'n opportunis, 'n kwaksalwer, rekruteer, veterane, vuurvreters, 'n penlekker, 'n beroepsvoorligter, 'n omgang, 'n dubbelganger, 'n lamsak, 'n bittereinder.

10. *Gee een woord vir:*
(*a*) Die voorsitter van die sinode.
(*b*) Die sekretaris van die sinode.
(*c*) Iemand wat baie lol.
(*d*) Iemand wat baie lastig is.
(*e*) Iemand wat baie windmaker is.
(*f*) Iemand wat baie nors en kortaf is.
(*g*) Iemand wat baie nuuskierig is.
(*h*) Iemand wat baie bang is.
(*i*) Die plek waar ou dokumente bewaar word.
(*j*) Die plek waar 'n skilder werk.
(*k*) Die plek van waar uitgesaai word.
(*l*) Die plek waarheen kranksinniges gestuur word.

11. *Gebruik in sinne:*
eens en eers, welig en weelderig, lamlendig en lendelam, afkeer en afkeuring, klant en klandisie, belofte en gelofte, besoek en besoeking, komitee en kommissie, reuk en ruik.

12. *Skrywe oor in meer verhewe Afrikaans:*
(*a*) „Kom perde, laat ons weg wees."
(*b*) 'n Kind wat na sy bakkies kyk, sal begin grens.
(*c*) Piet vry na Sannie. Een van die dae gaan hulle afha(a)k.
(*d*) Hy vlieg toe daar weg en hol vir die vales.
(*e*) „Hou jou smoel of ek dons jou op."
(*f*) „Hy mag met 'n hot poot skop. Jy sê vir my."
(*g*) In hierdie godverlate wêreld is dit net die klomp langore wat nie opvrek nie.
(*h*) Die ou vrou moet opskud met haar rate; anders vreet die luise die hele gespuis op.

**Onthou:** *Korrekte taalgebruik is ons hoofoogmerk.*

HOOFSTUK 14

# Idiomatiese Taal- en Woordgebruik

## A. BEELDSPRAAK EN STYLFIGURE

In die st. 6-boek is verduidelik dat beeldspraak 'n vorm van taaluiting is wat **afwyk** van die **gewone of alledaagse** manier van skryf of praat. In plaas van te skryf:

> Dis rustig en koel, die wind waai nie,
> en die koringhalme staan met effens
> oorhangende are in die stilte van die aand,

druk *C. M. van den Heever* hom so uit:

> Die koelte lê mild op die koring, die
> wind het gaan rus en die halme staan
> vorstelik, met effens geboë hoofde eer-
> biediglik en luister na die komende
> vrede en stilte van die aand.

Hierdie aanhaling is nie 'n blote beskrywing van 'n koringland nie; dit is iets meer: dit gee aan die wind, die koringhalme en die aandstilte **menslike** eienskappe en roep by ons, wat mense is en menslike eienskappe verstaan, 'n sterk beeld op van die rus en vrede van die aand ná (waarskynlik) 'n dag van woel en werskaf.

Ons het hier met **beeldspraak** te doen, want **beelde** word by ons opgeroep, ons **verbeelding** word geprikkel.

Ons tref hierdie **figuurlike taalgebruik** in die werke van alle groot kunstenaars aan. Een boek wat ons almal besit en waarin pragtige beelde voorkom, is die Bybel. Ons noem twee voorbeelde:

1. Die mens – soos die gras is sy dae; soos 'n blom van die veld, so bloei hy. (Psalm 103 : 15.)
2. ..... die berge en heuwels sal voor julle in gejubel uitbreek, en al die bome van die veld in die hande klap." (Jes. 55 : 12.)

Julle kan begryp dat 'n skrywer of digter sterk **emosie** of **gevoel** aan die dag lê as hy skryf soos in die bostaande aanhalings. Ons almal voel soms asof ons ons vreugde of smart wil uitsing of uitsnik, maar het gewoonlik nie die uitingsmiddele nie. Die kunstenaar het die middele en daarom raak hy óns gevoelens met sy beelde.

Die grense tussen **beeldspraak** en **stylfigure** is só vaag dat ons dit nie sal probeer aandui nie. Met stylfigure word ook effek bereik omdat dit ook afwykings is van die gewone praat- of skryfmanier. Stylfigure is dus 'n vorm van beeldspraak.

Uit die baie soorte beeldspraak en stylfigure kies ons 'n paar wat uit die styloogpunt van die grootste belang is.

## B. DIE VERGELYKING

Wanneer 'n skrywer **twee dinge** met mekaar vergelyk omdat hy 'n **ooreenkoms** tussen hulle opmerk, gebruik hy 'n **vergelyking:**

1. Ek hou van 'n daad wat **soos donder slaan.** – (J. Celliers: *Trou*)
2. Piet is so stadig **soos 'n skilpad.**
3. Stil, **soos 'n voël in 'n hok,** sit sy. – (C. M. v.d. Heever)
4. Windlose nag met sy somber geswyg,
   Swart **soos 'n raaf** oor groenende twyg. – (Totius)
5. Jy is **nes 'n skilpad;** roer jou litte!

## C. DIE METAFOOR

In hierdie stylfiguur sien die skrywer ook 'n ooreenkoms tussen twee dinge van verskillende aard, maar hy gee dit nie in die vorm van 'n vergelyking weer nie. Hy kies 'n kortpad, d.w.s. **hy stel die een sommer direk in die plek van die ander.**

'n Paar voorbeelde van metafore is:

1. Piet is **'n werkesel** (i.p.v. Piet werk soos 'n esel – wat 'n *vergelyking* is).
2. Sannie is **'n boekwurm.**
3. Jan is **die sondebok** van die klas.
4. **Blou see** van denne teen die hang . . . . . – (N. P. v. W. Louw)
5. Tant Annie het 'n **skerp tong.**
6. Die wind was **so 'n ou briefie van Johan.** – (Hettie Smit)

Daar is duisende metafore in Afrikaans. Hou net julle oë en ore oop.

## D. PERSONIFIKASIE

Wanneer *die eienskappe van lewende wesens* aan *lewelose voorwerpe* toegeken word, word van personifikasie gebruik gemaak.

Teen vensters gryp geel strooi van reën,
die malvas kwyn tot malvas lig, . . . . . – (D. J. Opperman)
Die daeraad kruip die dieptes uit. – (H. H. Joubert)
O, magtige oseaan, jy uitgestrekte . . . . . – (Wassenaar)
Die blare fluister in die aandwindjie.
Soet deur die lang nag sing die reën;
moflammers sal ek vroeg-Mei speen. – (G. A. Watermeyer)

## E. SIMBOLIEK

Van alle stylhulpmiddele wat skrywers en digters gebruik, is simboliek seker die interessantste. Eintlik behoort ons simboliek nie 'n vorm van beeldspraak of 'n stylmiddel te noem nie, want in ware kuns is dit iets veel diepers.

O, Wilgerboom,
beeld van my skuld!
So naak en ingetoë
is ook my siel,
verarmoed en
so diep terneergeboë!

(Totius)

In hierdie strofe het die digter die ou wilgerboom met sy hangende takke die **simbool** gemaak van sy sondige siel. Hier het ons met **doelbewuste simboliek** te doen, want Totius vergelyk self sy sondige lewe met die wilgerboom en maak self die toepassing.

Die **egte simboliek** is egter **suggestief** en dring eers tot 'n mens deur nadat jy die gedig of prosastuk gelees en herlees het.

In *Winternag* van Eugène Marais word oënskynlik 'n bekende winternagtoneel uitgebeeld, maar in werklikheid het die koue van die nag en die bleekheid van die veld die simbool geword van die digter se verslae gemoed na die neerlaag van sy volk in die Tweede Vryheidsoorlog.

*Die Sekretarisvoël* van Leipoldt is 'n pragtige voorbeeld van simboliek in sy suiwerste vorm:

Sekretarisvoël met jou lange bene
Met jou vaalgrys vere en lang, lang lyf,
Met jou groot, groot oë, wat maak jy hier?

Hierdie gediggie is nie maar net 'n beskrywing van 'n ou lomp, lelike sekretarisvoël wat lyk of hy nie op die aarde tuis voel nie. As 'n mens die gediggie lees en weer lees, dring dit tot jou deur dat die sekretarisvoël simbolies is van die mens se onsekere en tydelike bestaan op aarde. Ook die mens strompel lomp en onbeholpe deur die lewe, want ook hy hoort eintlik nie hier tuis nie en gis ook maar oor sy eindelike bestemming.

*Dit is simboliek in sy suiwerste vorm.*

Miskruier
Ek sal teer vlerkies uit die twee stram
doppe lig en eindelik die klam
gevangenis verlaat – styg bo
die miskoek van die aarde na die vlam.
(D. J. Opperman)

Dink hier aan die digter, wie se gees vrygemaak word uit die aardse gebondenheid deur die beoefening van sy digkuns.

## F. HIPERBOOL

Hiperbool (oordrywing) is die stylfiguur waarin van oordrywing gebruik gemaak word om sterk gevoel uit te druk. As die jongman uitroep:

„Sannie, my liefling, jy is die mooiste meisie **in die hele wêreld!**" dan praat hy hiperbolies.

Die volgende voorbeelde illustreer hierdie stylfiguur verder:

1. Onderwyser aan klas: „Julle is die luiste klomp lummels **wat nog ooit geleef het!**"
2. Het jy nie ore nie? Ek het jou **al honderde male gewaarsku!**
3. In Johannesburg is **hemelhoë** wolkekrabbers.

## G. LITOTES (Verkleining)

Om indruk te maak kan 'n mens na twee kante oordryf: deur te vergroot of te verklein. Die verkleinende oordrywing heet **litotes.**

1. Ons sê soms: „Wag net '**n oomblikkie,** asseblief," maar besef tog dat die „oomblikkie" etlike minute sal duur.
2. „Ek oorhandig aan u 'n **klein blykie** van ons waardering," sê die spreker – maar in werklikheid ontvang die persoon van wie afskeid geneem word, 'n groot geskenk!

## H. EUFEMISME (Versagting)

Die hiperbool vergroot, die litotes verklein en die eufemisme **versag.**

In plaas van te sê: *My pa is verlede nag dood,* druk ons dit sagter uit:

1. My pa het verlede nag **verhuis,** of:
2. My pa het verlede nag **sag heengegaan.**

Ander voorbeelde:

3. Jan is **nie 'n begaafde seun nie,** (in plaas van: Jan is **dom**).
4. Die hoof het 'n **onjuiste bewering gemaak,** (in plaas van: Die hoof het **gelieg.**).

Ons bespreek nie in st. 8 meer vorme van beeldspraak nie. Die wat ons wel bespreek het, kan julle gerus in julle opstelle en briewe probeer aanwend. Die ou **vaal** opstelle (watter stylfiguur is dit?) sal dan tog 'n bietjie meer kleur kry. Pas net op dat julle nie **kunsmatige** beeldspraak aan julle skryfwerk plak nie, want dan word julle werk onnatuurlik en geaffekteerd.

## I. IDIOME

Baie van die idiome wat in Afrikaans bestaan, is niks anders nie as beeldspraak wat in 'n vaste vorm deel van die algemene spreektaal geword het. Die idioom: „Hy is 'n ware Job", is bv. 'n **metafoor** wat beteken: „Hy is net so geduldig soos Job."

Ons verstrek nog twee voorbeelde van idiome wat as **beeldspraak begin het,** maar later **vaste** (geykte) **uitdrukkings** geword het waarin die oorspronklike frisheid en krag van die beeld nie meer gevoel word nie:

1. *Hy staan met die een voet in die graf:* Hy is so na aan die dood asof sy een voet reeds in die graf is.
2. *Hy is bokveld toe:* Hy is na die land waar die ou bok (die duiwel) woon.

Alle idiome het egter **nie** as stylfigure begin nie en verder moet julle nie **idiome, spreekwoorde** en **spreuke** met mekaar verwar nie.

**'n Spreuk,** bv. dié van Salomo en Langenhoven, bevat altyd 'n **sedeles:**

> 'n Opvlieënde man verwek twis, en 'n driftige man is ryk aan oortreding (Spreuke 29 : 22).

**'n Spreekwoord** is 'n stukkie **„waarheid"** of **„wysheid"** wat in die volksmond ontstaan het en wat as 'n algemene waarheid beskou word, bv.:

> Agteros kom ook in die kraal.
> Jou eie honde byt jou die seerste.

**Idiome** kan spreekwoorde en algemene segswyses omvat, maar het gewoonlik 'n **dieper betekenis** wat uit die tradisies, geskiedenis en leefwyse van 'n volk gegroei het.

Sommige van die idiome in ons taal het ons van Nederlands geërf en is **erfgoed;** ander het ons aan ander tale ontleen en is **leengoed;** en nog ander het in Afrikaans self ontstaan en is **eiegoed.**

Onder eiegoed tref ons veral idiomatiese uitdrukkinge aan wat as vrugbare ontstaansgebiede gehad het die *Afrikaanse dierewêreld,* die *jag,* die *ossewa,* die *landbou,* die *veeteelt* en die *spotlus* van die Afrikaner. Oor die *boerdery* sal julle sommer maklik 'n tiental kan opnoem, nie waar nie?

> Vorentoe boer
> 'n Knapsakboertjie
> 'n Tjekboekboer
> Hy plant sy teëstander
> Hy boer deesdae by die nuwe bure
> Hou jou met jou eie boerdery besig
> 'n Plan is 'n boerdery
> Boerematriek

Die lys idiome en spreekwoorde wat volg, is taamlik algemeen bekend en dit sal julle loon om hulle te leer gebruik.

A

| | | |
|---|---|---|
| 'n Mens het niks aan daardie kêrel nie | = | daardie kêrel beteken nie veel nie. |
| Sy aand- en môrepraatjies stem nie ooreen nie | = | hy praat nie altyd eenders nie, hy verander van sienswyse (en is dus onbetroubaar). |
| Hy het twee aangesigte | = | hy is vals, hy doen hom anders voor as wat hy werklik is. |
| So 'n voorbeeldige man staan hoog aangeskrewe | = | die meeste mense dink baie van die voorbeeldige man. |
| Daardie aanval is aan my adres gerig | = | daardie aanval is spesiaal teen my bedoel (al sê hy dit nie openlik nie). |
| Hy lyk afgerem | = | hy lyk moeg en gedaan. |
| Die geslepe ou kalant hou altyd 'n agterdeur oop | = | die geslepe ou vabond reël sake so dat hy nog altyd uit die moeilikheid kan kom. |

| | |
|---|---|
| Op alles maar ja en amen sê | = net maar altyd saamstem en gedwee wees sonder om 'n eie mening te hê en jou man te staan. |
| Die laaste asem uitblaas | = sterf. |
| Die appel val nie ver van die boom nie | = die kind is soos die ouer. |
| 'n Appeltjie met iemand skil (iemand onder vier oë spreek) | = iemand (eenkant neem en) berispe, voor stok kry. |
| In die twis het selfs een van die kinders 'n stuiwer in die armbus (armbeurs) gegooi ('n noot in die psalm gehad) | = een van die kinders het ook iets te sê gehad. |

**B**

| | |
|---|---|
| Op sy baadjie kry (op sy bas kry, streepsuiker kry, riemspring, broek aanpas, verjaar) | = 'n pak slae kry. |
| 'n Baan of bohaai opskop | = 'n lawaai maak („to kick up a row"). |
| Hulle stuur 'n mens van bakboord na stuurboord (van Pontius na Pilatus) | = jy word van die een na die ander gestuur (sonder om iets uit te voer). |
| As jy dink ek sal agter jou aanloop, dan slaan jy die bal ver mis | = jy vergis jou heeltemal as jy dink dat ek agter jou sal aanloop. |
| Julle moet daardie stout seun bandvat | = julle moet streng teenoor daardie stout seun optree (hom kortvat). |
| Piet is been-af op Sannie | = Piet is verlief op Sannie. |
| Jy lyk my vanaand baie bek-af (jou ore hang) | = jy lyk baie moedeloos, min lus vir die lewe. |
| Dat hy in daardie moeilike werk sukses kon behaal, spreek boekdele vir sy bekwaamheid | = dit is 'n bewys van sy bekwaamheid dat hy die sukses kon behaal. |
| Jy het verbrou (verbrui) en nou wil jy mooi broodjies bak (flikflooi) | = jy het verkeerd gehandel en nou wil jy dit met mooi woordjies en maniertjies weer regmaak. |
| Ek laat my nie met 'n blaas ertjies op loop ja nie (ek skrik nie vir koue pampoen nie) | = ek word nie so maklik bang nie. |
| Hy steek (stoot) vir almal blad | = hy groet almal met die hand. |
| Honde wat blaf, byt nie | = vir mense wat so baie praat, raas en dreig, hoef jy nie bang te wees nie (hulle sal niks maak nie). |
| In die land van die blindes is eenoog koning | = onder dom en onkundige mense het die een met net so 'n bietjie kennis en bekwaamheid baie invloed. |
| Waar bloed nie kan loop nie, daar kruip dit | = 'n mens help familie baie geredeliker as ander mense. |
| 'n Saak blou-blou laat (links laat lê) | = aan 'n bepaalde (dikwels lastige) saak geen aandag gee nie, dit nie aanraak nie. |
| Hy het veertien dae op die dorp gebly vir die boerematriek. | = hy het veertien dae op die dorp gekatkiseer om as lidmaat aangeneem te word. |
| Met so 'n groot skuld sal hy bokerf (noustrop) trek | = hy sal baie swaar kry met so 'n skuld. |
| Hy is in die bol gepik; hy het 'n streep of 'n krakie of 'n klap van die windmeul weg; hy het nie al sy varkies op hok nie; hy is (van lotjie) getik, met die maan gepla, nie by sy (volle) positiewe nie | = hy is nie by sy volle verstand nie. |

Iemand om die bos of tuin lei (of loop = iemand uitoorlê, flous, fop, bedrieg.

Dit is botter by die vis = kontant (betaal).

Sy ouers het dit nie breed nie = hulle is arm of behoeftig.

'n Ander man se boeke of briewe is duister om te lees = dit is baie moeilik om 'n ander se sake (veral geldsake) te beoordeel.

## D

Daar sal dadels van kom = daar sal niks van kom nie.

Sy onvriendelikheid is vir my 'n doring in die vlees (in die oog) = dit hinder of irriteer my baie.

Daardie knaap is nog nie behoorlik droog agter die ore nie (sommer nog 'n snuiter of 'n kuiken) = hy is nog maar 'n kind.

Sy soort is maar dun gesaai = daar is maar min van sy soort.

Ledigheid is die duiwel se oorkussing = ledige mense doen geredelik kwaad.

Jy moet die duim op sy keel hou = jy moet goed toesig oor hom hou, hom streng behandel.

Hy kan vreeslik dennekwaste (balke, groen hout) saag = hy kan geweldig snork.

## E

Jy praat verniet met hom; dis water op 'n eend se rug = dit help niks.

Liewer 'n halwe eier as 'n leë dop = liewer 'n gedeelte van iets as heeltemal niks.

Die elmboog lig (vir langnekkaatjie soen, die mannetjie met die kurkhoed soen, 'n hotnotjie doodslaan) = sterk drank gebruik (gewoonlik te veel).

Na die vleispotte van Egipte terugverlang = terugverlang na vroeër en beter dae, toe alles nog aangenaam en volop was.

## F

Sy flikkers maak of gooi (hom latjiebeen hou, sy vlerk sleep) = hy begin aan meisies baie aandag gee; hy is hoflik, sjarmant teenoor hulle.

## G

Ganse of skape aanja (twee rye spore loop, hy het deur die wingerd geloop, hy is aan of aangeklam of stukkend of hoog veertien of gebraai, hy het tiermelk gedrink, die korrels werk) = hy is dronk of beskonke.

My vriend het my 'n gat in die kop gepraat = my vriend het my omgehaal om dit te doen.

Die geel pak of geel baadjie aanhê = jaloers wees.

Almal het saam kwaad gedoen, maar nou moet ek alleen die gelag betaal (spit afbyt) = almal het saam geniet en nou word ek alleen verantwoordelik gehou, nou moet ek alleen boet.

Ou Poon eet genadebrood = ou Poon is te oud om te werk en kry nou verniet kos.

Wie in gla(a)shuise woon, moenie met klippe gooi nie = moenie ander mense kritiseer, as jy dieselfde fout het nie.

Ons het nie gras onder ons voete laat groei nie = ons het sonder versuim te werk gegaan.

## H

| | | |
|---|---|---|
| Daar sal geen haan na kraai nie | = | niemand sal ooit daarvan praat nie, ondersoek instel nie. |
| Baie honde is 'n haas se dood | = | niemand is op die duur teen 'n oormag bestand nie; (ook) as daar baie mense is, kom die grootste stuk werk naderhand klaar. |
| Hy is 'n haantjie | = | hy hou hom parmantig, grootman. |
| Sy sal nie haar hande in kou water steek nie | = | sy doen niks, help nie met die werk nie. |
| Ek wil dit graag doen, maar dis onmoontlik; ek kan nie yster met hande breek nie | = | ek kan nie onmoontlike dinge doen nie, soveel uitrig nie. |
| Die een hand was die ander | = | ons help mekaar; deur my te help, raak jy ook geholpe. |
| Jy kan darem maar nie daardie flukse kêrel se hand by die werk hou nie | = | jy kan in die werk nie met hom tred hou of so goed as hy werk nie. |
| Hy maak daar nie hond haar-af nie | = | hy voer daar niks uit nie. |
| Ons is darem al oor die hond | = | die grootste en moeilikste deel van die werk is klaar. |
| Nie om die hondjie nie, maar om die halsbandjie | = | jy doen dit om 'n ander rede as dié rede wat jy voorgee. |
| Waar die hart van vol is, loop die mond van oor | = | jy praat graag oor dinge waaraan jy gedurig dink. |
| Moenie van jou hart 'n moordkuil maak nie | = | sê wat jy voel en dink, moet dit nie verkrop nie. |
| Die hoof kan doen wat hy wil, want hy het die hef in die hande | = | hy het al die mag. |
| Ons het hemel en aarde beweeg | = | ons het besonder baie moeite gedoen, alles in ons vermoë gedoen. |
| Hy bedoel dit nie; hy smeer jou maar heuning om die mond (hy gebruik die heuningkwas) | = | hy vlei jou maar. |
| As jy haar kry, kan jy jou hoed agterna gooi | = | jy kan baie bly en dankbaar wees as jy haar kry. |
| As jy 'n hond wil slaan, kry jy maklik 'n stok | = | as jy iemand wil kritiseer of benadeel, sal jy maklik 'n fout ontdek. |
| Honger is die beste kok(sous) | = | as jy honger het, smaak alle kos lekker. |
| Die kinders het die huis op horings geneem | = | hulle het baie geraas. |
| Die verowerde volk het houthakkers en waterputters geword | = | hulle het diensknegte van die oorwinnaars geword. |

## I

| | | |
|---|---|---|
| Iemand inklim | = | iemand slegsê. |
| Ek kan nie vir die waarheid daarvan instaan nie | = | ek kan nie waarborg dat dit waar is nie. |

## J

| | | |
|---|---|---|
| As jy dit nie weet nie, is jy 'n vreemdeling in Jerusalem | = | dit is vreemd dat jy hierdie ding nie weet nie; almal weet dit dan. |
| Nou staan elkeen vir sy eie jukskei | = | elkeen moet nou maar self vir sy deel verantwoordelik wees. |

## K

| | | |
|---|---|---|
| Die kalf is verdronke (die koeël is deur die kerk) | = | ongelukkig is dit nou al klaar gedoen (en dit kan nie meer verander word nie). |
| Hy is nie onder 'n kalkoen (skilpad, volstruis) uitgebroei nie | = | hy is nie so dom of onkundig soos hy lyk nie. |
| Hy moet altyd vir sy maats die kastaiings uit die vuur krap | = | hy moet die moeilike, onplesierige werk doen; hy moet die moeilikheid oplos hoewel ander ook daarby betrokke is. |
| Soveel van iets weet soos 'n kat van saffraan | = | hoegenaamd niks van iets weet nie. (*Noem nog soortgelykes.*) |
| Daardie kêrel is nie 'n kat(jie) om sonder handskoene aan te pak nie | = | hy is 'n gedugte, gevaarlike teenstander. |
| Hy kan lelik knoop | = | hy vloek baie. |
| Saans is my broertjie ka(a)tjie van die baan | = | saans is my broertjie vrolik, opgeruimd, lewenslustig; dan het hy baie te sê. |
| Ek kan nie in sy skaduwee staan nie | = | hy oortref my ver. |
| Dis vir my 'n klap in die gesig | = | dis vir my 'n baie groot belediging. |
| Dit het nie sonder klere skeur gegaan nie | = | dit het baie moeilik gegaan. |
| Help my; dan sal ek vir jou ook weer 'n klip uit die pad rol | = | ek sal jou ook weer 'n guns bewys. |
| Hy het die klok hoor lui, maar weet nie waar die klepel (bel) hang nie | = | hy weet net so 'n ietsie van die saak, maar die eintlike wese of kern begryp hy nie. |
| Die Piet kan darem kluitjies bak (verkoop) | = | Piet kan baie lieg. |
| Die kêrel is kortgebonde, kort aangebonde, kort van draad (sy hempie is kort) | = | hy word gou kwaad. |
| Ek het my kop in 'n bynes gesteek | = | ek het my in 'n moeilikheid gedompel. |
| Die skelm kêrel het my lelik knop gesteek (gesit) | = | hy het my gekul, bedrieg. |
| Jy sal daar kaal van afkom | = | jy sal verloor, die slegste daaraan toe wees. |
| As jy so praat, is jy die kluts kwyt (die spoor byster) | = | jy verstaan die saak nie, jou opvatting is glad verkeerd. |
| Kommandeer jou eie honde en blaf self | = | doen jou werk self; moenie my beveel nie. |
| Julle sal met die kous op (oor) die kop terugkom | = | julle sal verloor. |

## L

| | | |
|---|---|---|
| Die huis staan in ligtelaaie | = | die huis is aan die brand. |
| Moenie jou lyf so wegsteek nie | = | help 'n bietjie meer met die werk. |
| Sy het 'n laaistok ingesluk | = | sy is styf, ongesellig, stuurs. |
| Hy het die leeuedeel (leeueaandeel) gekry | = | hy het die grootste gedeelte gekry. |
| Ek het lont geruik en toe maar laat vat | = | ek het onraad gemerk en toe maar weggegaan. |
| Sy het lang vingers | = | sy steel graag. |
| Lepel in die dak steek (afklop, jou doppie klap, bokveld toe gaan, die moord steek) | = | doodgaan. |

## M

| | | |
|---|---|---|
| Kom ons gaan die inwendige mens versterk | = | kom ons gaan eet. |
| Julle moet sy mond snoer | = | doen iets wat hom sal laat stilbly. |

As die muis dik is, is die koring bitter = as 'n mens genoeg geëet het, begin jy soms met die kos fout te soek.

Jou mond verbypraat (verbrand) = iets sê wat jy nie moes gesê het nie, 'n glips maak.

Die muis het 'n stertjie = daar skuil nog iets agter, dit sal nog 'n nasleep hê.

Klein muisies het groot ore = klein kinders luister fyn (pas dus op wat jy sê).

Jy kan daardie skuld maar op jou maag skrywe (en met jou hemp doodvee) = jy sal dit nie kry nie.

Hy is nie op sy mond geval nie = hy is gou met 'n antwoord, gevat, wel ter tale.

## N

Ná die droogte het die sprinkane die arme boer die nekslag toegedien = die sprinkane het hom gebreek, verpletter, te gronde laat gaan.

Hy het die snuf in die neus gekry = hy het iets daarvan te hore gekom.

Dit is nou neus(ie) verby met hom = hy kan dit nou nie meer regkry nie; dis te laat.

Wie sy neus skend, skend sy aangesig = wie van sy eie mense kwaad praat, tas homself aan.

## O

Dit is olie op (in) die vuur = dit vererger die saak.

Sy begin al oor die onderdeur loer = sy begin in kêrels belang stel.

Die skelm het my onderdeur gespring = hy het my bedrieg, gefop, gekul.

Hy laat die ore hang = hy verloor die moed.

Die winkelier het ons die vel oor die ore getrek. = hy het ons te veel laat betaal.

Van die os op die esel, van die os op die jas = (gesê as die onderwerp van die gesprek verander word).

## P

Moenie jou pêrels voor die swyne werp nie = moenie aan mense iets sê wat dit nie kan waardeer nie.

Jy kan nie jou ouma die paplepel leer vashou nie = moenie iemand leer wat baie meer van die saak weet as jy nie – iemand wat baie meer ervaring het nie.

'n Gegewe perd moet jy nie in die bek kyk nie = moenie 'n present kritiseer nie, al is dit vol foute.

Dit was vir my 'n bitter pil = dit was vir my moeilik om te glo, deur te maak, te doen.

Jy kan nie van 'n padda vere pluk nie (bloed uit 'n klip tap nie) = jy kan nie van iemand wat nie kan betaal, geld kry nie.

## R

Die rieme neersit (die takke insit, die knieë dra, die wêreld skeur, laat spaander, laat spat) = weghardloop.

Rome is nie in een dag gebou nie = 'n groot werk kry jy nie so meteens klaar nie.

Verheug jou nie in 'n dooie rot nie = moenie bly wees oor iets wat tog nie gaan gebeur nie.

Pak maar op; sy rug is breed = gee hom maar baie verantwoordelikheid, gee hom maar al die skuld – hy is sterk genoeg om dit te dra.

## S

Daardie man is uit die saal gelig = hy is uit sy pos of betrekking.

'n Mens moet eers 'n sak sout met iemand opeet = 'n mens moet lank met iemand saamlewe (baie met iemand deurmaak) voor jy hom ken.

Meng jou met die semels, dan vreet die varke jou = as jy met slegte geselskap omgaan, moet jy van ander dieselfde behandeling verwag wat hulle gewoonlik teenoor daardie geselskap openbaar.

Siepsous (siepsop) en braaiboud gee = 'n pak slae gee.

Skoenmaker, hou jou by jou lees = bepaal jou by jou vak of gebied, die dinge waarvan jy iets weet.

Hy weet waar die skoen druk = hy weet in watter opsig hy swaar kry.

Dis 'n goeie sluk op die bottel = dis 'n hele ent gevorder.

Met snaar en stramboel (tamboer); met dapper en stapper = te voet.

Hy kan nie sien dat die son in 'n ander se water skyn nie = hy is afgunstig, jaloers.

Maak gou: die son trek water = maak gou; dit word laat.

Daar lê hy vier stewels in die lug = hy val hard.

Ek sal daar 'n stok voor steek ('n stok in die wiel steek) = ek sal verhinder dat jy dit regkry.

Sy sit op die stopland (stoppelland, bakoond of rak; sy is bokwagter) = sy is 'n oujongnooi.

Hy vlieg maar saam met die swerm = hy gaan maar met die meerderheid saam (en het nie sy eie mening of volg nie sy eie gedragslyn nie).

## T

Hy eet met lang tande (hy eet langtand) = hy eet teensinnig, dit lyk of hy nie honger is nie, sy kos nie geniet nie.

Sy laat nie op haar tone trap nie (op haar kop sit nie) = sy staan haar man, sy is parmantig en is gesteld op haar regte.

Die beste touleier sit op die voorbok (die beste stuurlui staan aan wal) = die mense wat niks in verband met die saak doen nie, kan die beste kritiseer en sê hoe iets gedoen moet word.

Ons moet tred hou met die tyd = ons moet met die tyd saamlewe en vooruitstrewend wees.

Trou is nie perde koop nie = trou is 'n ernstige saak.

Jy praat twak = jy praat onsin.

Jou twak is nat = jy gaan die ding wat jy wil doen, nie regkry nie.

## U

Hulle het ons ver uitgestof = hulle het maklik gewen.

Middae ná die ete is dit lekker om 'n uiltjie te knap (knip) = middae ná die ete is dit lekker om 'n bietjie te slaap, dut.

Piet het alles uitgelap (uitgeblaker); met die hele mandjie patats uitgekom = Piet het die hele geheim verklap.

## V

Jy moet uit sy vaarwater (vaalwater, kraal, vonke) bly = jy moet hom nie dwarsboom nie, uit sy gebied bly.

| | | |
|---|---|---|
| Jy pronk met geleende vere (ploeg met 'n ander se kalf) | = | jy gebruik iets van 'n ander (bv. werk) en maak asof dit jou eie is. |
| Gee hom die vinger, dan neem hy die hele hand | = | hy maak van jou goedheid misbruik en wil steeds meer hulp (of voorregte of iets dergeliks) hê. |
| Jy lê nou die vinger op die wond | = | jy sê nou presies waar die moeilikheid is. |
| Ek het besoek gaan aflê en sommer inkopies gedoen; op dié manier het ek twee vlieë in een klap geslaan | = | deur een daad het ek feitlik twee dinge gedaan gekry. |
| Die bakleiery by die sportbyeenkoms was 'n vlieg in die salf | = | die bakleiery het die geleentheid wat anders baie aangenaam was, bederwe. |
| Ek het 'n voëltjie hoor fluit ('n windjie hoor waai) | = | ek het so iéts daarvan gehoor (maar ek het geen besonderhede nie). |
| Ek weet nie hoe die vurk in die steel sit (steek) nie | = | ek weet nie wat die ware toedrag is nie. |
| Die vere maak (nie) die voël (nie) | = | die klere maak (nie) die mens (nie). |
| Iemand (voor)haak | = | aan iemand geld leen. |

**W**

| | | |
|---|---|---|
| Daardie kind is baie voor op die wa | = | daardie kind is baie vrypostig, voorbarig. |
| So 'n lui mens sal nie warm by die water kom nie | = | so 'n lui mens sal nie te veel werk nie. |
| Ons bure sit daar warmpies (goed) in | = | ons bure is welgesteld. |
| Hulle het maar Gods water oor Gods akker laat loop | = | hulle het die sake maar die gewone loop laat neem, geen moeite gedoen om dit te verander of verbeter nie. |
| As julle hom kaptein maak, maak julle wolf skaapwagter | = | julle gee nou die skelmste, die ondeundste, die onbetroubaarste, die meeste mag en reg; julle maak hom die baas. |
| Hy is 'n wolf in skaapsklere | = | hy doen hom goed voor, maar innerlik is hy sleg. |

**Y**

| | | |
|---|---|---|
| Smee (slaan) die yster solank dit heet is | = | doen dit dadelik; pak die saak nou aan, solank dit nog vars in die geheue is (solank daar 'n goeie kans is). |

## HERSIENINGSOEFENINGE

1. *Verduidelik in ongeveer vyf reëls wat met* **simboliek** *bedoel word.*
2. *Skryf voorbeelde neer van:*
   (*a*) 'n Vergelyking; (*b*) 'n Metafoor; (*c*) Personifikasie.
3. *Verduidelik met voorbeelde die verskil tussen:*
   (*a*) Hiperbool; (*b*) Litotes; (*c*) Eufemisme.
4. *Skryf uit die volgende sinne voorbeelde neer van personifikasie, eufemisme, vergelyking, hiperbool en litotes:*
   (*a*) My pa het eeue gewag voor hy my sakgeld gestuur het, en toe was dit maar 'n nietige ou bedraggie van R50.
   (*b*) Tant Sannie het gister ontslaap.
   (*c*) Vandag voel ek so siek soos 'n hond.
   (*d*) Die telefoondrade sing 'n treurige deuntjie in die sterk noordebries.
5. *Wat beteken:*
   dennekwaste saag, nog nie droog agter die ore wees nie, die hef in hande hê, 'n vlieg in die salf, iemand voorhaak?

6. *Skrywe idiome neer met die volgende betekenis:*
dis 'n belediging, lief wees om te steel, hulle gaan trou, baie swaar kry, jaloers wees.
7. *Skrywe vyf idiome neer wat „dronk wees" en vyf wat „mal wees" beteken. Skrywe vyf idiome neer wat aan die ossewa herinner en vyf wat aan die Bybel herinner.*
8. *Hoe het die volgende volgens jou mening ontstaan:*
hy trek noustrop, hy is 'n remskoen, sy loer oor die onderdeur, hy ja ganse aan, die druiwe is suur?
9. *Voltooi die volgende:*
die kluts .......... wees, hy ploeg met 'n ander se .........., dis 'n goeie .......... op die bottel, klein muisies het groot .........., verheug jou nie in 'n dooie .......... nie.
10. *Gebruik die volgende in die regte verband:*
jy moet my voorhaak, 'n voorslag in die werk, die klein kindjie drink alles in, sy kan nie vark vang nie, jy kan jou hoed agterna gooi, die son trek water, slae is jou voorland, deur die smeltkroes gaan.
11. *Soos die vorige:*
die kleure vloek teen mekaar, iemand uitlooi, iets uitblaker, 'n treurige figuur slaan, 'n toon aanslaan, sy woorde was nog nie koud nie, jou hand in jou eie boesem steek, daar is geen huis met hom te hou nie, iemand die mond snoer, hand bysit, jou hand aan die ploeg slaan, iemand in die pad steek.
12. *Wie of wat of hoe is:*
'n luistervink, 'n tronkvoël, 'n voëlverskrikker, Mammon, Bacchus, Morpheus, Apollo, 'n Jobstyding, 'n Jobstrooster, 'n Gideonsbende, die skip van die woestyn, die tafele van God?

HOOFSTUK 15

# Toetsoefeninge en Vraestelle

## A. DIE EKSAMEN

Die toetsoefeninge en vraestelle in hierdie hoofstuk is bedoel om leerlinge te help met hulle voorbereiding vir die Junior Sertifikaat-eksamen. Die eerste groep oefeninge is só gerangskik dat afdelings van die leerplan wat remediëring vereis, maklik getoets kan word. Die tweede groep (Gemengde Toetsoefeninge) dek alle afdelings van die leerplan volledig.

Die vraestelle wat ingesluit word, verteenwoordig die Kaaplandse eksamenvereistes vir taal- en stelwerk, maar sluit ook goed aan by dié van die ander provinsies. In Kaapland is die puntetoewysing soos volg:

| | |
|---|---|
| *Eerste Vraestel, Deel* 1 | 2 *uur* |
| Opstel | 40 punte |
| Twee briewe | 40 punte |
| Totaal | **80 punte** |
| *Eerste Vraestel, Deel* 2 | 2 *uur* |
| Begripstoets en algemene taalvrae | **160 punte** |
| *Tweede Vraestel* | 2 *uur* |
| Voorgeskrewe werke | **160 punte** |

Die Kaaplandse leerplan bepaal verder soos volg:

(*a*) Tussen die twee afdelings van die eerste vraestel moet 'n pouse van minstens 15 minute wees.

(*b*) Leerlinge moet in 'n mondelinge toets oor mondelinge werk slaag. 'n Minimum van 40 persent word in die mondelinge eksamen vereis.

## B. TOETSOEFENINGE ONDER HOOFDE GERANGSKIK

### MONDELINGE WERK

**1.** *Gee die volgende gesprekke weer:*
- (*a*) Tussen twee leerlinge wat 'n maat 'n lelike streep getrek het.
- (*b*) Tussen twee maats oor Saterdag se rugbywedstryd (netbal-, hokkie-, tennis- of krieketwedstryd).
- (*c*) Tussen 'n loods en 'n matroos wat mekaar die eerste keer ontmoet.
- (*d*) Tussen mejuffrou 1910 en mejuffrou 1970.
- (*e*) Tussen twee seuns (meisies) van skole wat mekaar kwaai opponeer.

**2.** *Hou 'n kort bespreking oor:*
- (*a*) Die verderflike invloed van die pers.
- (*b*) Hoe om leeslus by kinders te bevorder.
- (*c*) Die verfraaiing van die skoolterrein.
- (*d*) Moderne modes.
- (*e*) Skoonheidswedstryde.

**3.** *Debatteer oor die volgende:*
- (*a*) Ouers behoort vir hul kinders se onderwys te betaal.
- (*b*) Vroue is in elke opsig die man se gelyke.
- (*c*) Die doodstraf behoort afgeskaf te word.
- (*d*) Suid-Afrikaners volg glad te maklik uitheemse gebruike na.
- (*e*) Suid-Afrikaanse ouers is te veel uithuisig.

4. *Maak kort aantekeninge en praat dan vyf minute oor:*
(*a*) Die wonder van Afrikaans.
(*b*) Maniere om die onderwys interessanter te maak.
(*c*) My toekomstige beroep.
(*d*) Ons dorp.
(*e*) Die geskiedenis van ons skool.

## SKRIFTELIKE WERK

1. *Skryf 'n opstel van ongeveer* 40 *reëls oor een of meer van die volgende:*
(*a*) Daardie rit met ons ou tjorrie.
(*b*) My eerste rit in 'n vliegtuig of op 'n boot.
(*c*) Daardie gesellighed van ons.
(*d*) Hy (sy) het nie geweet ek staan agter die gordyn nie.
(*e*) Herfs.
(*f*) 'n Slang! 'n Slang!
(*g*) 'n Boek wat elkeen behoort te besit.
(*h*) Daar behoort sterker teen padvarke opgetree te word.
(*i*) Hoede.
(*j*) Dogters (seuns) bestee hul tyd nuttiger as seuns (dogters).
(*k*) Sportskrywers beïnvloed die keuse van Springbokspanne.
(*l*) Hoe meer haas, hoe minder spoed.
(*m*) My ondervindinge as assistent(e) in 'n basaarwinkel tydens die somervakansie.
(*n*) In die wagkamer van 'n spoorwegstasie.
(*o*) 'n Onvergeetlike motorrit.
(*p*) As ek kon kies . . . . .
(*q*) Karakters wat ek teëkom op pad skool toe.
(*r*) Was die „goeie ou tyd" werklik „goed"?
(*s*) 'n Ontydige niesbui . . . . .
(*t*) In die stadstuin (of openbare park) tydens die etensuur.
(*u*) Die mooiste plek wat ek ken.
(*v*) Kuiergaste.
(*w*) My ou pen.
(*x*) Hoe ek my sakgeld verdien.
(*y*) „Vang die skelm!" Beskryf wat gebeur het.
(*z*) Soorte straf op skool – soos ons leerlinge dit sien.

2. *Skryf 'n brief van* 15 *tot* 20 *reëls oor een of meer van die volgende onderwerpe:*
(*a*) Verduidelik aan jou ouers waarom jy besluit het om 'n derde taal en wiskunde te kies wanneer jy in st. 9 kom.
(*b*) Vertel 'n maat van 'n onlangse motortoer.
(*c*) Bedank 'n oom of tante vir 'n verjaardaggeskenk.
(*d*) Vertel 'n penmaat van jou kamermaat in die koshuis.
(*e*) Jy is per posboot op pad na Europa. Skryf van die boot af 'n brief aan 'n vriend(in) waarin jy een en ander oor die seereis vertel.
(*f*) Jy is 'n Hollandse immigrant wat so pas in Tafelbaai aan wal gestap het. Deel jou eerste indrukke in 'n brief aan 'n familielid in Holland mee.
(*g*) Jou skool wil 'n vakansietoer vir die leerlinge reël. Vra jou ouers se verlof om die toer mee te maak en verstrek die nodige besonderhede.
(*h*) Jy het dringend 'n bedrag ekstra sakgeld nodig vir 'n bepaalde doel. Skryf aan jou ouers.
(*i*) Jy het 'n mooi klein radiotoestel van jou ouers op jou verjaardag ontvang. Skryf 'n gepaste dankbrief.
(*j*) 'n Vriend(in) wat 'n Sondagskoolpiekniek moet organiseer, het by jou raad gevra aangesien jy vantevore so 'n taak onderneem het. Beantwoord sy (haar) brief.
(*g*) Bestel sportbenodigdhede van die firma Louw en Basson, Hoofweg 17,

Worcester. Meld alle besonderhede en sluit die bedrag wat die sportgoedere kos, in.

(*h*) Skryf aan die plaaslike posmeester en rapporteer dat julle telefoon defek geraak het.

(*i*) Versoek jou vorige skoolhoof beleef om aan jou 'n getuigskrif uit te reik. Verstrek besonderhede oor jou prestasies en sê wanneer jy die bepaalde skool verlaat het.

(*j*) Skryf 'n aansoekbrief in antwoord op die volgende advertensies in „Die Burger":

(i) Verkoopsagent (man of dame) benodig; tweetaligheid 'n vereiste; moet huis-tot-huis-verkope in 'n stedelike gebied behartig. Doen aansoek by: Besondyk en Kie., Posbus 7749, Kaapstad.

(ii) Tikster benodig; vorige ondervinding nie noodsaaklik nie; meld ouderdom, kwalifikasies en vaardigheid in tikwerk. Doen aansoek by: Arkadia-motorhawe, Posbus 4, Klaarwater.

(iii) Junior Sertifikaat-leerling benodig vir algemene kantoorwerk; kennis van boekhou 'n sterk aanbeveling; meld vroegste datum wanneer dienste aanvaar kan word. Doen aansoek by: Oopfontein-boerekoöperasie, Middelstraat 3, Oopfontein.

(*k*) Jy het iets van 'n firma in Johannesburg bestel, maar jou bestelling is verkeerd uitgevoer. Skryf 'n brief aan die bestuurder. Kies self 'n naam vir die firma.

(*l*) Doen aansoek by die Helpmekaarvereniging om geldelike steun vir jou verdere studies. Verduidelik jou omstandighede. Rig jou brief aan: Die Sekretaris, Helpmekaarvereniging, Groote Kerkgebou, Kaapstad.

3. (*a*) Stel 'n plakkaat op om 'n skoolkermis te adverteer.

(*b*) Stel 'n strooibiljet op vir dieselfde kermis.

4. (*a*) Stel 'n amptelike uitnodiging op waarin die burgemeester van jou dorp die landdros en sy gade na 'n noenmaal ter ere van die Eerste Minister uitnooi. Kies jou eie name en adresse.

(*b*) Skryf die landdros se antwoord.

5. (*a*) Stel 'n telegram op waarin jy jou broer in Pretoria gelukwens met die verkryging van 'n M.A.-graad.

(*b*) Stel die kennisgewing op vir 'n sportbyeenkoms wat op jou skool se sportterrein gehou sal word. Verstrek volledige besonderhede soos plek, datum, tyd, inskrywingsgeld, ens., ens.

6. (*a*) Jy teel opregte kapokhoendertjies. Stel 'n advertensie op waarin jy die prys van die hoendertjies meld, asook jou adres, ens. Gebruik jou verbeelding.

(*b*) Skryf 'n brief aan die advertensiebestuurder van 'n koerant waarin jy vra dat jou advertensie geplaas word. Meld wanneer dit geplaas moet word en of dit in die geklassifiseerde kolom of op die hoofartikelblad moet kom.

## BEGRIPSTOETSE

### Let Wel

Voor die begripstoetse gedoen word, behoort leerlinge weer die eerste gedeelte van Hoofstuk 4 te raadpleeg.

1. *Lees die volgende stuk aandagtig deur en beantwoord dan in jou eie woorde in volsinne die vrae wat volg:*

Op die aand van die toefelantat moet al die aandwerkies op Rivierplaas vroeg gewerk word, en ou-Melitie moet vroeg vuur opsteek in die kombuis en vroeg kos maak, want niemand moet laat by die skooltjie aankom nie. Die hele huis en werf voel vir Alie soos 'n groot seeppot wat staan en kook, en almal is soos borreltjies wat vinnig in die rondte hardloop en wip. Te lekker vir Alie, sulke seeppot-aande.

Alie trek haar blou valletjiesrok aan, haar amperkerkrok, haar wit sokkies met die blou strepies en haar bandjieskoene wat met 'n knopie vaskom. Ou-Melitie moet die skoenknopies met die skoenhakie deurhaak, want Alie kan dit nog nie so goed doen sonder om die knopie af te draai nie.

„Jô, ok die bentjie sy word dek, die skoentjie hy wel nie vas nie," sê ou-Melitie en haar kopdoek raak amper aan Alie se skoen.

„As my beentjies eers dik is, sal ek ook nie meer my sokkies swart aankap nie, ou-Melitie?" vra Alie, want daardie aankap is 'n groot ding.

„Haikôna," sê ou-Melitie, „sos die bentjie sy's dek, die kousie ok sy sal wet bly. Nou jy moet môi loop, nonwe Alie, en jy sal vor my kom sê van darrie prent?"

„Alie!" roep tant Lenie. „Kom nou, ons wag al, hoor."

„Tot siens, ou-Melitie," sê Alie, en sy druk gou haar twee koperarmbandjies oor haar vuis en waai vir ou-Melitie so „trienge-rienge" van die deur af. Sy mag hulle mos nie skool toe dra nie, maar vanaand sal sy hulle langs Anna Poen se oor laat raas, vanaand en in die skool.

Tussen al die perdekarre en vasgemaakte ryperde staan twee groot, blink motors wat Alie nog nooit daar gesien het nie. Dis seker die mense wat die prent gebring het. Almal is binne-in die skool, waar die houtmure tussen die drie kamers weggeneem is sodat daar baie plek is. As dit plaaskerk of biduur in die skool is, staan almal nog 'n rukkie buite en praat, maar vanaand is almal binnetoe, want almal is nuuskierig om te sien hoe werk die snaakse masjientjie met die groot lig waarmee die twee vreemde mans werk.

Heel agter in mnr. Bronkhorst se klaskamer staan die ligmasjien en heel voor, waar mej. Jansen vir die kleintjies skoolhou, hang 'n groot, wit laken met 'n swart raam bo en onder, en al die banke staan so dat 'n mens met jou gesig na die laken toe kyk. Maar die snaaksste is vir Alie dat mnr. Bronkhorst en sy vrou saam in 'n skoolbank sit. Voor hulle sit oom Sias en tant Bettie, en sy het 'n lang string krale aan wat tiks-tiks oor die bank sleep elke keer as sy haar omdraai om agtertoe te lag. Oom Jan en tant Lenie gaan sit net regoor hulle, en oom Jan se twee swart stewels kruip soos twee ou swart molle onder die voorste stuk van die bank uit nadat hy hom in die sitplek ingewikkel het. Die skooltjie ruik na pyprook en laventel, en Alie weet dis uit tant Bellie se swart kralesakkie dat die laventel kom. Al die grootmense in die skooltjie se banke lyk vir Alie soos die eetkamer se tafel en stoele en „sideboard" wat eenkeer in die waenhuis gestaan het toe oom Jan 'n nuwe vloer in die eetkamer gesit het.

Alie en Lulu gaan sit waar die ander kinders sit en net agter Anna Poen, want sy wil haar koperarmbandjies aspres laat raas.

„Sal oom Krisjan eers bid?" vra Lulu.

„Toefelantat is mos nie van die Bybel nie," sê Alie. „Hy sal nie hoef te bid nie."

Oom Krisjan het darem sy biduurpak aan en Alie wonder of hy nie dalk maar sal bid nie.

Voor op die tafel en agter op die kaste staan 'n paar lanterns en die skool is so lekker half donker en vol geraas, net soos iets wat 'n mens droom en jy weet die hele tyd dis maar net droom en nie regtig nie. Alie wil nog 'n slag so oor haar hare vee, sommer net dat die armbandjies hard moet raas, maar daar staan mnr. Bronkhorst op en hy klap sy hande 'n slag dat almal moet stilby en dan vertel hy van die prent oor boerdery wat gaan kom om vir almal te wys wat is die regte maniere om te boer. Dan blaas hy die voorste lanterns dood en iemand blaas die agterste lanterns dood en voordat Alie tyd het om nader aan Lulu te sit vir die donker, begin daar sulke snaakse ligkolle en ligstrepies en skaduwees oor die wit laken te val en die ligmasjientjie sê aanmekaar „sji-i-rr, sji-i-rr" daar agter en die een vreemde man sê:

„Ons neem u na plase waar die regte en die verkeerde dinge te sien is, vriende, dan kan u self besluit wat die beste is."

(Uit: *Nuwe Stories van Rivierplaas* deur Alba Bouwer)

## VRAE EN OPDRAGTE

I

(*a*) Waar woon die mense waarvan hier vertel word – in 'n stad, op die dorp of op 'n plaas?
(*b*) Watter aandwerkies moet gewoonlik op 'n plaas gedoen word?
(*c*) Doen die mense dié aand hulle werk net so rustig soos gewoonlik?
(*d*) Wie is ou-Melitie? Hoe weet jy dit?
(*e*) Wil Alie graag hê dat haar beentjies vet moet word?
(*f*) Trek Alie die valletjiesrok ook kerk toe aan?
(*g*) Hou Alie baie van Anna Poen?
(*h*) Hoeveel houtmure was daar in die skool?
Waarom het die skool binne houtmure?
(*i*) Gee net een woord om die rede aan te dui waarom al die mense, sonder om te wag, so gou binnegegaan het?

II

(*a*) Hoe lyk die skoolbanke?
(*b*) Hoe lyk oom Jan?
(*c*) Is tant Bellie se kralesakkie 'n sakkie waarin krale gebêre word?
(*d*) Wat is die Afrikaanse woord vir „sideboard"?
(*e*) Wat is die toefelantat? (Lees die hele stuk deur voor jy die vraag probeer.)
(*f*) Na wie se kant toe lag tant Bettie as sy omkyk?
(*g*) Hoekom moet Oom Jan hom in die bank inwikkel?
(*h*) Wat is die groot wit laken met 'n swart raam bo en onder?
(*i*) Het 'n raam dan nie vier sye nie?
(*j*) Waarom is dit vir Alie so snaaks dat mnr. Bronkhorst en sy vrou saam in 'n skoolbank sit?

III

(*a*) Is Alie 'n frisgeboude dogtertjie?
(*b*) Wie is die bangste, Alie of Lulu?
(*c*) Is Alie lief om te terg?
(*d*) Is haar ouers godsdienstige mense?
(*e*) Is Alie baie oplettend?
(*f*) Is sy lief vir ou-Melitie?

(*g*) Is sy 'n stil, teruggetrokke dogtertjie wat die stilte opsoek?
(*h*) Is sy dom?
(*i*) Sê jy gewoonlik ek werk my huiswerk?
(*j*) Wat gebeur presies wanneer Alie haar sokkies swart aankap?

2. *Soos die vorige:*

DIE VLIEG

'n Opstel, 'n verhandeling, 'n proefskrif, oor die vlieg, begeer jy? Watter vlieg?

„Die algemene vlieg. Of 'n spesiale vlieg. Hierdie vlieg, daardie vlieg, die vlieg wat verby is, die vlieg wat kom. Enige vlieg, al die vlieë. Net soos jy wil."

Nou ja, dan kies ek die algemene vlieg. As ek oor al die ander vlieë moet verhandelinge skryf, sal dit my te lank neem.

Van die algemene vlieg weet ek niks goed om te sê nie. Hy is 'n gemene vlieg.

Ek het 'n maat gehad wat sy lewe lank gebuk gegaan het onder die grief dat aan allerhande goed verkeerde name gegee word. By voorbeeld, die Hollanders sê vir die hoender 'n „kip", pleks dat hulle sê 'n „pik". En 'n vlieg se eintlike naam moes gewees het 'n „sit". Hy vlieg mos nie om te vlieë nie – hy vlieg maar net om weer te gaan sit. As jy hom aan die gang wil hou, sal jy vind dat jy baie gouer moeg word as hy. Want jy sal aanhou met jaag en hy sal aanhou met rus tussen-in.

Die vlieg word volwasse gebore. Nou en dan, by uitsondering, sien jy 'n klein vliegie. Maar dan is hy nie klein van jeugdigheid nie. Nie een wat nog moet opskiet nie. Hy is klein van ouderdom, agteruitgaan en vermaer en uitgeteer. En honger . . . hy sal jou meer sonde aandoen as tien grotes. Jy kry hom nooit in die hande nie – hy weet te veel. Het te vér deur die wêreld gekom. En seer steek? En padgee buite jou bereik! En weer kom? Hy is 'n spesiale vlieg wat gemener is as die algemene vlieg.

Die gewone vlieg wat ons mee te doen het, is 'n bloedjong vliegie, so groot as hy daar is. Hy was gister nie hier nie; hy is vandag hier. Hy is vandag se vlieg. Want gister het jy al gister se vlieë doodgeslaan. Die laaste een. En vandag is hy en die laaste ander een weer hier.

Ek weet nie wanneer die vlieg gebore word nie. In die nag is hy nie bedrywig nie. Gister se vlieë is almal doodgemaak. Vanoggend met die eerste rooidag is die vars klomp by en op jou gesig. Aan hierdie vraagstuk het ek al 'n jarelange wetenskaplike bepeinsing gewy. Ek dink ek sal nog kapabel wees en gee dit op.

Ek het hier in 'n figuurlike sin gepraat van doodslaan. Maar letterlik kry jy nie die algemene vlieg dood nie. Van Salomo se tyd af is die mensdom daarmee besig, en ek sweer daar is vandag meer algemene vlieë as toe die uitroeiing begin het.

Salomo het opgemerk – en wat aan sy opmerksaamheid ontsnap het, was nie die moeite werd om te ondersoek nie – dat 'n dooi vlieg die apteker se salf laat bederwe. Hieroor het die aptekers kwaad geword. Nie oor die

opmerking nie maar oor die waarheid daarvan. En hulle het besluit om die vlieg te verderf, om te verhinder dat hy doodgaan en hulle salf slegmaak. Hulle het allerlei soorte vlieë-gif uitgedink. En die gif het die vlieë ál hoe taaier gemaak.

My apteker-lesers moenie my misverstaan nie. Ek bedoel nie om 'n refleksie te gooi op hulle bekwaamheid om gif te vervaardig nie. Daar is mos nou hier geen sprake van medisyne nie. Juis die sterkte van die gif het die uitwerking gehad om die vlieëras te verbeter. En dit is vir die eenvoudigste begrip duidelik verklaarbaar uit die beginsels van die ontwikkelingsleer van Darwin – die man wat uitgelê het hoe dat ons en die ander bobbejane van een of ander ape-soort afstam.

In elke opvolgende generasie is naamlik juis die vlieë uitgeroei wat die vatbaarste was vir die gif. Hulle het dus geen kroos nagelaat nie – hoe kon hulle dan ook as jy betyds was met jou gif? Die taai vlieë het oorgeskiet en aangeteel. Die volgende geslag van vlieë was dan taaier teen die gif; die volgende weer nog taaier, en so tot vandag toe. Die maatreëls waardeur die algemene vlieg straffeloos gemaak is, het nou deur verskriklik baie geslagte van sy voorsate aangehou, as jy reken dat daar elke dag 'n nuwe geslag van vlieë is. Dus vandag kan jy geen algemene vlieg met gif doodkry nie. Ek twyfel of jy hom met medisyne sou kon doodkry. Hy is baie taaier as 'n mens.

(Uit: *Aan Stille Waters* deur C. J. Langenhoven)

## VRAE EN OPDRAGTE

I

(*a*) Hoe het die aptekers bygedra tot die verbetering van die vlieëras?
(*b*) Wat is die verskil tussen die „klein vliegie" waarvan die skrywer praat en „'n klein kindjie"?
(*c*) Waaraan het die skrywer jarelange se wetenskaplike bepeinsing gewy?
(*d*) Bedoel die skrywer dit letterlik as hy sê dat gister se vlieë almal vandag doodgeslaan is?
(*e*) Wat is volgens die skrywer die dodelikste, gif of medisyne?
(*f*) Darwin, sê die skrywer, is die man wat „uitgelê het hoe ons en die ander bobbejane van een of ander ape-soort afstam". Wat dink die skrywer van ons?
(*g*) Wat is die verskil tussen „'n jarelange wetenskaplike bepeinsing" en „'n jaarlange wetenskaplike bepeinsing"?
(*h*) Wat het **kip/pik** en **vlieg/sit** met mekaar te make?

II

(*a*) Waarom staan die tweede paragraaf tussen aanhalingstekens?
(*b*) Die eerste paragrafie is as 't ware geskryf asof dit 'n antwoord is op 'n versoek. Hoe weet jy dit?
(*c*) Stel nou die versoek op wat aan die leesstuk voorafgegaan het. Jy sal natuurlik die eerste paragrafie sorgvuldig moet raadpleeg.
(*d*) Op watter voet verkeer die skrywer met die persoon wat kamma-kastig die versoek aan hom stel?
(*e*) Probeer die verskil vasstel tussen 'n opstel, 'n verhandeling en 'n proefskrif.
(*f*) Wat skryf die skrywer ten slotte (volgens sy eie woorde): 'n verhandeling, 'n proefskrif of 'n opstel?

(*g*) „Ek bedoel nie om 'n refleksie te gooi op hul bekwaamheid om gif te vervaardig nie. Daar is mos nou hier geen sprake van medisyne nie." Waar sit die angel in hierdie „verontskuldiging"?

III

(*a*) Van die klein vliegie sê Langenhoven: hy laat hom nie vang nie, want hy „het te vér deur die wêreld gekom". Wat bedoel die skrywer hiermee?

(*b*) „En hulle het besluit om die vlieg te **verderf,** om te **verhinder** dat hy **doodgaan.**" Is die deel van die sin ná die komma verrassend of nie?

(*c*) „Want gister het jy al gister se vlieë doodgeslaan. Die laaste een. En vandag is die laaste **ander** een **weer** hier." Lees nou versigtig. Waarom is die woord **ander** belangrik? En vir watter verrassing sorg die woord **weer**?

(*d*) Die aptekers het kwaad geword, „nie oor die opmerking nie, maar oor die waarheid daarvan". Hier gee die skrywer weer 'n dubbele stekie: vir die aptekers en ook vir die meeste opmerkings wat gemaak word. Hoe so?

(*e*) Waarom kan 'n mens werklik dink dat gister se vlieë vandag dood is?

(*f*) Die skrywer skryf (vgl. vraag II (*g*)) 'n **verhandeling.** In so 'n verhandeling is „wetenskaplike bepeinsing" natuurlik op sy plek. 'n Groot deel van die pret berus juis op hierdie feit dat die skrywer kammakastig wetenskaplik te werk gaan. Verduidelik bietjie en gee voorbeelde.

(*g*) Wat het Darwin met die argument te make? Jy kan dit aflei uit die paragraaf wat begin: „In elke opvolgende generasie . . . . ." (As jy hier vassteek, moet Meneer of Juffrou maar help.)

**3.** *Sê in eenvoudige, direkte taal:*

(*a*) Twee dae nadat hy die tydelike met die ewige verwissel het, is sy stoflike oorskot ter aarde bestel.

(*b*) In stede van die twis te besleg, het hy hulle teen mekaar in die harnas geja.

(*c*) Die verstandige man wou die saak in der minne skik, maar ongelukkig het die onderhandelinge afgespring.

(*d*) 'n Mens verwag nie dat so 'n ou strydros die onderspit sal delf nie.

(*e*) „Kleinserigheid is die voorkant van seerkleinigheid." (Langenhoven).

**4.** *Lees die volgende stuk aandagtig deur en beantwoord dan in goeie volsinne in jou eie woorde die vrae wat volg:*

Dit gaan reën. Die wind kneus die blomme van my jasmynboom en warrel die blaartjies van die pioenrose weg sodat hulle oor die grond gestrooi word. Dit lig die blindings by die vensters. Dit frommel die jong meisies se hare. Ek is bedroef. Ek dink aan my vriend. Die blou lug, die groen see en die wit berge skei ons. Ag, as daardie voëls na my vriend die briewe kon dra wat ek vir hom skryf! As hierdie stroompie maar die blaartjies van my pioenrose na hom kon dra!

Die magnolias glans in die skadus – maar ek kan nie my luit aanraak nie. Ek kyk na die maan wat soos 'n groot magnoliabloesem is. Ek sal nie sing nie. Ek sal nie speel nie. Ek wil myself geheel en al oorgee aan my droefheid.

Uit die *Chinees van Yank Ki.* (c. 1400)

(*a*) Waarom beweer die skrywer dat dit gaan reën?

(*b*) Watter twee wense word deur die skrywer in die stuk uitgespreek?

(*c*) Skryf neer die name van die blomsoorte wat in die stuk genoem word.

(*d*) Wat is 'n **luit**?

(*e*) Waarom is die skrywer bedroef?

(*f*) Gee 'n gepaste opskrif vir die stuk.

**5.** *Soos die vorige:*

Welkom dierbaar woord van God,
Lig in al ons lewenslot;

Bron van leiding, troos en krag,
Rigsnoer van ons voorgeslag.
Welkom in ons moedertaal,
Van die Kaap tot oor die Vaal.

(*a*) Gee een woord vir „Woord van God".
(*b*) Verduidelik kortliks wat bedoel word met: „Lig in al ons lewenslot", en: „Rigsnoer van ons voorgeslag".
(*c*) By watter geleentheid, dink jy, is die bostaande reëls gesing?

**6.** *Soos die vorige:*

Dis weer die maandelikse vandisie in Kasper Booysen se groot beeskraal, waar in die rondte grootvee wei en 'n seun op sy esel aangalop tot by die kraalhek. Op 'n onverskillige rolmanier gly hy van die donkie af en kom op sy voete te lande by Kasper Booysen, sy bywoner oom Flip Staander, die afslaer en 'n paar Jode. Dis 'n seun van twintig jaar, agterlik vir die leeftyd en sy dom gesig kyk oorbluf vir die mense. – 'n Verwaarloosde vuil hand kom nou reguit eers na oom Kasper, en toe na oom Flip om te groet, en daarna nog reguiter na die afslaer toe, wat hom effens aanraak en yskoud sê:

„Kom jy beeste koop?" Die seun antwoord met 'n breë dom lag wat twee pragtige rye tande oopstoot, en verklaar heserig met 'n tikkie verwondering in sy stem: „Ek het mos nie geld nie! Ek wil vir ou-Jakob verkoop."

(Uit: *Ampie* deur Jochem van Bruggen)

(*a*) Uit watter boek is die bostaande stuk gehaal?
(*b*) Wie was die donkieruiter wat by Kasper Booysen se veekraal aangekom het?
(*c*) Wat is 'n „afslaer"?
(*d*) Watter sin in die stuk onderskryf die bewering dat die seun van twintig jaar „agterlik vir sy leeftyd" is?
(*e*) Waarom het die afslaer sy hand „net effens" aangeraak?
(*f*) Waarom, dink jy, het die afslaer die seun „yskoud" aangespreek?
(*g*) Uit die stuk blyk dat die seun se voorkoms minstens één mooi eienskap het. Wat is dit?
(*h*) Wie of wat is ou-Jakob?

**7.** *Gee so saaklik moontlik in jou eie woorde die inhoud van die volgende weer:*

**Besit en Gebruik**

Jou krag beteken niks: 'n perd het meer as jy,
maar jy kan dit gebruik om hom te tem en ry.
En jou geduld is niks: 'n donkie 't meer as jy,
maar jy kan dit gebruik wanneer jy met hom ry.
Jou kennis is ook niks: 'n boek het meer as jy,
maar jy kan dit gebruik om nog meer by te kry.
Besit van gawe nie, maar die gebruik daarvan
Gee aanspraak op die naam van 'n begaafde man.

C. J. Langenhoven

**8.** *Beantwoord die vrae wat op die volgende stuk volg:*

Soos 'n reusagtige landkaart lê Natal daar voor hom uitgesprei: bosryke klowe en laagtes, vrugbare vlaktes, trotse berge. Hier en daar blink vreemde rivierwaters in die sonlig, of kronkel soos 'n silwer lint deur die heuwel-see wat van die bergvoet af wegrol, in blou afstand, tot waar hemel en aarde

bymekaarkom, – en daar anderkant, moet ook die see wees, die see wat vryheid sou aanbring van die ou verdrukker! Daar ver links, moet die Zoeloekoning woon, aan wie dit alles behoort; daarheen sou hy ry, en van hom die reg verkry om sy volk hier te plant, en hier in vrede en geluk te laat groot word en sterk! Regs draai die krans-berge met 'n ellemboog tot amper skuins voor, en stapel die hoë, loodreg afvallende wande voortdurend 'n indrukwekkende en met die sonlig-beskyning van toon en kleur wisselende natuur-kasteel, tussen die nuwe wêreld, en die een waar hulle vandaan kom. Grillig uitgetand, grys die bergkruin teen die blou môrelug met punte en uithappe en kasteelvormige gevaartes. 'n Begeerlik mooi land moet dit gelyk het! Natalia, die republiek, so sou hulle dit noem, want hier sou die vryheid gebore word.

Uit: *Piet Retief* deur Gustav Preller

(*a*) Wie is die persoon wat die pragtige landstreek voor hom gadeslaan?
(*b*) Wie is die Zoeloekoning van wie hier gepraat word?
(*c*) Watter ooreenkoms sou met hom aangegaan word?
(*d*) Watter ideaal sou met die ooreenkoms verwesenlik word?
(*e*) Waarom word hier van „vreemde rivierwaters" gepraat?
(*f*) Waarom sou die see „vryheid aanbring van die ou verdrukker"?
(*g*) Van watter berge word hier gepraat?
(*h*) Skryf drie woorde en/of uitdrukkinge neer waarmee die ontsagwekkendheid van die berge uitgebeeld word.
(*i*) Wat word met 'n „heuwel-see" bedoel?
(*j*) Die spelling van een woord in die stuk is verouderd. Skryf die korrekte spelling neer.

9. *Beskryf tant Siena in 'n enkele sin na aanleiding van die volgende:*

As ou tant Siena straat op loop
Om antipon of spek te koop,
Sê dié wat pad maak: Dank die Heer!
En sit hul sware stampers neer.

A. G. Visser

10. *Beantwoord die vrae wat op die volgende stuk volg:*

Dr. Arnoldus Pannevis is waarskynlik die eerste persoon wat die wonder van Afrikaans ontdek het, reeds by sy aankoms in die Kaap in 1866. Sy hele lewe lank het hy propaganda gemaak vir Afrikaans en mense oortuig dat dit 'n volwaardige taal is en geen dialek nie. Twee van sy leerlinge was ds. S. J. du Toit en C. P. Hoogenhout. Hy het hulle aangevuur om self ligdraers te word, om 'n volk wat stom was, te leer om sy eie te eerbiedig en te veredel. Hy het 'n vaste geloof in die toekoms van Afrikaans gehad, hy het 'n leer verkondig wat nog nie voorheen in ons land gehoor is nie. Hy was 'n gangmaker en 'n besieler – die ontdekker, soos genoem, van die wonder van Afrikaans. Hy sit die Afrikaanse beweging aan die gang met sy briewe waarin hy vir 'n vertaling van die Bybel in Afrikaans pleit; eers in 1872 aan 'n koerant, en toe in 1874 aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.

P. J. Nienaber

(*a*) Waarom is dr. Pannevis so 'n belangrike figuur in die Afrikaanse literatuurgeskiedenis?

(*b*) Wat is 'n „dialek"?
(*c*) Wat het dr. Pannevis raakgesien ten opsigte waarvan hy mense probeer oortuig het?
(*d*) Wie was twee van sy leerlinge?
(*e*) In watter betekenis word „ligdraer" hier gebruik?
(*f*) Wat word bedoel met: „. . . . . 'n volk wat stom was"?
(*g*) Verduidelik wat met „'n gangmaker en 'n besieler" bedoel word.
(*h*) Met watter pleidooi het hy die Afrikaanse beweging aan die gang gesit?
(*i*) Weet jy in watter dorp dr. Pannevis gewoon het?

**11.** *Soos die vorige:*

**Willie du Toit . . .**

Daar is seker baie min leke onder die gewone burgerklasse, binne sowel as buite die grense van ons vaderland, wat ruimer bekendheid verwerf het as die persoon na wie hierbo verwys word, wat ons op 23 Mei 1960 ontval is. En dit ondanks die feit dat hy uit 'n arm ouerpaar gebore is en van nederige herkoms was. Bowendien het hy vroeg in sy lewe vader sowel as moeder verloor en 'n wrede siekte opgedoen wat die destydse geneeshere totaal uit die veld geslaan, hom sestig jaar lank aan 'n krankbed gekluister en eindelik die lewe self opgeëis het.

Armoede, die verlies van albei ouers in jou jeugjare en daarby nog 'n kwellende, ongeneeslike siekte! 'n Mens kan jou haas geen bitterder lot voorstel nie. En tog het hierdie harde slae Willie du Toit nie ontmoedig en in wanhoop langs die lewenspad laat neersink nie.

En die geheim? Daarvoor moet teruggegaan word na die dinge van weleer wat kenmerkend was van 'n vergange Afrikanergeslag, en ongelukkig nie meer so algemeen aangetref word nie. In daardie beskeie ouerlike woning het daar 'n altaar gestaan waarop die reukwerk ieder môre en aand getrou aangesteek is en die gesinslewe geheel en al deurtrek het. Die daaglikse Bybellees, gebed en gesang was vir daardie mense nie net 'n blote gewoontebeoefening nie, maar 'n ware gemeenskap met God wat kinderlike vertroue en onwrikbare geloof ten gevolge gehad het.

Uit *'n pamflet van die B.B.B.G.*

(*a*) Watter dinge in Willie du Toit se lewe het sy lot swaarder gemaak as dié van die meeste ander mense?
(*b*) Het hierdie harde slae hom ontmoedig?
(*c*) Verduidelik kortliks wat die geheim was van Willie du Toit se moed en aanvaarding van sy lot.
(*d*) Verduidelik kortliks elk van die volgende woorde en uitdrukkinge: *leke, van nederige herkoms, aan 'n krankbed gekluister, weleer.*
(*e*) Haal 'n sin uit die stuk aan wat „Oggend- en aandgodsdiens" beteken.
(*f*) Watter invloed het die „daaglikse Bybellees, gebed en sang", op die Du Toit-gesin gehad?
(*g*) Waarvoor staan die afkorting B.B.B.G.?

**12.** *Soos die vorige:*

Die woord parfuum (van die Latynse woord Perfumum) beteken „deur rook", en in die vorm van bewieroking het parfuums deel gevorm van alle primitiewe seremonies en godsdienstige byeenkomste.

Parfuums is sedert die vroegste dae gebruik om die lewendes te behaag

en die gestorwenes te vereer. Sedert die skepping is sowel mans as vroue bewus van die strelende soet geure. Net wanneer dit buitensporig aangewend word, is die gebruik van reukwater en grimeermiddels aanstootlik.

In die jaar 1770 is 'n wetsontwerp by die Britse parlement ingedien waarvolgens alle vroue „. . . wat enigeen van sy majesteit se onderdane imponeer, verlei of mislei met behulp van reukwater, grimering, stywe korsette en hoëhakskoene, skuldig sal wees kragtens die wet op towerkunste, en dat sodanige huwelik nietig verklaar sal word."

Gelukkig het hierdie wetsontwerp nooit wet geword nie. Sommige van die skoonheidsmiddels wat destyds gebruik is, was beslis skadelik. Vandag is die gebruik van skoonheidsmiddels egter feitlik universeel en die produksie en aanbieding daarvan verg 'n hoë graad van vernuf en kennis.

Parfuum vereer dame Mode . . . en vanjaar skyn die voorliefde te wees vir gesofistikeerde geure. In ooreenstemming hiermee het 'n beroemde Franse parfuumhuis 'n splinternuwe parfuum ontwikkel – Présence. Mans oorsee het dit as 'n skitterende skepping begroet, terwyl die vroue dit opwindend vroulik noem. Hierdie nuwe parfuum is nou in Suid-Afrika te koop.

Uit: „*Die Burger*"

(*a*) Die woord **parfuum** beteken „deur rook". Haal nog 'n woord uit die eerste paragraaf wat as sinoniem vir **parfuum** gebruik kan word.
(*b*) Verduidelik kortliks in jou eie woorde die sinsnede: „om die lewendes te behaag en die gestorwenes te vereer".
(*c*) Verduidelik in jou eie woorde: „ . . . . . en dat sodanige huwelik nietig verklaar sal word."
(*d*) Waarom is dit volgens die skrywer „gelukkig dat hierdie wetsontwerp nooit wet geword het nie?"
(*e*) Haal uit die stuk 'n sinoniem vir **grimeermiddels.**
(*f*) Verklaar: „. . . . . vandag is die gebruik van skoonheidsmiddels feitlik universeel."
(*g*) Verduidelik in jou eie woorde: **parfuumhuis, gesofistikeerde geure, dame Mode.**
(*h*) Wanneer is, volgens die skrywer, die gebruik van reukwater en grimeermiddels „aanstootlik"?

**13.** *Beantwoord die vrae wat op die volgende stuk volg:*

Sondeurdrenkte Suiderland! Dis die Suid-Afrika-„beeld" waarmee die Departement van Immigrasie nou in die buiteland aan die smous is. Met afgemete emmers sonskyn probeer hulle nou nuwe mense na ons land toe lok.

Interessant vir my was dit om die gemiddelde aantal ure sonskyn per dag en gemiddelde aantal sonnige dae per jaar in die verskillende klimaatstreke van die land te vergelyk. Tabelle oor elkeen is daar in die nuwe brosjure Sonskynland wat pas deur Immigrasie uitgegee is. Dit sal in talle tale versprei word.

Ons grootste sonstreke is natuurlik die Karoo en die Hoëveld – die Karoo loop voor met gemiddeld 9.5 uur sonskyn per dag en 317 sonnige dae per jaar, terwyl die Hoëveld nege uur sonskyn per dag het en 306 son-dae per jaar. Suidwes-Kaapland is derde (8.2 uur per dag, 273 dae per jaar).

Die sonprestasies van ander landstreke is: Kaapse Suidkus (d.w.s.

Agulhas tot by Oos-Londen) 7.7 uur, 267 dae; Ooskus (Kaapse Ooskus en Natalse Suidkus) 6.4 uur, 219 dae; Laeveld 8 uur, 260 dae; Weskus 8 uur en 265 dae. ('n Dag word as 'n son-dag gereken as die son meer as die helfte van die dag skyn.)

Bogenoemde statistiek moet 'n mens natuurlik sien in die lig van die een Engelsman wat vir die ander Engelsman vra: „Watter dag was dit nou weer verlede jaar somer?"

(Uit „Van Alle Kante" in *Die Burger*.)

(*a*) Wat word bedoel met die uitdrukking: „waarmee die Departement van Immigrasie nou aan die *smous* is?"
(*b*) Wat is die Departement se doel met hierdie „smousery"?
(*c*) Wat is die naam van die brosjure wat oor ons land uitgegee is?
(*d*) Wat word in die brosjure uiteengesit?
(*e*) Gee 'n sinoniem vir *brosjure*.
(*f*) Watter streek het die meeste sonskyndae?
(*g*) En die minste?
(*h*) Volgens watter maatstaf word 'n dag as 'n „son-dag" gereken?
(*i*) Wat is die verskil tussen 'n *son-dag* en 'n *Sondag?*
(*j*) Watter afleiding maak jy van die heel laaste sin van die stuk?

**14.** *Soos die vorige:*

Van die kant van die owerheid, die nywerheidswese, die onderwysmanne, ja, van elke afdeling van ons volkshuishouding kom die klag dat ons 'n enorme tekort aan goed opgeleide persone het om die uitdagings van ons tyd die hoof te bied en die groot moontlikhede van ons land te benut.

Dit is verder algemeen bekend dat daar op die heel eerste vlak, naamlik in ons skole, 'n nypende tekort aan onderwyskragte is.

Ons kanse gaan verby as ons nie gou maak nie.

Daar is vandag werk vir almal en die onmiddellike vooruitsigte is so aantreklik dat verreweg die grootste deel van ons potensiële breinkrag ongeskoold of halfgeskoold afgeroom word en verlore gaan vir die hoër poste. Daarby skrik die hoë koste van universitêre studies baie af, ten spyte van die feit dat hulle allesins die nodige talente en aanleg daarvoor het. Dit is 'n erkende feit dat die meerderheid van ons presterende studente uit die laer- en middelinkomstegroepe kom, eerstens omdat hulle groep meer is in getalle, maar ook omdat hulle 'n sterker prikkel het om bo uit te kom. En dis juis hulle wat in so baie gevalle nie 'n universiteitsloopbaan kan bekostig nie.

Een oplossing lê vanselfsprekend in die beskikbaarstelling van meer beurse en maklike langtermynlenings.

'n Onlangse opname in medewerking met al die universiteite het getoon dat daar jaarliks leningsaansoeke vir om en by R180,000 geweier word bloot omdat daar nie voldoende fondse beskikbaar is nie. Dit sluit nie daardie onbekende aantal voornemende studente in wat hul studieplanne laat vaar omdat hulle nie van bronne weet by wie hulle kan gaan aanklop nie.

Alles in ag geneem, bly daar te veel jong mense wat hul merk in die lewe

sou kon gemaak het as hulle maar net die geleentheid vir gevorderde studie gehad het.

(Uit 'n pamflet van die Kaaplandse Helpmekaarvereniging.)

(*a*) Verduidelik kortliks wat met *volkshuishouding* bedoel word.
(*b*) Watter drie vertakkinge van ons volkshuishouding word in die eerste paragraaf genoem?
(*c*) Wat bedoel die skrywer met die bewering: „Ons kanse gaan verby as ons nie gou maak nie?"
(*d*) Watter *twee* redes noem die skrywer vir die verskynsel dat „die grootste deel van ons potensiële breinkrag . . . . . verlore gaan vir die hoër poste"?
(*e*) Noem *twee* redes waarom die meerderheid van ons presterende studente uit die laer- en middelinkomstegroepe kom.
(*f*) Watter oplossing is daar, volgens die skrywer, om die tekort aan goed opgeleide persone uit te wis?
(*g*) Watter bewys voer die skrywer aan dat hierdie oplossing die regte is?
(*h*) Gee sinonieme vir: *owerheid, benut, nypende, prikkel, geweier.*
(*i*) Verduidelik wat „ongeskoold en halfgeskoold" beteken.
(*j*) As hierdie stuk in 'n koerant sou verskyn, wat, dink jy, sal 'n gepaste opskrif bo-aan wees?

15. *Lees die volgende stuk aandagtig deur en doen die opdragte wat volg:*

'n Niggie van my het my jare gelede hierdie storietjie vertel: dit was op ons buurdorpie wat hulle 'n taamlike goeie orrel gehad het; en die ou orreliste – sy is ook al lank nie meer daar nie – moes glo maar Sondag na Sondag 'n dun straaltjie musiek daaruit laat fluit het; maar toe kom daar 'n slag 'n bobaas-orrelis op die dorp, en dié sou 'n orreluitvoering gee: die aand sit die kerk gepak van die mense; maar toe hy ooptrek, toe staan die hele gebou vol stof: daar was glo pype en dinge waarvan die ou dametjie nie eers geweet het nie en wat dertig jaar lank net stof staan en versamel het. „Tag," het 'n diaken ná die uitvoering gesê, „ons ou orreltjie kon toe darem ook vanaand sy long 'n slag oophoes." En die volgende dag het hulle vier of vyf mossieneste wat uitgeblaas was, op die balkon kry lê.

Hierdie sinryke ou verhaaltjie kom dikwels in my gedagte as ek oor ons taal nadink of praat, of as ek Afrikaanse boeke of tydskrifte lees. Hoe dikwels is 'n sin duister of dof omdat die skrywer net nie die een noodsaaklike woord kon kry nie wat die swartkol van sy gedagte tref; 'n mens voel: „Effens te hoog," „'n bietjie te knap," „net skrams links," „byná, maar darem nog regs verby" – en nooit „Raak!" nie; hy ken net nie elke pyp van sy orrel nie. En dan, so af en toe, lees jy 'n werk wat die kerk in die stof laat staan. Die gewoonte-kerkgangers sê dan: „Nee a, maar die kêrel maak mos nou stof"; en die skrywer sou maar net kon vra: „Wie't dan die stof in die pype laat kom . . .!"

Hoe dan met die stof in ons orrelpype? Met ons taal wat nog nie ten volle gebruik word nie?

Eers net 'n verduideliking: Elke woord in die taal – tot die seldsaamste toe – moet al êrens deur iemand gebruik geword het; anders is dit geen woord nie. Wanneer jy sê dat 'n taal nog nie ten volle oopgetrek is nie, bedoel jy dus nie dat daar nuwe, nuutgevormde woorde gebruik moet

word nie; jy dink selfs nie aan die gebruik van min-bekende (plaaslike of uiters tegniese) woorde nie. Jy dink alleen aan so 'n totale beheersing van al die middele van die taal dat die spreker of skrywer die moeilikste gedagte en die fynste roersel van die gemoed tot in hul laaste trillinkie kan uitsê.

Die drie soorte mens: die kind, die ongeletterde mens en die digter, die **speel** almal graag met tale. Hulle knie dit, brei dit tot fantastiese vorms – en skielik het hulle dan soms 'n pragtige nuwe sê-moontlikheid in die hand.

'n Vader staan met 'n klein dogtertjie in die laat namiddag by die venster en uitkyk.

„Moenie na die son kyk nie," sê die man, „hy sal jou ogies brand."

Die kind draai weg en voel nog die son op haar haartjies . . . „Maar die son kyk na my hare," sê sy.

'n Seuntjie van tien speel met sy motortjie, so verdiep daarin dat hy van niks anders weet nie; en die neusie loop, loop maar, al oor die bo-lip af.

„Nee a, Jannie," sê sy moeder, „gaan haal dan vir jou 'n sakdoek en vee jou neus behoorlik af!"

„Ag wat, Mammie, ek sit dit sommer in tru-rat"; hy gee net 'n snuif: t'rug is dit, en die bo-lip skoon.

Die kind kry soms sulke pragtige vondste vir die ryker gebruik van taal juis omdat hy min woorde ken; vir die groot verskeidenheid dinge wat hy wil sê, moet hy sy klein woordeskat losklits en omspan om nuwe dinge uit te druk. Hy skep taalmoontlikhede deur 'n woord as **beeld** te gebruik en, dus baie meer situasies te laat uitdruk as wat die woord oorspronklik „beteken" het.

Die eenvoudige, onbelese mens doen dieselfde; van sy armoede maak hy 'n deug.

Die meer ontwikkelde mens van nugter aanleg wil egter graag vir elke voorwerp, gedagte of gevoel waarmee hy bekend is, 'n woord of 'n vaste uitdrukking hê. Taalgebruik is vir hom soos daardie eenvoudige soort vreetkaartspeletjie: op 'n twee gooi jy 'n twee, op 'n vier 'n vier, op 'n aas 'n aas. Gedagte en woord moet soos eendjies „paar en paar" loop. Kom daar 'n nuwe ding of begrip in sy dinkveld, eis hy 'n nuwe naam daarvoor, en word dit nie dadelik deur sy woordeboek gegee nie, dan vat hy 'n woord uit 'n ander taal.

Twee dinge, twee gedagtes, twee gevoelens is nooit só presies eenders dat dieselfde woord hulle altyd volkome, resloos kan uitdruk nie – hier steek 'n stukkie gedagte uit, ongedek deur die woord; daar is die woord weer effens te groot soos 'n halfmasbroekie . . . Maar hieraan steur die praktiese taalgebruiker, die vlot romanskrywer en die haastige joernalis hulle min as hulle maar net so ongeveer hul gedagte „aan die man" kan bring.

Die kind en die ongeletterde maak dikwels hul nuwe woord uit die klein voorraad wat hulle reeds besit . . . soos 'n moeder wat suinig moet wees, klere uit ander klere sny.

Die digter moet in sy werkwyse nader aan die kind en die ongeletterde wees as aan die opgevoede praktiese man.

Hulle staan al drie voor die een groot probleem: die eindigheid van die bestaande taalmateriaal teenoor die oneindigheid van wat hulle wil sê. Maar by die digter lê die saak tog effens anders: dis nie die ylheid van sy woordeskat nie, maar die rykdom en die genuanseerdheid van die heelal wat hom dwing om skeppend met taal te werk. Soms sal dit 'n nuwe woord wees wat hy vind, meer dikwels sal dit die beeldende gebruik van oorbekende woorde wees wat nuwe grootpaaie oopkap in die oerwoud van die werklikheid.

Twee fragmente uit *Los gedagtes oor ons taal* deur N. P. van Wyk Louw (Opgeneem in *Swaarte- en Ligpunte*, Kaapstad 1958).

## VRAE EN OPDRAGTE

### I

(*a*) Hoe lank was die ou dametjie al orreliste toe die bobaas-orrelis sy uitvoering kom gee het?

(*b*) „en die ou orreliste – sy is ook al lank nie meer daar nie . . ." Bedoel die skrywer dat die orreliste na 'n ander dorp vertrek het, of hoe?

(*c*) As 'n mens bietjie **te knap** skiet, skiet jy dan te goed, of hoe?

(*d*) „. . . ons ou klein orreltjie kon toe darem ook vanaand sy long 'n slag oophoes . . ." Sê nou daar het gestaan: „ook ons ou klein orreltjie kon toe darem vanaand sy long 'n slag oophoes . . ." Word daar deur die verskuiwing van die **ook** nou iets anders gesê? En as **ook** voor **'n slag** staan?

(*e*) Waarom laat die verhaal van die orreltjie die skrywer dikwels oor ons taal nadink?

(*f*) Waarvandaan kom die mossieneste wat op die balkon gevind is?

(*g*) 'n Mens kan nie, al trek jy die orrel heeltemal oop, pype gebruik wat die orrel nie het nie. Voltooi nou self: „'n Mens kan nie, al trek jy die taalorrel heeltemal oop, woorde gebruik wat . . ."

### II

(*a*) As die kerk op die buurdorpie sommer 'n ou pieporreltjie en nie „'n taamlike goeie orrel" gehad het nie, sou die storietjie nooit ontstaan het nie. Hoe so?

(*b*) Die orreliste moes glo maar „'n dun straaltjie musiek daaruit laat fluit het". Noem die metafoor wat die skrywer hier gebruik ('n metafoor het ons bv. in: „daardie seun is darem sommer vir jou 'n bulkalf", 'n vergelyking het ons bv. in: „hy is so sterk soos 'n bulkalf").

(*c*) Vervang die metafoor deur 'n vergelyking.

(*d*) „maar toe hy ooptrek, toe staan die hele gebou vol stof . . ." Kon die skrywer ewe goed **lostrek** in plaas van **ooptrek** gebruik het?

(*e*) Die aand toe die bobaas-orrelis sy uitvoering gee, was die kerk **gepak.** Hierdie **gepak** is eintlik ook 'n beeld en wel 'n metafoor, nes **straaltjie** hierbo. Is hierdie metafoor nog so nuut, so lewendig dat 'n mens hom nog as 'n beeld aanvoel, of is hy deur herhaalde gebruik al so verslyt dat hy nes 'n „gewone" woord klink?

(*f*) 'n Seuntjie staan na 'n spul pasgebore hondjies en kyk en hy sê: „Haai pa, kyk hulle dun stertjies; pa weet, hulle stertjies is sommer straaltjies." Het die seuntjie sommer kaf gepraat, of het hy 'n beeld gebruik (watter soort?) wat treffend en verstaanbaar is?

(*g*) In die tweede paragraaf gebruik die skrywer 'n tweede vergelyking. Waar hy in die eerste paragraaf die onvermoë om 'n taal ten volle te gebruik vergelyk met 'n orreliste wat nie al die pype van haar orrel ken nie, daar vergelyk hy hierdie selfde onvermoë om presies en volledig te praat met iets . . . Waarmee?

(*h*) Die skrywer vergelyk in sy tweede paragraaf die taalgebruiker wat nie die presiese woord kan vind nie, met die skerpskutter wat nie die swartkol van die skyf suiwer kan tref nie (jy het heeltemal reg: ons het nou die vorige vraag vir jou beantwoord, maar ons hoop jy kon hom op jou eie ook al baasraak). Die vergelyking met die

skut begin daar waar hy skryf: „Hoe dikwels is 'n sin duister of dof omdat die skrywer net nie die een noodsaaklike woord kon kry wat die swartkol van sy gedagte tref . . ." Hierdie skrywer skiet te hoog, te knap, links, regs, maar nie raak nie. Dan vervolg die skrywer: „hy ken net nie elke pyp van sy orrel nie." Sou die skrywer hier nie eerder kon geskryf het: „hy ken net nie sy geweer nie"?

III

(*a*) Hoe raai jy: watter soort werk doen die skrywer, wat is sy ambag?
(*b*) Is 'n stuk taal wat „die kerk in die stof laat staan" goed of sleg?
(*c*) As die goeie skrywer, die een wat die swartkol van sy gedagtes met die juiste woord kan tref, vir die gewoontekerkgangers vra: „wie het die stof in die pype laat kom", hoe sal 'n mens hom moet antwoord?
(*d*) 'n Woord is nog nie werklik woord voordat hy . . . Voltooi.
(*e*) As die skerpskutter amper raakskiet, sê die **skrywer**: byná. Die nadruk of aksent val dus **vir hom** op die tweede lettergreep. As *jy* **byna** spesiaal wil beklemtoon, val die nadruk op die eerste of die tweede lettergreep?
(*f*) Gebruik 'n woordeboek en soek: (i) vyf woorde wat jy verstaan as jy hulle lees of hoor maar nooit self gebruik wanneer jy praat of skryf nie; (ii) vyf woorde wat jy nog nooit gehoor of gelees het nie.
(*g*) Probeer, met behulp van dieselfde woordeboek, al tien die woorde wat jy so opgespoor het, in sinne te gebruik.
(*h*) Volgens die skrywer kan 'n woord min-bekend wees omdat hy of **plaaslik** (gebonde aan 'n bepaalde streek) of **tegnies** (gebonde aan 'n bepaalde beroep) is. Soek vyf voorbeelde van tegniese en een plaaslike woord.

## SPELLING, LEESTEKENS, AFKORTINGS

1. *Skryf die volgende woorde onder mekaar neer en voeg, waar nodig, die ontbrekende kappies, deeltekens en koppeltekens in:*

| | |
|---|---|
| finansiele | ruens |
| teespoed | waeienaar |
| oudstudent | sker |
| eeteet | ster |
| vroeer | bler |
| wiee (mv. van *wieg*) | ingetoe |
| wie (mv. van *wig*) | liefhe |
| singsing | ee (mv. van eg) |

2. *Gee die regte afkortings vir die volgende woorde:*

| | |
|---|---|
| byvoorbeeld | laasgenoemde |
| dominees | manuskrip |
| doktore | poskantoor |
| ensovoorts | sekretarisse |
| hulpwerkwoord | was geteken |

3. *Watter van die volgende woorde is reg gespel?*
(*a*) Die (opdraend, opdraand) is (styl, steil).
(*b*) My (doopseel, doopseël) is weg.
(*c*) Ek is (geïnteresseerd, geïnterreseerd) in (posseëls, posseels).
(*d*) Dit is vir my 'n genoë, genoeë) om jou te help.
(*e*) Sy is 'n oulike poppie (né, nè, nê)!
(*f*) (Damesskoene, dameskoene) is duur.
(*g*) Staak dit (onmidellik, onmiddellik, onmiddelik).
(*h*) Wat weet jy van (masjinerie, masjienerie)?
(*i*) Die handelaar verkoop (allerlei, allerlee) (benodighede, benodigdhede).
(*j*) Die (sterre, stêre, stêrre) skyn helder.

*Waarvoor staan die volgende afkortings?*
t.a.p., t.o.v., Rdb., O.V.S., n.a.v., m.b.t., h/v, k.m.b., e.a.

5. *Voorsien die volgende sinne van die ontbrekende leestekens:*
   (*a*) My pa lees graag Die Burger maar ek verkies Die Transvaler.
   (*b*) Jan roep Pa gaan koop gou vir my 'n pakkie sigarette.
   (*c*) Die kinders wat speel speel padlangs aankom het pas verneem dat hulle 'n halfdag vakansie het.
   (*d*) Toe die bevelvoerder skree storm vertel oom Jan, hoor jy net takke kraak soos ons deur die bome in die rigting van die vyand bars.
   (*e*) Pa sê aan Klaas gaan koop gou vir my Die Huisgenoot in die kafee om die draai ou seun.

## KLANKLEER

1. *Hoeveel vokale en hoeveel konsonante bevat die Afrikaanse alfabet? Skryf die vokale onder mekaar neer.*
2. *Skryf drie voorbeelde van elk van die volgende neer en onderstreep die betrokke lettergrepe:*
   (*a*) Geslote lettergrepe.
   (*b*) Tweeklanke.
   (*c*) Oop lettergrepe.
3. *Verdeel die volgende woorde in lettergrepe:*

| | | |
|---|---|---|
| rotsgebergtes | verbygaande | ellelange |
| see-eend | wandelaar | drieverdiepinghuis |

4. *Onderstreep die lettergrepe waarop die aksent in die volgende woorde val wanneer hulle uitgespreek word:*

| | | |
|---|---|---|
| bioskoop | standaard | standerd |
| telefoon | politiek | definitief |
| direk | minister | distrik |
| hospitaal | kontak | inderdaad |
| vrywaar | aspek | monument |
| artikel | ekstrak | paragraaf |

## WOORDSOORTE

**Selfstandige Naamwoorde**

1. *Gee twee meervoudsvorme vir elk van die volgende woorde en gebruik elkeen in 'n sin sodat die betekenis duidelik uitkom:*
   saal, skof, maag, gas, maat, letter, las, gif, betrekking, vorme.
2. *Skryf neer:*
   (*a*) Vyf s.nwe. wat net in die meervoud voorkom.
   (*b*) Vyf s.nwe. wat net in die enkelvoud voorkom.
   (*c*) Die meervoud van: kleinding, genot, stuurman, buurman, smid.
3. *Gee die verkleinwoorde van:*
   bruidegom, timmerman, kostuum, manel, vel, bees, woning, pa, wa, vlaag, vlag, mandjie, ring, skelm, karba.
4. *Gee die teenoorgestelde geslag (d.w.s. manlik of vroulik) van die volgende woorde:*
   tierwyfie, tikster, mannetjieleeu, ooilam, berin, teef, non, swaer, eksekutrise, voog, regentes, regisseur, assistente, Jood, profeet.
5. (*a*) *Wat is die meervoud van:* tablo, hiëna, Van Breda, Roux, eer?
   (*b*) *Wat is die vroulike vorm van:* eksekuteur, masseur?
6. (*a*) *Wat is die meervoud van:* voeg, karba, gelid, bedrog?
   (*b*) *Wat is die vroulike vorm van:* regisseur, redakteur, heiden, ab?
   (*c*) *Wat is die verkleinwoord van:* buro, besering.
7. (*a*) *Wat is die meervoud van:* wieg, kroeg, koopman, prieel, eer?
   (*b*) *Wat is die verkleinwoord van:* hiëna, impi?

**Voornaamwoorde**

1. *Vul die ontbrekende vnwe. in:*
   (*a*) Die man .......... ek gister ontmoet het, vertel dat .......... seun .......... toon gestamp het.

(*b*) Meneer Rens, is hierdie hoed .........? Ek was onder die indruk dat ......... hoed weg is.
(*c*) Daar fluit die trein; ......... is laat vandag.
(*d*) Die twee susters het ......... lief, want hulle gaan nooit êrens sonder ......... nie.
(*e*) Die man ......... se seun dood is, is diep bedroef.

2. *Gebruik in kort sinne:*
(*a*) **dit** as (i) persoonlike vnw. (ii) onpersoonlike vnw.
(*b*) **my** as (i) wederkerende vnw. (ii) besitlike vnw.
(*c*) **wat** as (i) betreklike vnw.
(*d*) **jy** as (i) onbepaalde vnw. (ii) persoonlike vnw.

**Byvoeglike Naamwoorde**

1. *Gee die regte vorm van die b.nw. tussen hakies:*

| | | |
|---|---|---|
| 'n (dof) lig | (ru) soldate | 'n (woes) aanval |
| die (arm) drommel | 'n (arm) man | (breed) rieme |
| 'n (vas) bestelling | die (moeg) reisiger | die (droog) rivierbedding |
| (ryp) ervaring | (ryp) vrugte | 'n (muf) reuk |

2. *Gee die trappe van vergelyking van:*
skaars, fluks, juis, droog, suf, gedwee, tevrede, nuut, onaantreklik, verafgeleë.
3. *Maak kort sinne om die verskil te verduidelik tussen:*
'n naar seun, 'n nare seun; trots ouers, trotse ouers; 'n heel ruit, 'n hele ruit; diep water, diepe waters; 'n arm vrou, 'n arme vrou; die wys vrou, die wyse vrou.
4. *Vervang elkeen van die groepe woorde tussen hakies deur één woord:*
'n (wat vol misterie is) moord;
(wat tot 'n sekretaris behoort) werksaamhede;
'n (wat gereed is vir die slag) leër;
'n (wat van albei kante kom) haat;
'n (wat aan chaos laat dink) toestand.
5. *Gebruik die volgende b.nwe. in kort sinne (a) eers attributief en (b) dan predikatief:*
heerlik, lang, nuut, opreg, regop, viets, ru, traag.
6. *Gee die teenoorgestelde van elk van die volgende:*
spierwit, vuurwarm, stokoud, skatryk, papnat, propvol, spotgoedkoop, rietskraal, galbitter, knuppeldik.

**Lidwoorde en Telwoorde**

1. *Vul die ontbrekende vorm van die lw. in die volgende sinne in.*
(*a*) Wat ......... drommel makeer hom nou weer!
(*b*) Dit is vir my om ......... ewe.
(*c*) Ek sal dit doen met ......... verstande dat jy my help.
(*d*) Dit is 'n week ......... gebeds vir die gemeente.
(*e*) Die saak is in ......... minne geskik.
(*f*) Die saak het op die vergadering ......... sprake gekom.
(*g*) Die politikus is wel ......... tale.
(*h*) By die ......... perse gaan was die uitslag nog nie bekend nie.
2. *Verduidelik met voorbeelde wat bedoel word met:*
(*a*) 'n bepaalde hooftelwoord;
(*b*) 'n onbepaalde rangtelwoord;
(*c*) 'n bepaalde rangtelwoord.

**Werkwoorde**

1. *Gebruik die volgende wwe. in kort sinne, eers oorganklik en dan onoorganklik:*
drink, kook, vra, skop, roer.
2. *Gebruik in kort sinne:*
(*a*) **word** as (i) 'n koppelwerkwoord (ii) 'n hulpww. van vorm;
(*b*) **skeer** as 'n wederkerende ww.;
(*c*) **waai** as 'n onoorganklike ww.;

(*d*) **sal** as 'n hulpww. van tyd;
(*e*) **skyn** as (i) 'n selfstandige ww. (ii) 'n koppelww.

3. *Gebruik die volgende wwe. eers skeibaar en dan onskeibaar in kort sinnetjies:*
oorlaai, onderhou, oorweeg, voorspel, oorval, deurtrek, oortuig, ondergaan.
4. *Skryf die volgende sinne oor in die verlede tyd:*
(*a*) Jy moet die stuk korrigeer wat hy formuleer.
(*b*) Hy probeer om aandag te trek.
(*c*) Ons waardeer die leier nie.
(*d*) Die milde reën deurweek die sagte grond.
(*e*) Die straaljagters deurklief die blou hemel.
5. *Vul die regte vorm van die ww. tussen hakies in:*

| | | |
|---|---|---|
| (verloor) kanse | (doen) sake | met (span) aandag |
| (betrek) lug | (antwoord) vrae | (broei) eiers |
| (verberg) skatte | (slyp) messe | 'n (hoogplaas) persoon |
| (steel) vrugte | (verf) naels | 'n (styf) boordjie |
| (gis) wyn | (ploeg) lande | |

6. *Gebruik in sinne sodat die onderskeid duidelik blyk:*
deurgesteekte en deurgestoke; gebuigde en geboë; geskepte en geskape; betrekte en betrokke; uitgesoekte en uitgesogte.
7. *Vul die juiste vorm van die ww. tussen hakies in:*
(*a*) Jy hoef nie meer (kom) nie.
(*b*) Ons het dit aan ons ouers (dank).
(*c*) Ek is my vader nog vanaand (wag).
(*d*) Jy sê jy sal slaag? Dis (hoop)!
(*e*) So 'n katastrofe was nie (voorsien) nie.
8. *Skryf in die direkte rede:*
(*a*) Die seun het bevrees uitgeroep dat hy 'n slang deur die heining sien seil het.
(*b*) Jan se pa het hom beveel om *Die Huisgenoot* te gaan koop en om gou te maak.
(*c*) Sannie het vertroostend vir Sarie gesê dat sy haar nie hoef te ontstel nie.
(*d*) Die onderwyser het Piet bars beveel om die kamer te verlaat.
(*e*) Die boemelaar het verneem of die boer nie vir hom slaapplek het nie.
9. (*a*) *Vul die ontbrekende werkwoorde in onderstaande vaste uitdrukkings in:*
'n proklamasie ..........; 'n saak op die keper ..........; 'n snaakse gerug .......... die ronde; ons moet nou finalitiet ..........; hul het die knoop ..........
(*b*) *Vul die juiste vorm van die verlede deelwoord in:*
'n (verdink) persoon; (verkry) regte; (ontsteek) wonde; (verberg) sondes; (ondervra) getuies.
10. *Skryf die volgende sinne in die indirekte rede:*
Piet: „My wêreld, wat kom jy vandag hier maak?"
Jan: „Jou net waarsku. Voortaan is jou lewe in gevaar."

**Bywoorde**

1. *Gebruik as bywoorde in sinne sodat die betekenisse duidelik blyk:*
desnoods, immers, eersdaags, soggens, betyds, aanstons, onbesiens, geensins, eertyds.
2. *Soek uit die onderstaande sinne een voorbeeld van elk van die volgende soorte bywoorde uit: plek, tyd, wyse (manier), graad en modaliteit:*
(*a*) Ons slaap snags buitekant as dit so warm is.
(*b*) Stap vinnig, dis baie ver daarheen.
(*c*) Wat hy daar sê, is seker die waarheid.

**Voorsetsels en Voegwoorde**

1. *Watter voorsetsels ontbreek in die volgende?*
(*a*) Sy beledigings het my .......... die harnas gejaag.
(*b*) Hy is siek .......... sterwens toe.
(*c*) .......... berigte gaan hulle skema mank .......... baie gebreke.

(*d*) Die verklaring lê .......... die hand: daar haper iets .......... die organisasie.
(*e*) Niks .......... wêreld kan verhoed dat die skurk .......... verderwe gaan nie.
(*f*) Hy was woedend .......... sy werkgewer toe hy weer .......... meet af aan moes begin.

2. *Vul die ontbrekende voorsetsels in en onderstreep hulle:*
(*a*) Die goeie gewoonte het .......... onbruik geraak.
(*b*) Hy wou .......... die dood nie luister nie.
(*c*) Wat hy .......... eed bevestig het, word nou aan jou .......... insage voorgelê.
(*d*) Dit is .......... die ewe of hy bydra .......... die fonds of nie.
(*e*) Vandat hy ontslaan is .......... die betrekking het ons toestande weer .......... beheer.
(*f*) Toe hy eers .......... dreef kom, was hy gou .......... uitstek dié vleuel.

3. *Vul die ontbrekende voorsetsels in en onderstreep hulle:*
(*a*) Wat jy sê, is nie .......... sake nie.
(*b*) Jy moet maar .......... die onvermydelike berus.
(*c*) Hy het die kwaad .......... eie beweging gedoen en by sy baas .......... ongenade geraak.
(*d*) Hy is .......... die insolvensiewet veroordeel en .......... sy betrekking ontslaan.
(*e*) Dit het .......... nadere ondersoek geblyk dat hy .......... sy perke lewe.

4. *Vul die ontbrekende voorsetsels in:*
(*a*) Hy het 'n afkeer .......... vuil taal.
(*b*) Die regter het uitspraak .......... hom gegee en hom skuldig bevind.
(*c*) Die polisie het beslag .......... die gesteelde goedere gelê.
(*d*) Die behoeftiges is .......... baie voorregte verstoke.
(*e*) Die woord „rugby" is .......... Engels ontleen.
(*f*) Hy is nou weer .......... 'n ander idee behep.
(*g*) Die fat is gesteld .......... sy kleredrag.
(*h*) Die broers is baie verknog .......... mekaar.
(*i*) Die regeerder het ná sy triomf .......... aansien toegeneem.
(*j*) Die werk is nie .......... behore gedoen nie.
(*k*) Hy het die saak op die vergadering .......... berde gebring.
(*l*) Die gestorwene is gister .......... aarde bestel.
(*m*) Ek weet .......... ervaring dat donkerwerk konkelwerk is.
(*n*) Gaan speel .......... vadersnaam tog nou buite.
(*o*) Oom Jan dien ook nou .......... die skoolraad.

5. *Gebruik in duidelike sinne:*
by monde van; op gevaar af; ten bate van; deur bemiddeling van; ten behoewe van; te midde van; op 'n haar na; met betrekking tot; op aanklag van; by gebrek aan.

6. *Gebruik die volgende voegwoorde in goeie sinne:*
nietemin, tensy, mits, derhalwe, nogtans.

## WOORDVORMING

1. *Vorm samegestelde woorde van die volgende:*

| | | |
|---|---|---|
| seun + skool | kalf + hok | noem + waardig |
| wa + as | meer + deels | eet + tyd |
| rib + been | land + belange | lewe + taak |
| perd + stal | afdeling + bestuurder | mou + gat |
| kop + ent | siel + leed | vrede + taak |
| brief + bus | kreef + gang | broek + knoop |
| saak + brief | lip + taal | hout + kool |

2. *Maak sinne om die verskil in betekenis aan te dui tussen:*
skoonveld en 'n skoon veld; stinkblare en stink blare; blouboontjies en blou boontjies; maermerrie en 'n maer merrie; suurlemoen en suur lemoen.

3. *Vorm afgeleide persoonsname* (*bv. swerf – swerweling*) *van:*
aankom, doop, hemel, pap, dik, koets, loseer, vals, psalm, monargie, doseer, verloor, rente, kanon, beoordeel, leer, kritiek, telegraaf, blom, lelik.

4. *Vorm werkwoorde van (bv. man – beman):*
hoof, steen, oog, lig, dubbel, siel, jaar, vel, kroon, wapen.
5. *Wat word die bewoners van die volgende lande genoem?*
Skandinawië, Ghana, Algerië, Japan, Egipte, Turkye, België, Roemenië, Brasilië, Argentinië.
6. *Gebruik die volgende afgeleide bywoorde in duidelike sinne:*
stuksgewys, billikheidshalwe, grootliks, pligshalwe, herwaarts en derwaarts.
7. *Vervang die woorde tussen hakies deur passende afgeleide vorme:*

| | | |
|---|---|---|
| 'n (patriot) daad | (professor) redevoerings | 'n (hersien) uitgawe |
| (periode) droogtes | (propaganda) rolprente | (sekretaris) pligte |
| van (twyfel) karakter | (verander) weer | (kerf) tabak |
| (parlement) reëls | 'n (skei) vrou | (giet) yster |

8. *Vorm b.nwe. van die volgende en plaas elkeen voor 'n geskikte s.nw. (bv. argitek – argitektoniese skoonheid):*
apostel, chaos, intuïsie, lafaard, stad, epos, afgod, geloof, sisteem, seks, masjien, kind (2), broer, drama, dag, algebra, matesis, fondament, periode, meester (2).
9. *Vorm bywoorde van die volgende woorde en gebruik elkeen in 'n kort sin:*
trap, beurt, speel, nag, eet, blind, huis, oggend, suid, stuk.
10. (*a*) *Vorm afgeleide werkwoorde van:* wese, populêr, spoed, half.
(*b*) *Vorm afgetrokke selfst. nwe. van:* vergeef, reken, slaaf.
(*c*) *Vorm persoonsname van:* wreed, vier, weste.
(*d*) *Vorm afgeleide bywoorde van:* groep, sy, vuur, skelm.
11. *Vorm b.nwe. van die volgende woorde en plaas elk voor 'n gepaste s.nw. (bv. Europa – Europese gewoontes):*
Parys, Pretoria, Kroonstad, Soedan, Moses, Israel, Java, Italië, China, Frankryk, Christen, Paarl.

## SINSLEER

1. *Gebruik die volgende woorde in duidelike volsinne:*
ofskoon, tensy, namate, dog, tog, nogtans, ingeval, dus, derhalwe, mits.
2. *Verkort die volgende sinne sover moontlik:*
(*a*) Hy beoefen wynboerdery in die Boland.
(*b*) Die graan vorm vanjaar pragtige stoele.
(*c*) Die boer behandel sy boord met spuitstof en sy beeste met dip.
(*d*) Wie is die seun met die lang hare?
(*e*) Dit is die rede waarom ek nie wou nie.
3. *Verkort die volgende sinne deur die skuinsgedrukte dele te verander:*
(*a*) Dit is tog *wat ek beloof het om te doen*!
(*b*) *Die man wat die waarheid verdraai*, word uiteindelik ontmasker.
(*c*) *Diegene wat nie kan sien nie*, moet gelei word.
(*d*) *Wie dit gesê het*, is onbekend.
(*e*) Hy is *iemand wat geld uit ander mense se sakke steel.*
(*f*) Hy loop *met sy kaal kop* in die son.
4. (*a*) *Verander die skuinsgedrukte woorde en sinsnedes in die volgende sinne tot bysinne.*
(i) *Ondanks die reën* het hy gekom.
(ii) *Mettertyd* sal dit beter gaan.
(iii) *Jou vertelling* is moeilik om te glo!
(iv) *Soos 'n koeël uit 'n roer* nael hy die straat af.
(*b*) *Sê watter soort bysin in elke geval gevorm is.*
5. *Skryf die bysinne in die volgende samegestelde sinne neer en sê watter soort elk is:*
(*a*) Daar is mense wat die waarheid graag verdraai.
(*b*) Ek sal ry waar ek wil.
(*c*) Wat jy nou sê, is beslis waar.

(*d*) Hy geniet altyd wat deur sy moeder voorberei is.
(*e*) Hy sal uiteindelik word wat hy graag wil wees.
(*f*) Ons verwag dat ons vriende sal kom.
(*g*) Dit skyn dat hy sy werk nie gedoen het nie.
(*h*) Dat motoriste so kan jaag, maak 'n mens bang.
(*i*) Die man wat daar loop, is blind.
(*j*) Hy hardloop asof die duiwel hom jaag.

6. *Ontleed in hoof- en bysinne en dui die sinsverband aan:*
(*a*) Hoewel ek jare moes wag vir die geluk wat jy vir my voorspel het, voel ek vandag dankbaar dat ek na jou advies geluister het.
(*b*) Beduie my waar jy loseer sodat ek jou kan gaan opsoek.
(*c*) Ek sal doen wat ek wil, want ek is my eie baas.

7. (*a*) *Verander die skuinsgedrukte sinsdele tot bysinne in die volgende sinne:*
(i) *Sy skielike heengaan* word in die koerant vermeld.
(ii) Hy het die gerug *van 'n spoorwegramp* ontken.
(iii) Daar is 'n bank *om op te sit.*
(iv) Hy het *deur die een daad* wêreldberoemd geword.
(v) Hy oefen *om fiks te word.*

(*b*) *Verbind die volgende groepe sinne tot een saamgestelde sin vir elke groep.* (**En, maar** en **want** mag nie gebruik word nie):
(i) Ek hou nie van hom nie. Hy is te baasspelerig. Ek gaan saam met hom.
(ii) Dit is sy ryk oom. Hy maak op sy oom staat. Hy kry geld nodig. Hy wil universiteit toe gaan.
(iii) Bring die stoel. Ek wil hom heelmaak. Hy sit op die stoel.

## BETEKENISLEER

1. *Gebruik elk van die volgende woorde in kort sinne in twee verskillende betekenisse:* las, leer, plaas, jou, mond, mag, kan, pers, bal, kom.

2. *Verduidelik kortliks, sonder om elk in 'n sin te gebruik, die verskil in betekenis tussen die volgende woordpare:*

| | | |
|---|---|---|
| lid, lit | frank, vrank | fiets, viets |
| rei, ry | ly, lei | wei, wy |
| verby, verbei | boud, bout | pyl, peil |
| fors, vors | vlei, vly | fat, vat |

3. *Soos die vorige oefening:*

| | | |
|---|---|---|
| bundel, bondel | bros, broos | guur, gier |
| berig, berug | beuel, beul | naamloos, nameloos |
| tabak, twak | brak, braak | leeg, ledig |
| bestuur, bestier | neet, neut | skrap, skraap |

4. *Wat noem 'n mens:*
(*a*) Iemand wat pap en lamlendig is;
(*b*) Iemand wat baie gelukkig is;
(*c*) Iemand wat sonder voortande is;
(*d*) Iemand wat baie ondeund is;
(*e*) Iemand met wie jy ander mense bangmaak;
(*f*) Iemand (veral 'n vrou) wat baie kwaai is;
(*g*) Iemand wat baie slordig is;
(*h*) Soldate sonder ervaring;
(*i*) Soldate met baie ervaring;
(*j*) Iemand wat buitengewoon skrander is?

5. *Gee antonieme vir die volgende:*
ouderwets, mislukking, langdradig, vermetel, grondig, berug, veelsydig, passief, werkgewer, pessimis, minderjarig, outokraties, opvolger, grootmoedig, inheems.

6. *Voltooi die volgende uitdrukkings:*
   (*a*) Die soet en die ......... van die lewe.
   (*b*) Dis nòg vis nòg ............
   (*c*) Hulle loop hot en ............
   (*d*) Hy besit kind nog ............
   (*e*) Alles is in rep en ............
   (*f*) Hy kla steen en ............
   (*g*) Hulle gesels oor koeitjies en ............
   (*h*) Ek staan by hom deur dik en ............
   (*i*) Die kat lê pens en ......... op die rusbank.
   (*j*) Die boer skree sy werksmense wild en ............
7. *Gee gepaste sinonieme vir die volgende:*

| | | |
|---|---|---|
| sillabe | literatuur | poëties |
| petisie | ateïs | agenda |
| modern | objeksie | kwantiteit |
| kopié | populêr | reserveer |
| aksent | donasie | distansie |

8. *Gee een woord vir elk van die volgende:*
   (*a*) Die plek waarvandaan die sterre bestudeer word.
   (*b*) Die vakman wat motors herstel.
   (*c*) Die deskundige wat persone se spiere vrywe.
   (*d*) Die plek waar velle voorberei word vir skoene, sole, ens.
   (*e*) Die motor waarmee handelaars bestellings uitstuur.
   (*f*) Die plek waar 'n kunsskilder werk.
   (*g*) Die plek waar mielies, koring, ens. in groot hoeveelhede gebêre word.
   (*h*) Die persoon wat sy trou aan 'n ander volk gee.
   (*i*) Die voorsitter van die sinode.
   (*j*) Die mense wat 'n groot sakeonderneming se beleid vaslê.
   (*k*) 'n Aantal skepe wat om veiligheidsredes saamseil.
   (*l*) Die deskundige wat 'n mens se sielelewe bestudeer.
   (*m*) Die persoon wat 'n koerantpersoneel lei.
   (*n*) Die plek waar muntstukke geslaan word.
   (*o*) Die persoon wat besoekers deur 'n groot gebou lei.
   (*p*) Die lede van die publiek wat by 'n sekere winkel koop.
9. *Vervang die woorde tussen hakies met 'n byvoeglike naamwoord wat dieselfde betekenis het:*
   (i) 'n (wat van albei kante kom) tegemoetkoming;
   (ii) 'n (wat die dood tot gevolg het) ongeluk;
   (iii) 'n (wat oral goed bekend is) dief;
   (iv) 'n (wat net in die verbeelding bestaan) leeu;
   (v) 'n (wat 'n mens maar kan aanneem) voorstel;
   (vi) 'n (wat vir die oog lelik is) gebou;
   (vii) 'n (waarin baie verkeer te sien is) straat;
   (viii) 'n (wat nie herroep kan word nie) daad;
   (ix) 'n (wat diep en deeglik is) kennis;
   (x) 'n (wat dikwels voorkom) gebeurtenis.
10. *Gee een woord vir elkeen van die volgende:*
   (i) Die persoon wat 'n toneelgeselskap afrig.
   (ii) Die plek waar 'n geneesheer jou 'n onderhoud toestaan.
   (iii) 'n Telegram wat deur middel van die telefoon by die poskantoor ingelewer word.
   (iv) 'n Periode van tien jaar.
   (v) Die plek waar ou dokumente (ens.) bewaar word.

## IDIOMATIESE TAAL- EN WOORDGEBRUIK

1. *Gee idiome vir die volgende verklaringe. Maak gebruik van die sleutelwoorde tussen hakies:*
   (*a*) Iemand fop of bedrieg (bos).
   (*b*) Hy is nie by sy volle verstand nie (windmeul).
   (*c*) Die kind is soos die ouer (appel).
   (*d*) Hy vlei jou (heuning).
   (*e*) Klein kinders luister fyn (muisies).
   (*f*) Dit vererger die saak (olie).
   (*g*) Hy hardloop weg (rieme).
   (*h*) Hulle is welgesteld (warmpies).
   (*i*) Trou is 'n ernstige saak (perde).
   (*j*) Die kind is baie vrypostig (wa).
   (*k*) Moet hom nie dwarsboom nie (vaarwater).
   (*l*) Doen dit dadelik (yster).
   (*m*) Kom ons gaan eet (inwendige mens).
   (*n*) Hy is 'n gedugte teenstander (katjie).
   (*o*) Dis vir my 'n groot belediging (klap).
2. *Voltooi die volgende idiomatiese uitdrukkings:*
   (*a*) Jy sal op jou .......... kry as jy dit durf doen.
   (*b*) Ek laat my nie met 'n blaas .......... op loop ja nie.
   (*c*) Na die droogte trek die boer nou ...........
   (*d*) Honde wat blaf, ...........
   (*e*) Nie om die hondjie nie, maar ...........
   (*f*) Skoenmaker, hou jou by ...........
   (*g*) Ek eet die halfgaar vis met lang ...........
   (*h*) Moenie jou pêrels voor die ...........
   (*i*) Die beste stuurlui ...........
   (*j*) Hy is 'n wolf in ...........
   (*k*) Maak gou; die son trek ...........
3. *Wat word bedoel met die volgende?*

| | | |
|---|---|---|
| 'n slodderkous | 'n windbuks | 'n geldwolf |
| 'n pokkel | 'n ghwar | 'n pampoenkop |
| 'n heethoof | 'n voëlverskrikker | 'n penlekker |
| 'n takhaar | 'n afskaffer | |

4. *Verklaar die volgende uitdrukkinge:*
   (*a*) Hy skiet met spek.
   (*b*) Hy het Jan se hand in die as geslaan.
   (*c*) Nou slaan jy die spyker op die kop.
   (*d*) Sy sit op die bakoond.
   (*e*) Die aap kom uit die mou.
   (*f*) Daar sal dadels van kom.
   (*g*) Dit het jy seker uit jou duim gesuig.
   (*h*) Voor dooiemansdeur kom.
   (*i*) Jou twak is nat.
   (*j*) Jy kan nie van 'n padda vere pluk nie.
5. In die volgende sinne is voorbeelde van personifikasies, vergelykings en metafore *Skryf die sinne neer en sê by elkeen watter vorm van die genoemde stylfigure daarin voorkom. Onderstreep ook die betrokke sinsdele.*
   (*a*) Jan is so lelik soos die nag.
   (*b*) Die sakeman is 'n geldwolf.
   (*c*) Die bome staan soos brandwagte teen die westerkim.
   (*d*) „Jy is 'n klipkop, Piet," sê die onderwyser.
   (*e*) Die nagwind fluister deur die boomtoppe.
   (*f*) Piet is so taai soos 'n ratel.

(*g*) Hierdie ou motor is taai.
(*h*) Hy het 'n vuil mond. Bly weg van hom.
(*i*) Die son kasty ons met sy felle strale.
(*j*) Jy lyk nes 'n voëlverskrikker, Jan!

## TAALSUIWERHEID EN ANGLISISMES

1. *Skryf die volgende woorde onder mekaar neer en onderstreep die lettergrepe waarop die klem val wanneer die woorde uitgespreek word:*
bioskoop, minister, telegram, botanie, chemie, direk, telefoon, katalogus, kontak, politiek.
2. *Gee suiwerder Afrikaanse sinonieme vir die volgende woorde:*
krediteure, outeur, applous, informasie, objeksie, appresieer, konneksie, eksporteer, fantasie, korrigeer.
3. *Vertaal die volgende Engelse motorterme in suiwer Afrikaans:*
misfire, plug, screen-wipers, silencer, spare wheel, speed trap, bonnet, choke, cubby hole, dashboard.
4. *Vertaal in suiwer Afrikaans:*
locket, hot-house, fibre glass, cellotape, baby sitter, cocktail, grape-fruit, milk shake, bathing cap, wall-paper.
5. *Soos die vorige:*
(*a*) Give your luggage to the porter.
(*b*) Bring me a sample.
(*c*) The propeller of the aeroplane.
(*d*) My bicycle has a carrier.
(*e*) I am going away for Easter week-end.
(*f*) The lights fused.
(*g*) What is the time?
(*h*) I am sorry.
(*i*) I am pulling your leg.
(*j*) It is hard lines!
(*k*) Will you look after the children?
(*l*) Please excuse me; I won't be long.
(*m*) I am in his good books.
(*n*) Spare parts for motor cars are expensive.
(*o*) You can take my word.
6. *Soos die vorige:*
lighthouse, aerial, flour, necklace, odd jobs, Salvation Army, don't worry, hard lines, sandpaper, chips, menu, step-ladder, rough play, lime juice, budgie.
7. *Suiwer die volgende sinne van alle goggas:*
(*a*) Sorry, het ek jou afgesit?
(*b*) Hy het my 'n vuil kyk gegee.
(*c*) Ek sit op naalde en spelde.
(*d*) Hy vat graag 'n kans.
(*e*) Moenie hom verkeerd opvryf nie; hy verloor gou sy humeur.
(*f*) My pa groei vrugte op sy plaas, maar ek gaan in vir skaapboerdery.
(*g*) Jy maak ook altyd 'n berg van 'n molshoop.
(*h*) Toemaar, ek grap maar net!
8. (*a*) *Verwyder die Anglisismes in onderstaande:*
(i) Hy maak my op teen julle en dink ek is baie opgenome daarmee.
(ii) Hy gaan nou op verlof nadat hy al lankal op die komitee dien.
(iii) Hy het laas week vir drie dae hier gekuier.
(iv) As sy geluk vandag in is, sal Piet vir hom borg staan.
(v) Die kindjie in die spaarkamer sny nou haar tande.
(vi) Ek het sy brief geantwoord om hom te sê ons span gaan hulle s'n wen.

(vii) Na ek hom by sy huis gaan sien het, het ek gaan slaap.
(viii) Hy het die storie opgemaak dat Piet so opgenome is met sy werk.
(ix) Toe ek laas week in die dam geswem het, het ek 'n koue gevang.
(x) Hy het nou en dan vir 'n week by sy oom gaan kuier.

(*b*) *Skryf 'n suiwer Afrikaanse woord naas elkeen van die volgende:*
pionier, respek, subskripsie, eggo, notas.

9. (*a*) *Suiwer onderstaande van Anglisismes:*
(i) Ek het die wond self gesien wat hy aan dood is.
(ii) Meeste mense roep die dokter as hul seer kry as hul hul asem optrek.
(iii) Sy ouers was baie angstig om hom vir veiligheid teen pokkies te laat inent terwyl die dokter nou entstof op hande het.

(*b*) *Skryf 'n suiwerder Afrikaanse woord naas elkeen van die volgende.*
opinie, nomineer, retireer, prinsiep, entoesiasme, petisie, motief.

## C. GEMENGDE TOETSOEFENINGE

**Oefening 1**

1. *Gee ander Afrikaanse woorde vir:*
admireer, adviseer, applous, appresieer, debiteur, krediteur, distansie, eleksie, filosoof, industrie, intellektueel, kwantiteit en kwaliteit, professor, sillabe, vokaal.

2. *Wat noem ek:*
(*a*) 'n versameling koffers, tasse en trommels op die stasie;
(*b*) 'n versameling koppies, pierings, glase;
(*c*) melk room, botter, kaas;
(*d*) lemoene, nartjies, pomelo's ens.;
(*e*) die plek van waar radio-berigte uitgesaai word;
(*f*) die plek waar predikante opgelei word;
(*g*) iemand wat die vlag by 'n voetbalwedstryd opsteek;
(*h*) iemand wat toesien dat die bepalinge van 'n boedel uitgevoer word;
(*i*) iemand wat in die plek van 'n minderjarige koning(-in) regeer (manlik of vroulik);
(*j*) iemand wat geen vleis eet nie?

3. *Skrywe onderstaande sinne oor met die korrekte uit die woorde tussen hakies:*
(*a*) Hy sê Ds. kom nog (huisbesoek, huisbesoeking) doen.
(*b*) Dit is (in groot mate, in 'n groot mate, tot 'n groot mate) waar.
(*c*) Hy het ('n koutjie, 'n kouetjie, 'n kouentjie) gevat.
(*d*) Hy ken baie (tekse, tekste) in die Bybel.
(*e*) Dit is bloot 'n poging, en jy moet dit (as sulks, as sodanig) beoordeel.
(*f*) Hy bid tot God (Wie, wie, Wat, wat) hom hoor.
(*g*) Jy moet dit (mondeling, mondelings) doen.
(*h*) Die kleed is met goud (omboor, geomboor, omgeboor).
(*i*) Ons is van baie voorregte (verstoke, ontstoke).
(*j*) Ons stadsraad se kantore is in die (stadhuis, stadshuis).

4. *Skrywe die woorde neer wat in die volgende sinne ontbreek:*
(*a*) Hy help my nie; ..........., hy hinder my.
(*b*) Gert is slim; Piet is ........... dom.
(*c*) ........... dit nie glo nie, is baie ongelowig.
(*d*) Hy is selde of ........... teenwoordig.
(*e*) In erns en ...........
(*f*) Hy sal hom bepaald nog vasloop; dis wis en ...........
(*g*) Die mense het van heinde en ........... gekom.
(*h*) Jy kan my nie hiet en ........... soos jy wil nie.
(*i*) Dit vorm immers skering en ...........
(*j*) Hy het alles romp en ........... verkoop.

5. *Skrywe 'n naamwoord neer wat van die woord tussen hakies afgelei is.*
   (*a*) Hulle weet nog nie; hulle is nuwe (aankom).
   (*b*) Hulle is almal (afstam) van daardie ou vader.
   (*c*) Vir so 'n (woes) is ek bang.
   (*d*) Ek kry altyd 'n (verstoot) jammer.
   (*e*) Die (verban) verlang na sy vaderland.
   (*f*) Jou geleerdheid bring jou tot (raas).
   (*g*) Die dogter openbaar 'n (heg) aan haar moeder.
   (*h*) Sulke (onbeskof) kan ek nie duld nie.

**Oefening 2**

1. *Skryf die woorde in vet druk oor en vul voorsetsels weerskante in.*
   (*Voorbeeld:* Hy kom ......... spyte ......... sy siekte ......... ten spyte van):
   (*a*) En toe word hy ......... **oormaat** ......... ramp nog siek ook.
   (*b*) Ma wou eers nie, maar sy het later ......... **aandrang** ......... ons kinders ingewillig.
   (*c*) So baie bome het ......... **prooi** ......... die vlamme geval.
   (*d*) Hulle het ......... **weerwil** ......... heftige teenstand gewen.
   (*e*) Die klas het dit ......... **oorleg** ......... die onderwyser gedoen.
2. *Voltooi deur woorde in te vul wat die teenoorgestelde betekenis as die tussen hakies het:*
   (*a*) Dit is die (alfa) en die .........
   (*b*) Hy is nie 'n (reus) nie, maar 'n .........
   (*c*) Is jy (optimisties) of .........
   (*d*) Die (gees) is gewillig, maar die ......... is swak.
   (*e*) In plaas van die saak te (vergemaklik) het jy dit .........
   (*f*) Verlede jaar het die koei 'n (bul)-kalf gehad; vanjaar het sy 'n ......... kalf.
   (*g*) Die water is (pekelsout) en ons wil dit ......... hê.
   (*h*) Die digter sing van die (wel) en die ......... van die volk.
   (*i*) Hulle is nie (beroepspelers) nie, maar blote .........
   (*j*) Die wat in (trane) saai, sal met ......... maai.
3. *Vul passende werkwoorde in en gebruik in sinne:*
   stappe ........., agterdog ........., akkoord ........., appèl ........., 'n begroting ........., 'n verslag ........., dank ........., hulde ........., besware ........., geduld ........., jou gevoelens ........., 'n heildronk ........., invloed ........., klagtes ........., eise ........., jou lot ........., jou lendene ........., lont ........., selfmoord ........., 'n pleidooi ........., die stilswye ........., weerklank .........
4. *Doen nou dieselfde met:*
   (*Voorbeeld:* arm ......... so arm soos 'n **kerkmuis**)
   dronk, gereeld, kwaai, listig, reg, regop, sedig, siek, skaars, lelik, stadig, trots, vry.
5. *Gee die afkortings vir:* poskantoor, byvoorbeeld, te wete, deelwoord, standerd.

**Oefening 3**

1. *Vertaal in suiwer Afrikaans:*
   (*a*) Last week many bargains were made at Brown's.
   (*b*) You must see that he puts on his coat in time after supper.
   (*c*) Seeing that it is an old second-hand car, you must go slowly round sharp turns.
   (*d*) Last time the examination papers were handed in late.
   (*e*) During interval we bought biscuits, chocolates and ice-cream.
   (*f*) Birds of a feather flock together.
2. *Gee idiome vir die volgende:*
   (*a*) Die tien gebooie.
   (*b*) Baie oud word.
   (*c*) Jou klaarmaak vir die stryd.
   (*d*) By 'n huis aankom as die maaltyd verby is.
   (*e*) Jouself ondersoek.
   (*f*) Invloedryke mense kry baie kritiek.
   (*g*) Kinders luister baie fyn.

3. *Wat noem ons iemand wat:*
   (*a*) 'n Orkes dirigeer.
   (*b*) Op ander teer.
   (*c*) Geen sterke drank gebruik nie.
   (*d*) Baie snaaks is en jou laat lag.
   (*e*) Graag en baie (dikwels te veel) eet.
   (*f*) Op 'n trein kos en drank bedien.
   (*g*) Toesien dat die bepalings van 'n boedel uitgevoer word.
   (*h*) 'n Blomwinkel het.
   (*i*) Vis vanaf die rotse vang.
   (*j*) Tydens 'n oorlog met kanonne werk.
4. *Voltooi die volgende sinne:*
   (*a*) Ek sal dit so nimmer as te .......... doen nie.
   (*b*) Oos, Wes; tuis ..........
   (*c*) Ek was nie hier nie; gevolglik kan jy .......... dit nie ten laste lê nie.
   (*d*) Moenie so uitbundig lag nie; na vrolikheid kom ..........
   (*e*) Dis dié .......... ek geen mens meer glo nie.
   (*f*) Deur sy mooi optrede is die saak in .......... minne geskik.
   (*g*) Na sy onlangse siekte geniet hy nou weer blakende ..........
   (*h*) Hierdie onheilspellende tekens voorspel niks .......... nie.
5. *Skrywe die verlede deelwoord (na het) neer van:*
   kwytskeld, omskep, aanvaar, oorbluf, volbring, wedervaar, weerkaats, weergee, huisves, karwei.

**Oefening 4**

1. *Skrywe nou die korrekte vorm van die werkwoord tussen hakies neer:*
   (*Voorbeeld:* Op die (ploeg) lande – *geploegde* lande.)
   (*a*) Dis die tiende (hersien) druk van die boek.
   (*b*) In die (beantwoord) vrae het jy goed gevaar.
   (*c*) Is dit (kerf) tabak?
   (*d*) Skrywe net die (vereis) lengte.
   (*e*) Die seun het 'n (besproet) gesig.
   (*f*) Betoon 'n (verslaan) vyand genade.
   (*g*) Sy is 'n (skei) vrou.
   (*h*) Daar hang (vergroot) portrette aan die muur.
   (*i*) Dis van (giet) yster gemaak.
   (*j*) Die (agterbly) kinders was baie hartseer.
2. *Skrywe die skuinsgedrukte dele oor met die korrekte woord uit die drie tussen hakies:*
   (*a*) My broertjie is *in (standerd, standard, standaard) ses.*
   (*b*) Hy is te trots *om sy sonde te (beken, erken, herken).*
   (*c*) Jy moet dit met *'n soen (beseel, beseël, verseël).*
   (*d*) Die wa het *(relings, reëlings, reëls) aan die kante van die buikplank om 'n groter vrag te dra.*
   (*e*) Hulle het hulle *sonder enige (verset, versit, versitting) oorgegee.*
   (*f*) Die aanvoerder het *op die (beul, beuel, bewel) geblaas.*
   (*g*) Ek is nie heeltemal seker nie; *dis 'n blote (gissing, gisting).*
   (*h*) Dit is *'n (bestuur, bestiering, bestierentheid) van God dat hulle nie almal verongeluk het nie.*
   (*i*) Ek het so *'n (begeerte, begerentheid, begeerlikheid) om by jou te wees.*
   (*j*) Hy is *so (interessant, interesseerd, geïnteresseerd) in daardie vak.*
3. *Skrywe die vetgedrukte deel met die ontbrekende voorsetsel neer:*
   (*a*) S. J. du Toit was .......... **huis uit** 'n ware Afrikaner.
   (*b*) Toe word ek .......... **oormaat van ramp** nog siek ook.
   (*c*) Die vader was **verknog** .......... **sy enigste dogter.**
   (*d*) Dit is .......... **alle grond ontbloot.**

(*e*) Onthou jou .......... **alle skyn van die kwaad.**
(*f*) Ek kon my nie .......... **sy greep ontworstel nie.**
(*g*) Sy **verkeer** .......... **die waan** dat sy mooi is.
(*h*) Daardie handelwyse is .......... **die bose.**

4. *Gebruik die twee meervoude van die vlg. mondeling in sinne:*
bal, bas, gif, hart, motor, skop, skut.
5. *Gee die intensiewe vorm van (bv.* **vet** – **spekvet**):
blank, dig, duur, gerus, graag, heet, hoog, lelik, nakend, skraal, swak, toe, vas.

**Oefening 5**

1. *Vertaal die volgende in suiwer Afrikaans*
(*a*) Most people take sugar in their coffee.
(*b*) He caught such a cold that the doctor was called in.
(*c*) His work was handed in last week.
(*d*) He asked me what the time was, but I hardly knew what the date was.
(*e*) When that teacher goes on sick leave, the time-table will be changed.
(*f*) He has too many irons in the fire.
(*g*) You should wear links in your cuffs.
2. *Gee idiome vir die volgende:*
(*Voorbeeld:* Hy is dronk – hy loop twee rye spore.
(*a*) Sy is baie nuuskierig.
(*b*) Piet is jaloers.
(*c*) Die gek skeer.
(*d*) Juffrou X is 'n oujongnôi.
(*e*) Trou is 'n baie ernstige saak.
(*f*) As jy genoeg geëet het, is die lekkerste kos naderhand nie meer lekker nie.
(*g*) Onder 'n boel dom mense maak die een met 'n bietjie kennis 'n groot indruk.
3. *Gee een woord vir die woorde tussen hakies:*
(*a*) Mnr. Van der Merwe is die (man wat die skool uitvee).
(*b*) Hy het dit as 'n (wat nie bestry word nie) mosie voorgestel.
(*c*) Dis 'n (instrument waarmee jy die pasiënt se koors meet).
(*d*) Hy is 'n (man wat grond, ens., koop om dit weer met wins te verkoop).
(*e*) Ouma is (só dat sy gedurig in die bed bly).
(*f*) Sy antwoord is (só dat ek daar meer as een betekenis aan kan heg).
(*g*) Hy (gaan rond om hulle op die lys te plaas) die kiesers.
(*h*) Dit is die (plek waar ou dokumente bewaar word).
(*i*) Piet is die vereniging se (man wat die geldsake beheer).
(*j*) Oom Daan is 'n (al die mense se vriend).
4. *Skrywe die korrekte woord uit die paar tussen hakies neer:*
(*a*) (Peil, peul, pyl) na die rivier toe.
(*b*) Die lug is (deinserig, dynserig, deinsterig).
(*c*) Die huis is met (klippe, klippies, klippers) gebou.
(*d*) Dit is 'n praatjie oor (wêreldgebeure, wêreldgebeurde, wêreldse gebeure).
(*e*) Ek was warm en het toe 'n (koutjie, kouentjie, kouetjie) gevat.
(*f*) Daar is 'n (skaarste, skaarsheid, skaarsste) aan botter.
(*g*) Dis maar net 'n kort (lewenskets, lewensskets, leweskets).
(*h*) Een van die dae het ons 'n (musiekaand, musikale aand, musieklike aand).
(*i*) Die graan groei (welig, weelderig, swierig).
(*j*) Op die bruilof het oom Danie 'n mooi (toespraak, voorspraak, aanspraak) afgesteek.
5. *Gee die vroulike van:*
begeleier, eienaar, kelner, masseur, monnik, orrelis, voog.

**Oefening 6**

1. *Skrywe die voorsetsels neer wat in die volgende sinne ontbreek:*
   (*a*) Hy is .......... die personeel aangestel.
   (*b*) Gert snak .......... sy asem.
   (*c*) Hulle bid .......... reën.
   (*d*) Doen aansoek .......... daardie betrekking.
   (*e*) Dit is .......... alle waarskynlikheid die waarheid.
   (*f*) Hierdie antwoord is .......... my mening verkeerd.
   (*g*) Hulle lewe hoofsaaklik .......... vrugte.
   (*h*) Ongelukkig is hy .......... daardie idee behep.
   (*i*) Vermenigvuldig vyf .......... twee.
   (*j*) So 'n voorstel is .......... die bose.
2. *Lei nou byvoeglike naamwoorde van die volgende woorde af en skrywe passende self standige naamwoorde daaragter:*
   (*Voorbeeld:* adel – van adellike afkoms.)
   (*a*) dokument (*b*) posisie (*c*) metode
   (*d*) propaganda (*e*) professor (*f*) sekretaris
3. *Skrywe die verlede deelwoord van die vlg. wwe. neer met 'n passende s.nw. daaragter* (bv. aflê – die afgelegde weg):
   beantwoord, hersien, misluk, ent, vereis, onderteken, verbaas, verwoes, vrees, wit, aanneem, agterbly, bederf, doen, dwing, ly, skryf, spreek, volbring, bevries.
4. *Wat is die teenoorgestelde van:*
   aanraai, erken, blondine, egoïs, abstrak, afbrekend, optimis, bemoeilik, verminder, opsioneel.
5. *Gebruik in sinne:*
   vir 'n appel en 'n ei, van bakboord na stuurboord, die wel en die wee, gunste en gawe, teen heug en meug, myn en dyn, van Pontius na Pilatus, romp en stomp met snaar en stramboel, die staf en steun, tot tyd en wyl.

**Oefening 7**

1. *Vertaal die volgende sinne in suiwer Afrikaans.*
   (*a*) Most people do not come in time.
   (*b*) It will take you quarter of an hour to tear up all those papers.
   (*c*) The naughty boy was at last caught by the teacher.
   (*d*) You must see that you do your work after school.
   (*e*) As his father was not in, I did not want to come in.
   (*f*) In summer I prefer ice-cream to coffee.
   (*g*) After all I know what to do, and so you need not tell me.
   (*h*) If you have so many irons in the fire, you cannot make up for lost time.
   (*i*) Have you taken steps to go on sick leave?
   (*j*) I served on that committee for ten years.
2. *Voltooi die volgende spreekwoorde:*
   (*a*) Ver van jou goed, . . . . .
   (*b*) Die môrestond het . . . . .
   (*c*) Meng jou met die semels, dan . . . . .
   (*d*) Ledigheid is . . . . .
   (*e*) Vroeg ryp, vroeg vrot; vroeg wys, . . . . .
   (*f*) Hoë bome vang . . . . .
   (*g*) Hy het die klok hoor lui, maar . . . . .
   (*h*) Hoe kaler jakkals, . . . . .
   (*i*) Soveel hoofde, . . . . .
   (*j*) Ondank is . . . . .

3. *Bokke, skape, ens., noem ons* **kleinvee.**
*Skrywe nou 'n versamelnaam vir elk van die volgende groepe neer:*
   (*a*) Beeste, perde, muile.
   (*b*) Olifante, renosters, leeus.
   (*c*) Koffie, tee, suiker, meel, rys, sout.
   (*d*) Lemoene, pomelo's, nartjies.
   (*e*) Melk room, kaas, botter.
   (*f*) Borde, koppies, pierings, glase.
   (*g*) Komberse, dekens, lakens.
   (*h*) Motors, karre en voetgangers agter 'n lykwa.
   (*i*) Die geboue, buitegeboue, bome en werf van 'n plaas.
   (*j*) Trommels, koffers, tasse en handsakke.
4. *Vorm afgeleide byvoeglike naamwoorde van en skryf 'n passende s.nw. daaragter* (bv. alfabet – alfabetiese orde):
alkohol, amp, atmosfeer, broer, departement, despoot, dokument, element, fabel, idioom, kompliment, kultuur, melodie, opsie, professor, republiek, sarkasme, sisteem, vulkaan.
5. *Skrywe die verlede deelwoord na „het" neer van*
(*Voorbeeld:* omhels – sy moeder het hom omhels):

| | | |
|---|---|---|
| (*a*) uitoorlê | (*b*) ondermyn | (*c*) weerkaats |
| (*d*) kwytskel | (*e*) blootstel | (*f*) ginnegaap |
| (*g*) radbraak | (*h*) inkruiwa | (*i*) kapok |
| (*j*) inspireer | | |

**Oefening 8**

1. *Gee die mv. van:*
genoeë, genot, goewerneur-generaal, jas, karos, malva, monnik, resep, slagding, wieg.
2. *Skrywe die regte vorm neer van die werkwoorde tussen hakies:*
   (*a*) Hy is so gemaak en so (laat) staan.
   (*b*) Ek het jou (hoor) roep.
   (*c*) Dit het weer (kapok).
   (*d*) Hy het dit nie (durf) waag nie.
   (*e*) Die leerling het die inhoud mooi (weergee).
   (*f*) Hulle het ons die hele tyd (herberg).
   (*g*) Jy kon mos toe die bewerings (weerlê) het.
   (*h*) So wil ek dit mos gedoen (hê).
   (*i*) Jy (moet) dit mos al gister gedoen het.
   (*j*) Die dronk man het die hele pad (slingerstap).
3. *In die volgende stukkie kom tien spelfoute voor. Gee die korrekte spelling aan:*
Op pad na die Kruger wildtuin het ons in die Protea Hotel oornag. Die maandagoggend vroeg het ons die eerste wild gewaar, ondermeer 'n ou Elandbul. 'n Paar oorseese besoekers het hulle vêrkyk aan die kameelperde. Hulle was natuurlik met vêrkykers gewapen, omdat hulle nie te na-aan die diere wou gaan nie.
Na 'n genoeglike week is ons weer huis-toe.
4. *Waarvoor staan die volgende afkortinge?*
m.b.t., t.t., a.g.v., V.V.O., Rdb., S.A.L.U.
5. *Gebruik in sinne:*
boud en bout, dokter en doktor, end en ent, mied en miet, mild en milt, pand en pant, peil en pyl, pond en pont, skud en skut, steil en styl, vlei en vly, wei en wy.

**Oefening 9**

1. *Vertaal die volgende sinne in suiwer Afrikaans* (idiomaties waar moontlik)·
   (*a*) If you let the cat out of the bag, I shall be in hot water.
   (*b*) As a rule our teacher is not taken up with our work.

(*c*) When the children kicked up such a row, I lost my temper.
(*d*) After the bell had gone, we stood in straight lines.
(*e*) „How do you do?" he said, when I introduced him to the girl.
(*f*) I do not know exactly what the time is; it must be about six o'clock.
(*g*) Nowadays many people enjoy classical music.
(*h*) Who wears tails to a matinee?
(*i*) He was on the verge of a nervous breakdown.
(*j*) I served on that committee for ten years.

2. As jy aanhou uitstel, doen jy naderhand nie die ding nie. **Van uitstel kom afstel.**
*Druk nou enige vyf van die volgende deur middel van spreekwoorde uit*
(*a*) Hy is donker van kleur.
(*b*) Sy is jaloers.
(*c*) Sy vrou speel oor hom die baas.
(*d*) Hy sal nie oud word nie.
(*e*) Dit gaan met hom besonder voorspoedig.
(*f*) Hy is welgesteld en besit baie.
(*g*) As jy honger is, smaak al die kos lekker.
(*h*) Jan is 'n groot redenaar.

3. *Skrywe die skuinsgedrukte dele van onderstaande sinne oor en verbeter waar nodig.*
(*a*) Ek *het* die inhoud goed *weergee.*
(*b*) Die boere *sal* weer *subsidieer word.*
(*c*) Die honde *het* weer *baklei.*
(*d*) Deur wie *is jy* toe *geeksamineer?*
(*e*) Geen kind *behoort wantrou te word* nie.
(*f*) Sy *het* x daarop *borduur.*
(*g*) Die generaal het genade *teenoor die oorwonnes* betoon.

4. Dit is (Suid-Afrika) hout – **Suid-Afrikaanse** hout.
*Lei nou byvoeglike naamwoorde af van die woorde wat tussen hakies staan*
(*a*) Die (Asië) vraagstuk.
(*b*) Die (Siam) tweeling.
(*c*) Dis seker (Kanada) appels.
(*d*) Te min (statistiek) gegewens.
(*e*) Ons ontvang (klas) onderwys.
(*f*) Dis (instrument) musiek.
(*g*) Te min (indiwidu) aandag.
(*h*) Dis maar 'n (fragment) behandeling.
(*i*) Hulle is 'n (musiek) familie.
(*j*) Te veel (atmosfeer) stoornisse.

5. *Gebruik mondeling in sinne:*
by gebrek aan, by monde van, in antwoord op, in verband met, met betrekking tot, met behulp van, op aanklag van, op koste van, ter herinnering aan.

**Oefening 10**

1. *Skrywe die vetgedrukte deel met die ontbrekende woord neer:*
(*a*) Hy **beweeg hemel en** .......... om dit reg te kry.
(*b*) Hulle **skree net moord en** ..........
(*c*) Ek weet nie **herwaarts of** .......... nie.
(*d*) Hy het ons dit **vers en** .......... bewys.
(*e*) Ek het jou dit **male sonder** .......... gesê.
(*f*) Arbeid **adel**, maar **rus** ..........
(*g*) Ons het van die reisiger **taal nog** .......... ontvang.

2. *Gee woorde met dieselfde betekenis as dié tussen hakies.*
(*a*) Hulle het nog nie (subskripsie) betaal nie.
(*b*) Dit is 'n interessante (periode) in die geskiedenis.

(*c*) Luister na die (eggo) in die klowe.
(*d*) Weet jy iets van die (romanse) tussen Anna en Piet?
(*e*) Hy hou van (matesis).
(*f*) (Visenteer) alles en kyk of jy niks verdags kry nie.

3. *Sê wat elk van die volgende idiome beteken:*
(*a*) Jy lê nou die vinger op die wond.
(*b*) Hy is 'n wolf in skaapsklere.
(*c*) Skoenmaker, hou jou by jou lees.
(*d*) Hy het my lelik ingeklim.
(*e*) Waar bloed nie kan loop nie, daar kruip dit.

4. *Onderstreep die gedeeltes van die volgende woorde wat beklemtoon moet word wanneer hulle uitgespreek word:*
telegram, paragraaf, historikus, katalogus, helaas.

5. *Gebruik in sinne:*
handelsreisiger, droster, regisseur, klant, kliënt, kruier, komediant, propagandis, beroepsvoorligter, beterweter.

## Oefening 11

1. *Gee die regte Afrikaanse woorde vir die volgende:*
cellotape, cubby hole, groceries, label, gamble, milk shake, bonfire, reverse gear, speed trap, bumper.

2. *Skrywe die ontbrekende gedeeltes van die volgende sinne neer:*
(*a*) Die ou dame is so doof soos 'n ...........
(*b*) Na die operasie is hy weer so reg soos 'n ...........
(*c*) Ek voel so siek soos 'n ...........
(*d*) Hy is so lelik soos die ...........
(*e*) Jan vloek soos 'n ...........
(*f*) Daardie feit staan soos 'n ...........
(*g*) En toe begin hy lag asof ...........
(*h*) Die môrestond het ...........
(*i*) Ek het hom so sleg gesê dat ...........
(*j*) Liewer bang Jan as ...........

3. *Vorm afgeleide persoonsname van* (bv. aankom – aankomeling):
guns, huigel, koets, kollekteer, kontroleer, masjien, praktiseer, redigeer, spekuleer, stom.

4. *Benoem die skuinsgedrukte woordsoorte (rededele) in die volgende stuk:*
„*Bô . . . gom*! Hees en *gebiedend van* die *ou* mannetjie op wag aan die westelike *helling* van die Korannaberg . . . Die ou *is* 'n knewel van 'n bobbejaan en *net* hoogmoedig . . . Die bevele *wat* hy gegee *het*, sal hy *ten* uitvoer moet bring."
Uit „*Kees van die Kalahari*"

5. *Gebruik in sinne:*
laan, laning; swik, swig; snork, snert; knetter, kwetter.

## Oefening 12

1. *Vul die juiste vorm van die lidwoord in*
(*a*) Die moordenaar is ........... dood veroordeel.
(*b*) Dit is maar ........... dele waar.
(*c*) Die verslag is ........... tafel gelê.
(*d*) Hy is geen engel ........... ligs nie.
(*e*) Gee voorbeelde ........... verduideliking.

2. *Verkort die volgende sinne deur die skuinsgedrukte gedeeltes te verander*
(*a*) *Die geld wat hy geërf het*, het hy alles verspil.
(*b*) *Die man wat ons in die Volksraad verteenwoordig*, is tot 'n Minister bevorder.
(*c*) *Al was hy baie uitgeput*, het hy tot die bitter einde aangehou.

(*d*) Hulle is besig om ons rugbyveld met *die groot implement wat die grond voor hom uitstoot*, gelyk te maak.
(*e*) Moeder het die wond met *pleister wat aan die vel vaskleef*, toegeplak.

3. *Voorsien die volgende stuk van die ontbrekende leestekens:*
Ek is die Voorsienigheid baie dank verskuldig het pres. Steyn begin dat Hy my gespaar het om ook my weinige by te dra om die Kolonies van Suid-Afrika te verenig maar menere ons kan die werk maar net sowel ongedaan laat soos dit is tensy ons ook probeer om die twee blanke rasse te verenig.
4. *Gee die meervoud van:*
aanbod, slagding, Marais, botanikus, superintendent-generaal, voorman, gemoed, ma.
5. *Gee idiome vir die volgende verklaringe. Maak gebruik van die sleutelwoorde tussen hakies:*
(*a*) Hy voer niks uit nie. (hond)
(*b*) Hy vlei jou net. (heuning)
(*c*) Klein kinders luister fyn. (muisies)
(*d*) Jy kan nie van iemand wat nie kan betaal, geld kry nie. (padda)
(*e*) Spotter kry sy loon. (huis)
(*f*) 'n Gevaar wat jou gedurig bedreig. (Damokles)
(*g*) Voorbarig wees. (wa)

**Oefening 13**

1. (*a*) *Gee die trappe van vergelyking van:*
los, slu, presies, begaafd, goed, baie, ruig.
(*b*) *Gebruik die volgende werkwoorde in kort sinnetjies*, eers *oorganklik*, en dan *onoorganklik·*
drink, plant, skeer.
2. *Vorm samestellinge van die volgende woorde.*
mou + gat; siel + angs; noem + waardig; lip + taal; hel + vaart; brief + bus; meer + deels; kreef + gang; bruid + koek.
3. *Gee een woord vir die volgende:*
(*a*) Die dun staaf waaroor 'n mens die handdoek in die badkamer hang.
(*b*) Die houtstrook waaraan prente en skilderye opgehang word.
(*c*) Die plek in die muur waarin 'n mens die steker van 'n elektriese ketel (of ander apparaat) druk om die elektriese stroom te bereik.
(*d*) 'n Boek wat baie gewild is en deur duisende mense gekoop word.
(*e*) Die groot mes waarmee jou pa die braaiboud stukkend sny voor ete.
(*f*) Die twee armpies wat die reëndruppels van 'n motor se voorste ruit verwyder.
(*g*) Die growwe papier waarmee hout se oppervlakte gelyk geskuur word.
(*h*) Iemand wat baie waag.
(*i*) 'n Pad vir voetgangers onder deur 'n treinspoor.
4. *Gee die verkleinwoorde van die volgende:*
kam, nôi, ma, vygie, gat, Marais, glas, slang.
5. *Ontleed in hoof- en bysinne:*
Ons woon naby die kus waar daar altyd 'n koel aandluggie waai wanneer dit in die binneland so warm is dat die kraaie gaap.

**Oefening 14**

1. *Gee een woord vir die skuinsgedrukte sinsdele.*
(*a*) Die *man wat die verdowingsmiddel tydens 'n operasie toedien*, het tien rand vir sy werk gevra.
(*b*) Dr. X. is 'n *man wat gespesialiseer het in oogkwale.*
(*c*) Daardie gebou is 'n *hospitaal waar sielsieke pasiënte behandel word.*
(*d*) Op die *man wat 'n lokomotief bestuur*, rus 'n groot verantwoordelikheid.

(*e*) *Persone wat in motorhawes aan die masjiene van motors werk* se hande is altyd met teer en olie besmeer.
(*f*) Tydens die destydse *stemming deur al die stemgeregtigde kiesers van die land*, is besluit dat Suid-Afrika 'n republiek moet word.
(*g*) Die boere is besig om hul lande te oes met *implemente wat die graan afsny en uitdors.*

2. *Haal uit die volgende sinnetjies:*
(*a*) 'n Selfstandige werkwoord.
(*b*) 'n Koppelwerkwoord.
(*c*) 'n Wederkerende werkwoord.
(*d*) 'n Hulpwerkwoord van tyd.
(i) Die voëls vlieg.
(ii) Jy verbeel jou glad te veel.
(iii) Jan word nou vinnig ryk.
(iv) Ek het tog gesien wat jy nie mag sien nie.

3. *Gee die vroulik vir·*
bulkalf, wewenaar, swaer, eggenoot, redakteur, voog, masseur, eksaminator, bokram, Christen.

4. *Watter van die volgende is die regte spelling?*
(*a*) Pa hulle of Pa-hulle.
(*b*) Malan straat of Malan-straat of Malanstraat.
(*c*) Onder-voorsitter of ondervoorsitter.
(*d*) Pronkertjie of pronk-ertjie ('n blomsoort).
(*e*) Suidwes-Afrika of Suidwes Afrika.

5. *Watter rededele is die skuinsgedrukte woorde?*
(*a*) Die *ryp* appels *ryp* dood.
(*b*) Die *lui* seun is altyd *lui*, selfs al *lui* die klok.
(*c*) Sy lyk *mooi* en Sy sing ook *mooi*.

## Oefening 15

1. *Voltooi die volgende vergelykings.*
(*a*) So koel soos 'n .........
(*b*) Hy slaap soos 'n .........
(*c*) Hy bewe soos 'n .........
(*d*) So taai soos 'n .........
(*e*) So lelik soos die .........
(*f*) Hy is so slim soos .........
(*g*) Hy sit soos 'n .........
(*h*) So dom soos .........
(*i*) So helder soos .........

2. *Verbind die volgende pare sinne tot een sin.*
(*a*) Dis my fiets hierdie. Ek ry daarop.
(*b*) Is dit jou pa? Hy loop daar.
(*c*) Sien jy die koei? Ek wys na haar.
(*d*) Ek ken die seun. Julle praat van hom.
(*e*) Bring vir my die boek. Jy het daarvan gepraat.

3. *Verduidelik kortliks wat die werk is van:*
(*a*) 'n Kolporteur
(*b*) 'n Makelaar
(*c*) 'n Beroepsvoorligter
(*d*) 'n Skildwag
(*e*) 'n Proefleser
(*f*) 'n Bestekopnemer
(*g*) 'n Registrateur
(*h*) 'n Grensregter
(*i*) 'n Duikklopper
(*j*) 'n Moderator.

4. *Watter van die volgende is reg gespel?*
doopseel of doopseël
gereëld of gereeld
dieet of diëet
opdraand of opdraend

elektriesiteit of elektiisiteit
nê of né of nê
seunsskool of seunskool.

onmiddelik of onmiddellik
Engelssprekend of Engelsprekend

5. *Waarvoor staan die volgende afkortinge?*
drr.; d.i.; hh.; h/v.; I.K.; Pk.; pk.; nm.; s.g.; N.B.

**Oefening 16**

1. (*a*) Gebruik **oorlê** skeibaar in 'n kort sinnetjie.
(*b*) Gebruik **voorspel** onskeibaar in 'n kort sinnetjie.
(*c*) Gebruik die swak verlede deelwoord van **buig** as 'n byvoeglike naamwoord in 'n kort sinnetjie.
(*d*) *Skryf in die direkte rede:* Die onderwyser het die leerlinge beveel om die kamer onmiddellik te verlaat. Sulke wanordelikheid sou hy nie duld nie.
(*e*) Gee die *teenoorgestelde* van: snags, selde, herwaarts, allesins, vanmelewe.
2. (i) *Brei die skuinsgedrukte sinsnedes uit tot bysinne:*
(*a*) *Op die hoogste kranse* bou die voël sy nes.
(*b*) Hy het *gedurende die oorlog* gesneuwel.
(*c*) *Jou storie* klink vir my ongelooflik.
(*d*) *Weens my siekte* kon ek nie gaan nie.
(*e*) *Volgens die voorsitter* mag net grondeienaars stem.
(ii) *Benoem die bysinne wat jy gebou het.*
3. *Die skuinsgedrukte woorde in die volgende sinne is almal voornaamwoorde. Sê watter* **soort** *elk is:*
(*a*) Ek ken *hom* goed; hy is *my* neef.
(*b*) Onthou julle die voorspelling *wat* ek verlede week gemaak het? *Dit* is nou bewaarheid.
(*c*) Julle behoort *julle* te skaam; groet *mekaar* ordentlik!
4. *Wat is die teenoorgestelde van die volgende woorde?*
kleingeestig, vrywillig, nalatig, doelbewus, stedelik, inhegtenisneming, beskeie, produsent, voorganger, skriftelik, dikwels, met opset.
5. *Gee die meervoud van:*
drif (hartstog); gif ('n geskenk); matras; knoets; klagte; las ('n gewig); ploeg; boog.

**Oefening 17**

1. *Vul gepaste woorde in:*
(*a*) Die seun skree **moord en** ..........
(*b*) Hy het my **pimpel en** .......... geslaan.
(*c*) Die dorp is **in rep en** .......... oor die voorval.
(*d*) Hy het die nuus **wyd en** .......... versprei.
(*e*) Ons het die huis **van hoek tot** .......... deurgesoek.
(*f*) Hy sweer **hoog en** .......... dat hy onskuldig is.
(*g*) Die mens **wik,** maar God ..........
2. (i) *Maak kort sinnetjies* waarin die woord *spruit* in drie verskillende betekenisse gebruik word.
(ii) *Wat is die regte spelling:*
(*a*) *Noodlenigingvonds* of *noodlenigingsfonds?*
(*b*) 'n Nederlaag *lei* of *ly?*
(*c*) 'n *Fietse* of *vietse* dametjie?
(*d*) 'n *Vrank* of *frank* smaak?
(*e*) *Styl* of *steil* hare?
(*f*) Die prokureur se *klant* of *kliënt?*
3. *Sê baie kortliks wat bedoel word met die volgende:*
(*a*) Jy skryf hoofsaaklik **snert.**
(*b*) Hier is die **naafdop** wat jy verloor het.
(*c*) Sy dood is in 'n **flitsberig** aangekondig.

(*d*) 'n **Skakelhuis** is nooit gerieflik nie.
(*e*) Donderdagaand hou ons **proefkonsert.**

4. (*a*) *Skryf in die lydende vorm:*
   (i) Moenie die lemoene eet nie.
   (ii) Dit werk dat dit so gons in die skeerhok.

   (*b*) *Skryf in die verlede tyd:*
   (i) Om dit te leer, is nie speletjies nie.
   (ii) Hy weet lankal dat hy dit moet doen.
   (iii) Ek wil so graag vroeg gaan slaap.
5. *Gee die meervoud van:*
   brug, vlag, eg, bog, a, oupa, kafee, eggo.

**Oefening 18**

1. *Wat noem ons:*
   (*a*) Die persoon wat belasting vir die staat invorder.
   (*b*) Die persoon wat ons pos tuis aflewer.
   (*c*) Iemand wat goedere teen betaling vervoer.
   (*d*) Iemand wat vate van hout maak.
   (*e*) Iemand wat pype, krane, geute, ens. herstel.
   (*f*) Die man wat die reëlings vir 'n begrafnis tref.
   (*g*) 'n Man wat boks- of stoeigevegte reël.
   (*h*) Iemand wat met X-straalapparate werk.
   (*i*) Iemand wat op straat groente en vrugte verkoop.
   (*j*) Iemand wat stoele, rusbanke, motorkussings, ens. beklee.
2. *Voltooi die volgende uitdrukkinge:*
   (*a*) So arm soos 'n ..........
   (*b*) So waar soos ..........
   (*c*) So bitter soos ..........
   (*d*) So koel soos 'n ..........
   (*e*) So blind soos 'n ..........
   (*f*) So goed soos ..........
   (*g*) So sag soos ..........
   (*h*) So vet soos 'n ..........
   (*i*) So swaar soos ..........
   (*j*) So skeel soos 'n ..........
3. *Vul die ontbrekende voorsetsels in:*
   (*a*) Kyk hoe bloos hy .......... sy flater!
   (*b*) Is jy vertroud .......... die omstandighede?
   (*c*) Hy het .......... eed verklaar dat hy nie die beskuldigde ken nie.
   (*d*) Sy ouers weet daar niks van nie; hy het dit .......... eie houtjie gedoen.
   (*e*) Ek het die griep .......... lede en sal nie kan speel nie.
   (*f*) Herinner hom asseblief .......... sy belofte.
   (*g*) Jy praat .......... jou nek!
   (*h*) Ek het .......... toeval op die verlore borsspeld afgekom.
   (*i*) Ek verkies tee .......... melk.
   (*j*) Hy is .......... die oog 'n gawe man.
4. *Gee suiwerder Afrikaanse woorde vir:*
   friksie, edisie, attensie, arriveer, appresieer, futiel, garandeer, tragedie, komedie, unaniem, sillabe, sillabus.
5. *Gee die intensiewe vorm van:*
   (*Voorbeeld:* af – morsaf)
   arm, bedaard, bekend, ryp, gek, oud, rond, wakker, hoog, duur.

**Oefening 19**

1. *Wat noem ons:*
   (*a*) Iemand wat geen sterk drank gebruik nie?
   (*b*) Iemand wat uit ander se sakke steel?
   (*c*) Die man wat die leiding neem by plegtighede soos huwelike?
   (*d*) Iemand wat geen vleis eet nie?
   (*e*) Die inwoners van die Kongo?
   (*f*) Die inwoners van Algerië?

2. *Vertaal die volgende Engelse woorde in suiwer Afrikaans:*
label, bonfire, subway, matinee, aerial, lipstick, handicap, atmospherics, daredevil, cellotape.
3. *Kies die korrekte woord van die woorde tussen hakies:*
(*a*) Hy het 'n (afkeer, afkeur) in lawaaierige mense.
(*b*) Selfs die (beuel, beul) het die ter dood veroordeelde man bejammer toe hy die skavot betree.
(*c*) Die (fyt, feit) in my vinger keil my op.
(*d*) Die (uitset, uitsit) van die bruid het R200 gekos.
(*e*) Die ou tafel is al baie (lamlendig, lendelam).
(*f*) Die (sinlike, sindelike) vrou se huis is altyd baie skoon.
(*g*) Die blomme is in 'n pragtige (vaas, waas) gerangskik.
(*h*) Ek het 'n (namelose, naamlose) brief ontvang.
(*i*) Ek praat (namens, naamlik) al die aanwesiges.
(*j*) Die koek is (bros, broos) en krummel maklik.
4. *Gee sinonieme vir:*
subskripsie, prinsipaal, periode, edisie, rewolusie.
5. *Verduidelik kortliks wat die volgende beteken:*
(*a*) 'n toonvenster (*b*) 'n fonogram (*c*) 'n premie
(*d*) 'n agenda (*e*) 'n hanetreetjie (*f*) 'n emigrant.

## Oefening 20

1. *Gee een woord vir die volgende:*
(*a*) 'n Aantal persone wat 'n minister gaan spreek.
(*b*) 'n Klomp klein vissies saamgeryg aan 'n tou.
(*c*) Die groep mense wat aangestel is om 'n regter te help in sy beslissing.
(*d*) 'n Puik klomp diere, vir teel geregistreer.
(*e*) Die groep persone wat die Springbokspan kies.
(*f*) 'n Klomp pêrels ingeryg in 'n koord.
(*g*) 'n Lang ry mense wat staan en wag om bedien te word.
(*h*) 'n Klomp varkies wat pas gebore is.
(*i*) Die offisiere en matrose op 'n skip.
(*j*) Halssnoere, armbande, ringe, ens.
2. *Gee die korrekte vorm van die woorde tussen hakies:*
(*a*) Jy is die (aanwys) persoon vir daardie werk.
(*b*) Hy is van die duiwel (besit).
(*c*) Ek kan nie van jou (aanbied) hulp gebruik maak nie.
(*d*) (Doen) sake het geen keer nie.
(*e*) Hulle is (sweer) vyande.
(*f*) Dit is (verbied) terrein daardie.
(*g*) Die huigelaar het ons met (oordryf) vriendelikheid ontvang.
(*h*) Agter (sluit) deure.
(*i*) Hy is aan ons firma (verbind).
(*j*) Julle is 'n klomp (bederf) kinders!
3. *Verduidelik kortliks wat die werk of beroep is van:*
(*a*) 'n ambassadeur (*b*) 'n ouditeur (*c*) 'n dramaturg
(*d*) 'n masseur (*e*) 'n radioloog (*f*) 'n rangeerder
(*g*) 'n sipier (*h*) 'n spuitskilder (*g*) 'n opsiener.
4. *Gee woorde met teenoorgestelde betekenisse vir:*
deurdagte, bruto, beroemd, kosbaar, juis, verwerp, eg, aanstel, boeiend, aanwins.
5. *Gee die meervoud van:*
kastanje, naaf, prieel, rabbi, salvo.

**Oefening 21**

1. *Gee een woord vir die volgende:*
   (*a*) Die plek waarop 'n vliegtuig beweeg voordat dit opstyg.
   (*b*) Die bewaarplek vir ammunisie en gewere.
   (*c*) Die werkplek van 'n kunstenaar.
   (*d*) Die plek waar met aandele gehandel word.
   (*e*) Die plek waar lyke tot die begrafnis gehou word.
   (*f*) Die plek waar rolprente aan besoekers wat in hul motors bly sit, vertoon word.
   (*g*) Die plek waar 'n kerkraad vergader (voor die diens).
   (*h*) Die plek waar lyke veras word.
   (*i*) Die plek waar elektriese krag ontwikkel word.
   (*j*) Die plek waar seediere aangehou word.
   (*k*) Die plek waar olie gesuiwer word.
   (*l*) Die plek waar 'n sterk lig seine uitstuur om skepe in die nag teen gevaarlike rotse in die see te waarsku.
2. *Sê baie kortliks wat gedoen word in:*
   (*a*) 'n munt (*b*) 'n skeepswerf (*c*) 'n skut
   (*d*) 'n sterrewag (*e*) 'n pretpark (*f*) 'n kleuterskool
   (*g*) 'n stokery (*h*) 'n pandjieshuis.
3. *Kies die korrekte woord van die woorde tussen hakies:*
   (*a*) Die huis het 'n moderne (bousteil, boustyl).
   (*b*) Ek (wyer, weier) beslis om jou te laat gaan.
   (*c*) Die staat laat elke jaar winkeliers se mate en gewigte (eik, yk).
   (*d*) Die (skut, skud) is vol rondloperdonkies.
   (*e*) Die arme sukkelaar het hopeloos (gevaal, gefaal) in sy poging.
   (*f*) Die droëvrugte is vol (miet, mied) en kan maar vir die varke gegooi word.
   (*g*) Die diepte van die water is drie (faam, vaam).
   (*h*) Die bejaarde boer het nog 'n (fiere, viere) houding.
   (*i*) Die (boortjie, boordjie) wurg my.
   (*j*) Die (portier, portuur) sien saans toe dat die gebou se deure en vensters gesluit is
4. *Gee die vroulike vorm van:*
   diensbode, donkiehings, esel, klaer, reun, tipis.
5. *Gee die trappe van vergelyking van:*
   droog, los, skor, wyd, voos.

**Oefening 22**

1. *Verduidelik kortliks wat elk van die volgende woorde beteken:*
   gewapende beton, 'n teemus, 'n telefoonsentrale, 'n hooflynoproep, 'n noodwiel, 'n windskerm, 'n prentelys, 'n blokkiesvloer, teëgif, 'n opknapper, 'n tuinslang, 'n vangwa, 'n klopjag, tierlantyntjies
2. *Hier volg sinne en onderaan dele wat aan hulle gelas kan word. Skryf nou die sinne oor met die passende dele.*
   (*a*) Niemand wou na sy woorde luister nie; ..........
   (*b*) Ek het gedink hy het dwaas gehandel; ..........
   (*c*) Piet praat maklik in die openbaar; ..........
   (*d*) Jan kon nie die boek bestudeer nie; ..........
   (*e*) Oom Danie is 'n beproefde vredemaker; ..........
   (hy het die moeilikste saak in der minne geskik, hy het dit net ter insage gekry, hy is wel ter tale, hy het syns insiens egter 'n verstandige ding gedoen, hy was 'n stem (des) roepende in die woestyn, hy het te hard geskree, hy het egter die hout gekoop, hy het maklik geswets, hy het die mense weer opgestook.)
3. *Vul die ontbrekende woorde in:*
   (*a*) 'n Mens stil .......... en les ..........
   (*b*) 'n Dankbare volk wil met die oprigting van hierdie standbeeld .......... betuig.
   (*c*) So 'n veragtelike daad wek 'n mens se ..........

(*d*) .......... wek, voorbeelde trek.
(*e*) Die swak leër moes gou die .......... blaas.
(*f*) Jy bejeën hom verniet met ..........; hy is onskuldig.
(*g*) Die man is nie tevrede met die vonnis nie, en gaan .......... aanteken.
(*h*) Toe die skeidsregter 'n verkeerde beslissing gee, het die toeskouers luidkeels .......... aangeteken.
(*i*) Die koning se eertydse onderdane het later teen hom 'n .......... gesmee.
(*j*) Beoefen 'n bietjie ..........; ek kan nie almal gelyk help nie.

4. *Hier volg idiome en onderaan verklarings.*
*Plaas langs elke idioom die verklaring wat daarby pas:*
(*a*) Die geel pak aanhê.
(*b*) Genadebrood kry.
(*c*) Nie sy hand by die werk kan hou nie.
(*d*) Nie om die hondjie nie, maar om die halsbandjie.
(*e*) Lelik knoop.
(Jou swierig aantrek, niks met 'n nôi te doen hê nie, vloek, iemand jammer kry, om 'n ander en belangriker rede as wat jy aangee, 'n tou baie styf vasknoop, om te weier om met 'n hond sonder halsband te stap, nie so goed soos hy kan werk nie, nie meer kan werk nie en nou uit jammerte onderhou word, jaloers wees.)

5. *Voltooi deur woorde in te vul wat die teenoorgestelde betekenis as dié tussen hakies het,*
(*a*) Dit is die (alfa) en die ..........
(*b*) Hy is nie 'n (reus) nie, maar 'n ..........
(*c*) Is jy (optimisties) of ..........
(*d*) Die (gees) is gewillig, maar die .......... is swak.
(*e*) In plaas van die saak te (vergemaklik) het jy dit ..........
(*f*) Verlede jaar het die koei 'n (bul)-kalf gehad; vanjaar het sy 'n .......... kalf.
(*g*) Die water is (pekelsout) en ons wil dit .......... hê.
(*h*) Die digter sing van die (wel) en die .......... van die volk.
(*i*) Hulle is nie (beroepspelers) nie, maar blote ..........
(*j*) Die wat in (trane) saai, sal met .......... maai.

## Oefening 23

1. *Wat of wie of hoe is die volgende?*
'n parasiet, 'n vegetariër, 'n kollektant, 'n beskermheer, die weesheer, 'n herbarium, 'n konsepwetsontwerp, die protokol, 'n industrialis, die beurs, 'n reisgenoot, 'n fonogram, 'n lamsak, 'n omroeper, 'n realis.

2. *Gee ander Afrikaanse woorde vir:*
korrigeer, piano, koöpereer, residensie, garansie, kwotasie (uit 'n gedig), literatuur.
*Gee die teenoorgestelde van:*
verspeel, verwaarloos, minimum, altruïs, wrewel, konkreet, landelik, swygsaam, gebrekkig, roekeloos, saai, ontmoedig, terugtrek, krediteer, spaar.

3. *Skryf oor in meer verhewe Afrikaans:*
(*a*) „Kom ons waai, manne."
(*b*) Jy sal skrik as jy sy tamaai pote sien.
(*c*) Piet lol met Sannie. Een van die dae gaan sy hom opdons.
(*d*) Hy vlieg toe daar weg en hol vir die vales.
(*e*) Jy hou jou pote van my kleingoed af!
(*f*) Hou jou bek, man.
(*g*) Hulle kom ewig laat hier aangesit.
(*h*) Hy slaat hom toe lat die hare waai.
(*i*) In hierdie dekselse wêreld is dit net die hoop natneuse wat nie dood nie.
(*j*) Die ou moet roer met sy rate; anders vreet die luise die hele spul op.

4. *Benoem in die volgende sinne eers die woordsoorte en dan die dele van elke sin* (onderwerp, ens.):
   (*a*) Die koejawels aan die hoogste takke is buite my bereik.
   (*b*) In 'n skeur van die hoogste krans bou 'n bosduif haar nes.
5. *Ontleed in hoof- en bysinne:*
   (*a*) Die man wat dit sê, weet nie wat hy praat nie.
   (*b*) Nadat hy terug gekom het, is hy nie meer die man wat hy was nie.
   (*c*) Die arme kind, deur almal verstoot, het vir my broer kom vra of hy hom nie sal help nie.

## Oefening 24

1. *Vervang die woorde tussen hakies deur afleidinge daarvan:*
   Dis 'n hele (doen) soos die mense klaarmaak vir Nuwejaar.
   Hulle hou nie van sy (groot doen) nie.
   Sou dit nou sommer (windmaak) wees, of wat?
   Stoutheid is lelik, maar (stout) kan 'n mens oor die hoof sien.
   Die veld het nêrens 'n ou (groen) vir die vee nie.
   O (treurig) op note, ek staan op eie pote.
   Die hond sal jou nie byt nie, dis sommer (speel).
   Die (bederf) van die mens, sê hulle, spruit uit sy natuur.
   Ons moet darem die perd sy (wys) afleer.
   Die ouderdom bring (wys) mee.
   Wat se (danig) is dit deesdae met dié twee?
   Hy sal hom nog vasloop met sy (spot).
2. *Iemand wat behae skep in ander se pyn, is 'n sadis. Gee nou self een woord vir elkeen van die volgende (jy sal die antwoord kry in die lys wat ná hierdie kolom volg):*
   (*a*) Iemand wat toneelspelers afrig.
   (*b*) Iemand wat saam met 'n ander in 'n misdaad betrokke is.
   (*c*) Die man wat hom volgens die spreekwoord by sy lees moet hou.
   (*d*) Die werkplek van 'n kunsskilder.
   (*e*) Woorde wat weens veroudering in onbruik raak.
   (*f*) 'n Plek waar sendelinge opgelei word.
   (*g*) 'n Plek waar ou dokumente bewaar word.
   (*h*) 'n Plek waar ammunisie bewaar word.
   (*i*) 'n Plek waar geldstukke geslaan word.
   (*j*) 'n Plek waar soldate gehuisves word.
   (*k*) 'n Twisgeskrif of penwedstryd.
   (*l*) 'n Hoë gebou met baie verdiepings.
   (*m*) Die kort, dik stok wat 'n konstabel dra.
   (*n*) 'n Polisiestrooptog teen smokkelhandel.
   (*o*) 'n Byvoegsel tot 'n testament.
   (*p*) 'n Groot, ingeboude brandkas.
   (*q*) 'n Plek waar lewendige waterdiere en waterplante gehou word.
   (*r*) 'n Plek waar lyke veras word.
   (*s*) Die halfjaar waarin 'n akademiese jaar verdeel is.
   (*t*) 'n Telegram wat telefonies aan die poskantoor gestuur word.
   (*u*) 'n Plek waar suiker gesuiwer word.
   (*v*) 'n Boek waarin 'n mens telefoonnommers kan naslaan.
   (ateljee, akwarium, telefoongids, magasyn, skoenmaker, sendinginstituut, barak (kaserne), medepligtige, kluis, polemiek, fonogram, regisseur, knuppel, raffinadery, argaïsmes, wolkekrabber, semester, munt, klopjag, argief, kodisil, krematorium, rybewys.)
3. *Skryf in die lydende vorm oor:*
   (*a*) Dit skinder glo maar daar.
   (*b*) Moenie dié aartappels skil nie.

(*c*) Maak dié hond vas.
(*d*) Die klok het elke Sondag gelui.
(*e*) Doen nou jou werk.
(*f*) Dit woel mos fluks by julle nuwe skool.

4. *Vervang net die bywoorde en die voegwoorde om die tye van die volgende sinne te verander:*
(*a*) Hy skeer nou.
(*b*) Toe ons gister in die tuin kom, kry ons heerlike ryp perskes aan die boom.
(*c*) Doen dit môre, man.
(*d*) Dit reën al.
(*e*) Ons slaap van verlede week af aldae buite.
(*f*) Klaas-hulle speel gister by die huis, toe bring iemand vir hulle koekies.

5. *Skryf die volgende sinne oor in die teenwoordige tyd:*
(*a*) Hy wis lankal dat hy dit moes doen.
(*b*) Om dit te doen, het nogal moed vereis.
(*c*) Jy behoort dit mos al te gedoen het.
(*d*) Sy sal my blomme ook natgooi.
(*e*) Daar was mense wat dit nie geglo het nie.
(*f*) Ons het hulle sien vertrek.

**Oefening 25**

1. *Skryf woorde neer waarin die volgende voorkom*
(*a*) Vier woorde met kort klinkers.
(*b*) Vier woorde met lang klinkers.
(*c*) Vier woorde wat tweeklanke bevat.
(*d*) Vier woorde wat stemhebbende medeklinkers bevat.
(*e*) Vier woorde wat stemlose medeklinkers bevat.

2. *Kies enige vier woorde en:*
(*a*) Verdeel hulle in lettergrepe.
(*b*) Onderstreep die oop lettergrepe in elke woord.

3. *Ontleed die volgende samegestelde sinne:*
(*a*) Toe ons daar kom, was hy reeds weg.
(*b*) Ek besef dat die werk wat ek in die toekoms sal doen, min tyd vir ontspanning sal laat.
(*c*) Die seun wat daar hardloop asof die duiwel agter hom is, is my ou bang broertjie.

4. *Gee ander Afrikaanse woorde vir die volgende:*

| | | |
|---|---|---|
| krediteur | outoriteit | horison |
| fotograaf | objeksie | konneksie |
| fantasie | ekspressie | eksport |
| deklarasie | repareer | insolvent |

5. *Maak sinne wat die verskil aandui tussen:*
(*a*) geelperske en 'n geel perske
(*b*) wildebees en 'n wilde bees
(*c*) rooijakkals en 'n rooi jakkals
(*d*) suurlemoen en 'n suur lemoen
(*e*) drietandvurke en drie tandvurke
(*f*) bestier en bestuur
(*g*) afkeer (s.nw.) en afkeur (ww.)
(*h*) prakseer en praktiseer
(*i*) reëling en reling
(*j*) harslag en hartslag.

## D. VRAESTELLE

**Let Wel:** Die volgende klompie vraestelle bevat net die begripstoets en algemene taalvrae. Later volg 'n paar vraestelle wat ook die opstel en die brief toets.

**Nr. 1**

*Tyd:* 2 *uur* 160 *punte*

**1.** *Lees die volgende stuk aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg:*

Vir sover as die geskiedenis van 'n volk van die vroegste tye af tot vandag bestaan uit sy handeling en prestasies, uit die maniere waarop hy gereageer het op omstandighede, sowel dié wat geskep is deur sy medemens as dié van geografie en klimaat, lewer die geskiedenis die onontbeerlikste stof tot ons kennis van die aard van die volk. Die Groot Trek, die optrede van die Afrikaners met die Vryheidsoorloë, die verarming van 'n deel van die volk in resente tye en die aanpassingsproses aan nuwe ekonomiese omstandighede, is gebeurtenisse wat aantoon watter slag van volk die Afrikaner was en is. Die geskiedkundige gebeurtenisse in die lewe van 'n volk het buitendien ook 'n bepalende uitwerking op sy latere loopbaan en werk vormend terug op die volksaard self, sodat die studie van die geskiedenis ook om dié rede van kardinale belang is vir die behandeling van ons onderwerp. Dit is des te meer die geval omdat die geskiedenis van enige volk, en so ook die Afrikanervolk, wel baie aspekte van ooreenstemming en van analogie met die geskiedenis van ander volke kan toon, maar tog ook in hoë mate 'n eiendommelike is, sodat die eiendommelike van 'n volk deur sy geskiedenis aangetoon word. Vir sover as die Afrikanervolk anders geword het as die volke waarvan hy afstam, moet die rede hiervoor in die eerste instansie in sy geskiedenis gesoek word.

Uit: *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*

(*a*) Wat kan van die volk, volgens die skrywer, uit sy geskiedenis bestudeer word? (2)
(*b*) Die skrywer noem 'n tweede rede waarom die studie van dié geskiedenis belangrik is. Wat is hierdie rede? (2)
(*c*) Dan noem hy ook nog 'n verdere saak waarop die studie van die geskiedenis lig werp. Noem hierdie saak. (2)
(*d*) Wat beteken: „Watter slag van volk die Afrikaner was en is?" (2)
(*e*) Noem die drie historiese gebeurtenisse wat aantoon „watter slag van volk die Afrikaner was en is". (3)
(*f*) Gee egte Afrikaanse sinonieme vir die volgende woorde in die stuk: geografie, kardinale, instansie. (3)
(*g*) Gee 'n antoniem vir die woord *resente* (in *resente* tye) en vir die woord *verarming*. (2)
(*h*) Verduidelik die verskil tussen *handeling* en *prestasie*. (2)
(*i*) Sê wat die volgende woorde in die stuk beteken: *eiendommelik, analogie, ekonomiese, onontbeerlikste, aspekte*. (5)
(*j*) Gee 'n gepaste opskrif vir die stuk. (2)

**[25]**

[25

2. (*a*) *Suiwer die volgende sinne van anglisismes:*

(i) Ons het onsself so geniet op die partytjie dat ons by twaalfuur eers huis toe is.

(ii) Na die matrikulasie-eksamen het hy na die universiteit gegaan om medisyne op te neem.

(iii) Op watter terme sal jy my geld leen vir my verdere studies?

(iv) Die regulasies is geldig vir die duur van die oorlog, maar nie na dit nie.

(v) Die agterband van my kar kan maklik bars, so moet ek maar stadig ry (10)

(*b*) *Vorm byvoeglike naamwoorde van die woorde tussen hakies:*
(majesteit) berg; (provinsie) kongres; (geld) staat; (universiteit) opleiding; (sekretaris) afdeling; (verkry) regte; (sweer) vyande; (Kongo) soldate; (buig) tak; (buig) hoof. (10)

(*c*) *Skryf* **een** *woord neer vir die woorde tussen hakies:*

(i) Die vereniging se (persoon wat hulle geldsake behartig).

(ii) (Die persoon wat 'n orkes lei.)

(iii) Sy (lewensgeskiedenis deur homself geskryf).

(iv) Ons woon in die (gedeelte van die verdiepinggebou waarvan die vloer gelyk is met die grond).

(v) (Persone wat hulle bestaan maak deur vir koerante en tydskrifte te skrywe).

(vi) (Persone wat pensioen trek.)

(vii) Ons het die (plek waar lewendige visse gehou word) besoek.

(viii) ('n Persoon wat vate maak.)

(ix) Die atleet het op die (laaste stuk van die baan) alles uitgehaal.

(x) Die skilder woon net langs sy (plek waar hy werk).

(10) [30]

3. (*a*) *Gebruik* **tien** *van die volgende woorde en uitdrukkinge in sinne:*
medepligtig; deur die mat val; agterweë laat; ten spyte van; in die bres tree; repliek lewer; aanloopbaan; windkous; penlekker; regisseur; lasbrief; verduister. (20)

(*b*) *Gee die teenoorgestelde van die woorde tussen hakies:*
'n (langdradige) verhaal; 'n (alledaagse) gebeurtenis; 'n (afstotende) voorkoms; 'n (konserwatiewe) maatreël; die handel (strem). (5)

(*c*) *Gebruik die volgende woordpare in sinne sodat die betekenis van elke woord duidelik blyk:*
**standaard** en **standerd; grootheid** en **grootte.** (4)

(*d*) *Verklaar enige* **drie** *van die volgende idiome:*
teen heug en meug; die koei het deur die brand geloop; die lendene omgord; die kreeftegang gaan. (6)

[35]

4. (*a*) *Skryf die volgende sinne oor, maar kies die korrekte woord uit die woorde tussen hakies:*

(i) My broertjie is in (standerd, standaard, standard) ses.

(ii) Hy is te trots om sy sonde te (beken, erken, herken).

(iii) Jy moet dit met 'n soen (beseël, beseel, verseël).

(iv) Die wa het (relings, reëlings, reëls) aan die kante.

(v) Hulle het hulle sonder enige (versit, verset, versitting) oorgegee.

(vi) Die aanvoerder het op die (beul, beuel, bewel) geblaas.

(vii) Ek is nie seker nie; dis 'n blote (gissing, gisting, gitsing).

(viii) Dis 'n (bestiering, besturing) van God dat hulle nie verongeluk het nie.

(ix) Ek het so 'n (begeerte, begeerlikheid) om by jou te wees.

(x) Hy is (interessant, interesseerd, geïnterresseerd) in daardie vak.

(10)

(*b*) *Skryf die ontbrekende woord saam met die skuinsgedrukte woorde in die volgende sinne neer:*

(i) Hy het *hemel en* ........... beweeg om dit reg te kry.
(ii) Hulle skree net *moord en* ...........
(iii) Jy kan nie net *hiet en* ........... soos jy wil nie.
(iv) Daardie feit staan *soos 'n paal* ...........
(v) Die mens wik, maar *God* ...........
(vi) Hy het die artikel vir *'n appel en 'n* ........... verkoop.
(vii) *Probeer is die beste* ...........
(viii) Hy sal *goed en* ........... opoffer vir sy land.
(ix) *Besin eer jy* ...........
(x) Goed begonne is *half* ...........

(10) **[20]**

5. (*a*) *Skryf* **een** *woord neer vir die woorde tussen hakies:*

(i) Hy sal (een van die dae) hier opdaag.
(ii) Dit het (twee dae voor gister) plaasgevind.
(iii) Ek sal (ter wille van die vrede) my mond hou.
(iv) Hy doen die werk (stukkie vir stukkie).
(v) Hy het (sonder om iets te verrig) teruggekeer.
(vi) Die fabriek het vyftig (mense wat daar werk) afgedank.
(vii) My suster is 'n (meisie met ligte hare en blou oë).
(viii) Sy vreugde was maar (van baie korte duur), want die volgende dag is al sy besittings deur 'n brand verwoes.
(ix) (Aan die een kant) is ek gretig om hom te help, maar (aan die ander kant) besef ek dat ek dit nie behoort te doen nie.

(10)

(*b*) *Gee suiwerder Afrikaanse woorde vir die volgende:*
variasie; outeur; sirkulasie; eksporteer; sessie; fotograaf; objeksie; apologie; forseer; profyt. (10)

(*c*) *Skryf die regte benaminge vir die volgende afkortinge neer:* (10)
e.k.; a.s.; ms.; o.i.; Pk.; s.nw.; nr.; L.U.K.; o.a.; i.s.

**[30]**

6. (*a*) *Vul die ontbrekende voorsetsels in:*

(i) Oom Jan dien ook nou ........... die kerkraad.
(ii) Hy snak ........... asem.
(iii) Hulle lewe hoofsaaklik ........... vrugte.
(iv) Hierdie antwoord is ........... my mening verkeerd.
(v) Sy verkeer ........... die waan dat sy mooi is.
(vi) Onthou julle ........... die kwaad.
(vii) Hy was ........... huis uit 'n Afrikaner.
(viii) Ons het ........... weerwil ........... heftige teenstand gewen.
(ix) Hy is baie verknog ........... sy jongste seun.

(10)

(*b*) *Gee die meervoud van:*
genoeë, aanbod, resep, wieg, jas, karos, gif, kruiwa, slagding, malva. (10)

**[20]**

**Nr. 2**

*Tyd:* 2 *uur* 160 *punte*

**1.** ***Lees die gedig hieronder sorgvuldig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg in goeie volsinne in jou eie woorde:***

DIE KLUISENAAR

Deur vroomheid weggedryf van wêreldskwaad
Het hy alleen *in* 'n woestyn gaan swerwe;
Om God te dien sy ewemens verlaat
En voortgedwaal tot hy van dors wou sterwe.
Toe sien hy in die aand se skemerskyn
'n Watertjie *ver* oor die vlaktes blink–
Die glimlag van 'n *gasvrye* fontein
Wat vriendelik nooi: „Kom dorstige, kom drink".
Hy span sy laaste kragte bymekaar,
Sleep deur die lange nag sy voete aan;
Met eerste lig van dagbreek kom hy daar
En heilig verontwaardig bly hy staan.
„Ek dog jy bied my suiwer water aan–
Jou *glimlag* het so skoon en rein gelyk;
Maar duisend spore wat hier kom en gaan,
Wys my jy's maar 'n poel van sondeslyk".
Nog altyd glimmend antwoord die fontein:
„My vriend, ek vrees jy't liefde net vir een;
God laat sy lief' oor jou en *almal* skyn–
Of soek jy na 'n God vir jou alleen?"

C. J. Langenhoven

(*a*) Waarom wou die kluisenaar in die woestyn gaan swerwe? (2)
(*b*) Watter beproewing moes hy verduur? (2)
(*c*) Hoe weet jy dat hy moeg was? (2)
(*d*) Waarom was hy verontwaardig? (2)
(*e*) Watter bewys het ons dat die kluisenaar selfsugtig was? (2)
(*f*) Skryf die laaste drie reëls van die gedig in die indirekte rede. (5)
(*g*) As watter rededele word die skuinsgedrukte woorde gebruik? (5)
(*h*) Gee sinonieme vir: vroomheid, gasvrye, verontwaardig, ewemens, suiwer. (5)

**[25]**

**2.** (*a*) *Verbind onderstaande sinne met gepaste voegwoorde sodat dit* een *samegestelde sin vorm. Moenie die voegwoordjie* en *gebruik nie:*

(i) Hy het dit geweet.
(ii) Die bestuurder sou sy kantoor kom besoek.
(iii) Hy het nie die minste aanstalte gemaak om die sake in orde te bring nie.
(iv) Hy moes die sake behartig.

(6)

(*b*) *Voltooi die volgende sinne:*

Ek sal die werk nie doen nie, al ......
Ek sal die werk nie doen nie, tensy ..........
Hy is ryk en daarom ...........
Hy is ryk en darem ...... .

(4)

(*c*) *Vul elk van die werkwoorde:* **beken, ontken, herken, verken, erken,** *op die regte plek in:*
Die dief het eers die terrein goed ........ voordat hy met die gesteelde goed weg is. Hy is egter deur 'n speurder ........ en gearresteer. Voor die magistraat het hy ........ dat hy die goed by hom gehad het, maar het ........ dat hy dit gesteel het, en wou dus nie skuld ........ nie. (5)

**[15]**

3. *Maak goeie volsinne met TIEN van die volgende sinsnedes sodat hul betekenis duidelik blyk:*
Die hasepad kies; op heter daad betrap; die bewind aanvaar; ongenadig afransel; in gebreke bly; die dood voor oë stel; met dien verstande; ten behoewe van; in weerwil van; by gebrek aan; as gevolg van. **[20]**

4. (*a*) *Skryf die volgende sinne in suiwer Afrikaans:*
   (i) Ek is angstig om die konsert by te woon.
   (ii) Meeste van die kinders was daar.
   (iii) Die tapyt gaan mooi by die meubels.
   (iv) Almal van ons het dit gedoen.
   (v) Hy voel hom uit in beskaafde geselskap.

(10)

(*b*) *Voltooi die volgende idiome:*
   (i) Ondervinding is die beste ——.
   (ii) Sy mantel na die ........
   (iii) Bitter in die mond maak ——.
   (iv) Dis nie om die hondjie nie, maar ........
   (v) Na vrolikheid kom ........
   (vi) Daar is blomme te kus ——.
   (vii) Hy vlieg hoër as ........
   (viii) My geheue speel my ........
   (ix) Baie honde is ........
   (x) Iemand opdreun tot by ——.

($1\frac{1}{2} \times 10$) (15) **[25]**

5. (*a*) *Onderstreep die lettergrepe waarop die aksent (klemtoon) val wanneer die volgende woorde uitgespreek word:*
paragraaf poësie heelal minister vrywaar (5)

(*b*) *Gee die betekenisse van onderstaande idiome in jou eie woorde weer:*
   (i) Hy is 'n regte ou remskoen.
   (ii) Hy het sy skapies op die droë.
   (iii) Alleen sterk bene kan die weelde dra.
   (iv) Hy is 'n man uit een stuk.
   (v) Hy is 'n klein jukskeitjie met 'n groot kop.

(10)

(*c*) *Gee* een *woord vir elk van die volgende:*
   (i) 'n Man wat vate maak.
   (ii) 'n Baie hoë gebou.
   (iii) 'n Maandelikse bedrag wat deur 'n polishouer betaal word.
   (iv) Die sekretaris van 'n universiteit.
   (v) 'n Geneesheer se bevinding nadat hy 'n pasiënt ondersoek het.
   (vi) Die twisgeskryf in 'n koerant.
   (vii) Iemand wat vir die regte van die vrou agiteer.
   (viii) 'n Boer wat op klein skaal boer.
   (ix) Die kort, dik kierie van 'n konstabel.
   (x) 'n Periode van ses maande.

(10) **[25]**

6. (*a*) *Vorm byvoeglike naamwoorde afgelei van dié tussen hakies.*
   (i) Die gebou is van (argitek) skoonheid.
   (ii) Hy is 'n (legende) figuur.
   (iii) Die dominee waarsku teen (sekte) neigings.
   (iv) Dit is die (uitspreek) vonnis.
   (v) Hy het 'n uitstekende (universiteit) loopbaan.

(5)

(*b*) *Vorm werkwoorde van onderstaande selfstandige naamwoorde*
(i) profyt. (ii) adel. (iii) fout. (iv) finansies. (v) breuk. (5)

(*c*) *Vul die ontbrekende voorsetsels in:*
   (i) Sy kritiek is .......... my adres gerig.
   (ii) Hy het 'n hekel .......... slordigheid.
   (iii) Hy verheug hom .......... 'n ander se leed.
   (iv) God gee uitkoms .......... Syner tyd.
   (v) Laat hom .......... vredeswil met rus.
   (vi) Hy moet .......... den brode baie werk.
   (vii) Dit gaan .......... die wind met hom.
   (viii) Die trein is vandag .......... tyd.
   (ix) Hy het dit .......... aanhore .......... die hele klas gesê.

(10)

(*d*) *Gee 'n paslike ander woord wat gewoonlik in verband met elk van die volgende gebruik word bv.* **smarte** *lenig.*
(i) opskort (ii) stol (iii) bedrog (iv) boedel (v) vlieënde (vi) blakende (vii) voldonge (viii) weloorwoë (ix) swartgallige (x) posisionele. (10)

[30]

7. (*a*) *Gee die oortreffende trap van:*
skaars, graag, goed, vas, baie. (5)
*Gee die meervoud van:*
seën, ma, prokureur-generaal, verf, pos. (5)

(*b*) *Plaas, waar nodig, deeltekens of kappies op die volgende woorde. Skryf net die woorde wat deeltekens of kappies moet kry, neer:*
spieel beedig koeel ster sker vers erens wereld offisiele diete.

(10) [20]

## Nr. 3

*Tyd:* 2 *uur* 160 *punte*

1. *Lees die onderstaande stuk noukeurig deur en beantwoord dan die vrae onderaan elk in een flink sin (tensy anders gevra):*

Onder die bedelaars is Pablo Posada seker die indrukwekkendste. Hy het yslike borstelende wenkbroue wat dreig om sy neus op sy mond af te druk. Die swart glinsterogies – half toegegroei deur al die wenkbrougewas – loerloer skelm na 'n mens; en as Pablo glimlag, krul sy lippe grynsend terug om vier of vyf verbrokkelde tande te wys. Die vel van sy gesig is 'n mirakel. Dis so styf oor die beenfondament gespan soos die vel van 'n tamboer. Soms kry ek die indruk: maar die twee gedeeltes van sy gesig, die boonste en onderste dele, trek mos tou, die boonste gedeelte na benede en die onderste gedeelte boontoe . . . en dan word ek so getref deur die kwaai gewedywer dat ek eintlik bang word Pablo se nek en rugstring sal nie langer teen die geweldige spanning bestand wees nie, dit gaan nou enige oomblik stomp afbreek.

Van al die bedelaars in Barcelona is Pablo maklik die suksesvolste . . . In 'n kroegie het ek een aand gesien hoe Pablo die vertrek binnegespog kom. Sy sakke is vol muntstukke, en soos hy heen-en-weer swaai tussen die tafeltjies deur, maak al dié koper en nikkel 'n klinkende rumoer. In hopies het Pablo sy winste voor hom op die tafel opgestapel. Toe, met 'n gulle gebaar, gee hy die kelner bevel om al die „ou klein pitjies" in groot geld te verander. Daarna het hy my en al sy maats – en hy het sommer 'n klompie onbekende omsittendes ingesluit – rojaal trakteer.

Hy het maar net betaal en betaal. Tussen al die vrolikheid deur gesels hy en ek land en sand aanmekaar. „Hoe ek dit regkry?" eggo hy my verbaas na. „Maar sien jy dan nie, mi cara fea es mi buena fortuna (my lelike gesig is my geluk)? As jy, wat al die wêreld rondgeswerf het, my sê jy het iewers iemand met 'n leliker bakkies as ek raakgeloop, dan sê èk aan jou jy lieg! Want ek is die lelikste mansmens geskape – en daar's niks waarop ek trotser is nie . . .

Enige mens kan mooi wees, elke ou klerkie, tronkbewaarder, deurwagter of slagtersjong. Dit op sigselwe is geen prestasie nie. Mooi mense vind jy oral. Maar dit is nie sommer aan elke mens gegee om lelik te wees nie – ek bedoel lelik, rêrig lelik, skreeulelik."

Uys Krige: *Sol y Sombra*

(*a*) Waarom is Pablo, wat voorkoms betref, die indrukwekkendste bedelaar? (1)

(*b*) (i) Wat is die treffendste kenmerk van sy gelaat? (2)
(ii) Watter vergelyking maak dié treffende kenmerk baie duidelik? (2)

(*c*) Het hy 'n vriendelike, eerlike uitdrukking? Noem woorde uit die stuk om jou antwoord te staaf. (2)

(*d*) (i) Waarom word die woord „wenkbrou-gewas" gebruik, en nie net wenkbrou nie? (1)
(ii) Noem nog enige twee woorde uit hierdie paragraaf wat hierdie beskrywing baie duidelik maak. (2)

(*e*) Is die hele beskrywing bedoel om ons 'n beeld net van Pablo se uiterlike voorkoms te gee? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

(*f*) Waarom kom Pablo die vertrek „binnegespog"? (2)

(*g*) „In hopies het Pablo sy winste voor hom op die tafel opgestapel. Toe, met 'n gulle gebaar, gee hy die kelner bevel om al . . . trakteer." (Reëls 17 tot 20.)
(i) Watter karaktertrek van Pablo word deur hierdie handeling geopenbaar? (2)
(ii) Watter **twee woorde** in hierdie reëls gee die indruk van „ruimskoots" of „vrygewig"? (2)

(*h*) Waaraan skrywe Pablo sy sukses as bedelaar toe? Haal een kort sin aan as bewys vir jou antwoord. (2)

(*i*) Wat is verrassend of ongewoon omtrent Pablo se opvatting? Haal een kort sin uit die derde paragraaf as bewys aan. (2)

(*j*) Noem woorde uit die stuk wat as sinonieme van die volgende beskou kan word:
(i) 'n wonder (eerste paragraaf),
(ii) 'n hoogtepunt van wat 'n mens kan doen of bereik (vierde paragraaf),
(iii) lawaai (tweede paragraaf). (3)

[25]

2. (*a*) *Vul die ontbrekende VOORSETSELS in deur hulle elke keer saam met die skuinsgedrukte woorde neer te skryf:*

(i) Daar *haper* nog veel ........ die organisasie.
(ii) Hy het ........ *wanhoop* die stryd gewonne gegee.
(iii) Hy verheug hom oor sy *aanstelling* ........ *die* hoë *betrekking*.
(iv) Ook as 'n mens slaap, het jy *behoefte* ........ vars lug.
(v) Ek *wens* hom *geluk* ........ sy verjaardag.
(vi) Die woord „indaba" is *ontleen* ........ Xhosa.
(vii) Dis vir my ........ *'t ewe* watter een jy neem.
(viii) Hy het dit nie onder dwang gedoen nie, maar ........ *eie beweging*.
(ix) Ek *teken in* ........ die nuwe maandblad.
(x) Ek het 'n *hekel* ........ agterbaksheid. (10)

(*b*) *Skryf die volgende sinne oor in korrekte Afrikaans:*

(i) Ons nuwe bure lyk taamlik welaf.
(ii) Jy beter gou maak.
(iii) Dit betaal altyd om eerlik te wees.
(iv) Ek kan sy maniere nie staan nie.
(v) Ek het maar net jou been getrek. (10)

(*c*) *Verdeel die volgende woorde in lettergrepe en onderstreep die geslote lettergrepe:*

landwye verdraaide oë
berisping, groepsgebied (5)

[25]

3. (*a*) *Vorm* **byvoeglike naamwoorde** *van die woorde tussen hakies.*

(i) Hy is van (twyfel) herkoms.
(ii) Daar is maar 'n (perk) voorraad beskikbaar.
(iii) Van ons (voorneem) reis het niks gekom nie.
(iv) Sy het 'n (simpatie) geaardheid.
(v) Hulle is (middel)boere. (= taamlik ryk)
(vi) Die boer het 'n (voel) verlies gely.
(vii) Kinders wil nie (klont) pap eet nie.
(viii) Sy (aanvang) sukses het hom goeie hoop gegee.
(ix) Ek het 'n (weerstaan) drang gevoel om my mening te lug.
(x) Die nuwe kerksaal is 'n (argitek) pragstuk.

(10)

(*b*) *Kies uit die woorde tussen hakies die korrekte een en skryf hom neer:*

(i) Moenie oor die (reëlings, relings) van die balkon leun nie.
(ii) Dis aan jou agtelosigheid (te danke, te wyte) dat jy nou in die verknorsing sit.
(iii) Die doel heilig die (middele, middels).
(iv) Die kadet het hard op sy (beuel, beul) geblaas.
(v) Hy het (ten koste van, op koste van) sy gesondheid daardie werk aanvaar.
(vi) Het jy nog (uitstaande, agterstallige) skulde?
(vii) Die (vyandelike, vyandige) vliegtuie word deur vegvliegtuie voorgekeer.
(viii) Hoe kan 'n mens tog so (onredelik, redeloos) wees?
(ix) Moenie altyd (knibbel, kibbel) oor pryse nie.
(x) Hy het alweer die snelheidsperk (oorskrei, oorskry). (10)

[20]

4. (*a*) *Voltooi deur geskikte* **werkwoorde** *in te vul. Skryf die wwe. saam met die skuinsgedrukte woorde neer:*

(i) Elke mens wil graag sy *ideale* ........ .
(ii) Ek laat my nie *hiet en* ........ nie.
(iii) Die senior klas moet *die toon* ........ .
(iv) Hulle het aan sy nagedagtenis *hulde* ........ .

(v) Die twyfelmoedige man .......... nog *op twee gedagtes.*
(vi) Ek was die een wat *die spit* moes ..........
(vii) Die *agitators* ........ die mense *op* teen die regering.
(viii) Die hardwerkende moeder ........ *haar af* vir haar gesin.
(ix) Die verklikker .......... al ons *geheime uit.*
(x) Hy is aangestel om *die boedel te* ..........

(10)

(*b*) *Voltooi deur 'n geskikte selfstandige naamwoord in te vul.* (*Skryf die uitdrukking neer*, bv. die **onderspit** delf.):
(i) Die Minister van Justisie het vir die polisie *'n* .......... *gebreek.*
(ii) Die polisie het 'n .......... op die lokasie *uitgevoer* en .......... *gelê op* baie onwettige vuurwapens en drank.
(iii) Die woelwater van 'n vent het *geen rus of* .......... *nie.*
(iv) Die swierige vrou hou van *prag en* ..........
(v) Die voorman het die arbeiders *wild en* .......... geskree.
(vi) Deur *skade en* .......... word 'n mens wys.
(vii) Aan hom is *geen* .......... *te smeer* nie.
(viii) Onder die trop bobbejane was daar 'n .......... *van 'n mannetjie.*
(ix) Hy het alles vir *huis en* .......... opgeoffer.
(x) Ek het hom die vyf rand geleen, maar dit was ook laaste sien van die ..........

(10) **[20]**

**5.** (*a*) *Gee* **een woord** vir elk van die volgende:
(i) Die plek waar rondloperdiere aangehou word.
(ii) Iemand wat musiek skrywe.
(iii) Die plek waar arm mense gratis raad en mediese behandeling ontvang.
(iv) Die kerk van die Jode.
(v) Iemand wat elektriese installering onderneem, bv. huise bedraad.
(vi) Iemand aan wie geld geskuld word.
(vii) Iemand wat altyd gelukkig is in al sy ondernemings.
(viii) 'n Dame wat passasiers op vliegtuie bedien.
(ix) Die plek waar ou geskiedkundige dokumente bewaar word.
(x) Die man wat atlete of perde in 'n wedren laat wegspring.

(10)

(*b*) *Gee vaste* **idiomatiese uitdrukkinge** *wat dieselfde gedagtes as die volgende sinne bevat. In sommige gevalle word 'n sleutelwoord tussen hakies aan die hand gegee:*
(i) Jy kan staatmaak op sy belofte. (woord)
(ii) Hy het my kwaai berispe.
(iii) Hy is 'n veglustige, parmantige mannetjie.
(iv) Hy is te swak of onbenullig om dit reg te kry. (broek)
(v) Iemand word nie beskinder as daar glad geen rede of fout is nie. (rokie)
(vi) Hulle knoei saam. (kop)
(vii) Nou het jy die geheim geopenbaar.
(viii) Hy het te laat gekom vir ete. (hond)
(ix) Hy het maar net 'n vae begrip van die saak. (bel)
(x) Jy sal nooit kry wat hy jou beloof het nie. (maag)

(10) **[20]**

**6.** (*a*) *In die onderstaande sinne is voorbeelde van personifikasie, metafore en vergelykings. Skryf die sinsdele neer waarin hierdie stylfigure aangetref word en sê watter stylfiguur elke sinsdeel verteenwoordig:*
(i) My ouma is so doof soos 'n kwartel.
(ii) Jan is 'n regte jakkals; jy pen hom nooit vas nie.
(iii) Die son vermoor ons weer vandag!
(iv) „Die mens, soos die gras is sy dae."
(v) Die ou tjor is weer koppig vanmôre. (10)

(*b*) *Skryf die* **juiste vorm van die werkwoorde** *tussen hakies neer:*
(i) 'n (Vergroot) kiekie.
(ii) Op hulle (verbaas) gesigte.
(iii) 'n (Oortrek) bankrekening.
(iv) (Oordryf) berigte.
(v) 'n Ou (verslyt) baadjie.
(vi) 'n Fles (inlê) perskes.
(vii) 'n (Verdrink) persoon.
(viii) 'n (Bevries) rivier.
(ix) Bak met (sif) meel.
(x) Ek het hom nooit (hoor roep) nie. (10)

**[20]**

7. (*a*) *Gee die teenoorgesteldes van die skuinsgedrukte woorde.* (Skryf die antoniem langs die woord neer, bv. 'n **sonnige** dag – bewolkte):
(i) 'n *Breedvoerige* verslag.
(ii) 'n *Egte* naamtekening.
(iii) 'n *Kwynende* handelsaak.
(iv) *Afbrekende* kritiek.
(v) 'n *Verderflike* invloed.
(vi) 'n *Gedeeltelike* sonsverduistering.
(vii) Sy *heldhaftige* optrede.
(viii) 'n *Lugtige* vertrek.
(ix) 'n *Denkbeeldige* gevaar.
(x) Hy *betwis* alles wat ek sê. (10)

(*b*) *Vervang die woorde tussen hakies deur een byvoeglike naamwoord wat naastenby dieselfde beteken, en skryf die uitdrukkings dan neer:*
(i) 'n (Wat lof verdien) poging.
(ii) 'n (Wat onder eed afgelê is) verklaring.
(iii) 'n (Wat net in ons land aangetref word) boom.
(iv) 'n (Wat die dood tot gevolg het) ongeluk.
(v) 'n (Wat nie onderteken is nie) brief.
(vi) 'n (Wat altyd meen ander mense steek dinge vir hom weg) vent.
(vii) 'n (Wat nie tou opgooi nie, maar aanhou) stryder.
(viii) 'n (Wat nie danig steil is nie) opdraand.
(ix) 'n (Wat altyd dieselfde bly) geluid kan baie vervelig wees.
(x) 'n Muur van (wat met ysterstawe versterk is) beton. (10)

**[20]**

8. *Brei die vetgedrukte woord of sinsnede in elk van die volgende enkelvoudige sinne uit tot bysinne en sê elke keer watter soort bysin u gevorm het:*
(*a*) Hulle staan elke oggend **voordag** op.
(*b*) **Saans** word dit nogal koud by ons.
(*c*) Gee vir my die **haarolie.**
(*d*) **Skoene met sole van gomlastiek** stap lekker sag.
(*e*) Die man **met die grys hare** is my vader. **[10]**

Nr. 4

*Tyd:* 2 *uur* 160 *punte*

1. ***Lees die onderstaande stuk noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg in u eie woorde en in goeie volsinne:***

Toe die twee benoud onder die takke uitkom en al met die doringstreep terugvlug kop toe, sluip hulle laaggebuk onder die boompies deur; hardloop hulle dat hulle klein word oor die kaal kolle wat hulle nie kan vermy nie.

Dog Grys wat langs die sandsloot grootgeword het, is lank nie so onrustig soos sy maat nie. Die twee is skaars halfpad terug Tweelingkop toe of hy ruik al weer aan die muispaadjies. Maar toe hulle regoor die loskop kom, en hy al met die kronkelinge van die sloot wil aanhou, sny Grietjie sommer regs oor die rantjies weg.

Op die spoelsand waar die kloof uitstoot, voel die grysmuishonde minder onveilig. Met hul honger verskerp deur die gehardloop en gesukkel van die dag, en gerusgestel deur die hoë bosse waartussen die kouvoël hulle nie sommerso in volle vaart kan opraap nie, gaan die twee ywerig aan die jag.

Die haasvel waarop hulle onderkant die wildepruimboom afkom, en die paar seninkies wat die ratel nie van die bene kon afkry nie, is nog nat. Maar die bietjie sagtigheid wat die gulsigaard laat oorbly het, is ontoereikend.

'n Groot vet spekboomskilpad wat hulle raakloop, lyk belowend. Die ding word op sy rug omgerol. Dog selfs aan die onderkant van die dop sukkel die twee verniet om 'n gaatjie in te kry. Die taai geelbont skubbe is vir hulle te sterk. Die gepantserde pote sit te vas. Hulle los naderhand maar die skilpad, en stap oor na die hoop klippe aan die voet van die loodregop krans aan die ander kant van die kloof.

Hoog teen die krans is bosduiwe besig om kos vir hul kleintjies aan te dra. Grys se stertjie staan styf; die puntjie wip op en neer. Die outjie verdraai byna sy nek soos hy die groot duiwe wat op die rotslyste links en regs van hom sommer tien, twaalf tegelyk aankom, en wat met niks anders as net kos in die gapende bekke instop te doen het nie, almal probeer dophou.

Vir Grietjie is die duiwe niks nuuts nie; en terwyl Grys die toneel daarbo verniet staan en aangaap, soek-soek sy tussen die klippe onderkant die neste rond. Dog die een ou kuikentjie wat afgeval het, is vir twee muishonde jammerlik min.

Voor waar die krans effens inswaai en die klippe tot in die middel van die kloof opgestapel lê, steek Grietjie weer vas. Die rooihaas wat aangespring kom, kan haar maat in die toenemende skemerte nie sien nie; selfs nie die twee groot ore wat die haas so wakker orent hou nie.

(*Vlam van die Bantomberge:* Hobson)

(*a*) Waarom was Grys langs die sandsloot nie so onrustig soos sy maat nie? (2)
(*b*) Waarom het die twee muishonde baie honger gehad? (2)
(*c*) Waarom het hulle in die hoë bosse meer gerus gevoel? (2)
(*d*) Deur wie is die haas doodgemaak? (2)
(*e*) Was die haas reeds lank dood toe die muishonde hom gevind het? Gee 'n rede vir u antwoord. (2)
(*f*) Waarom het die muishonde naderhand die skilpad gelos? (2)
(*g*) Waar het die duiwe hulle neste gemaak? (2)
(*h*) Wat het Grietjie onder die neste opgetel? (2)
(*i*) Waarom sê die skrywer dat Grys die toneel daarbo tevergeefs staan en aangaap? (2)
(*j*) Teen watter tyd van die dag het die muishonde die rooihaas teëgekom? (2)
(*k*) Noem die drie soorte lewendige diere wat hulle teëgekom het. (3)
(*l*) Gee die betekenis van: (i) gepantserde pote; (ii) ontoereikend. (2)
**[25]**

2. (*a*) *Vul die ontbrekende voorsetsels in deur hul elke keer saam met die skuinsgedrukte woord(e) neer te skryf:*
(i) Die huis *beantwoord* nie .......... die vereistes nie.
(ii) Hy *dien* .......... die skoolkomitee.
(iii) Daardie skema gaan *mank* .......... baie gebreke.
(iv) Die arm mense lewe van die hand .......... *die tand* en spaar niks.
(v) Hy het .......... *gebreke gebly* om sy huishuur te betaal.
(vi) Hy is amper 'n jaar lank .......... *daardie idee behep.*
(vii) Hulle het belowe om deeglik .......... *die saak* in te gaan.
(viii) Hy is .......... *'n* hoë *mate* verantwoordelik vir die toedrag van sake.
(ix) Ek wil my eie motor hê, want ek wil nie altyd ander .......... *die oë sien nie.*
(x) Sy ouers is *afkerig* .......... so 'n gedrag. (10)

(*b*) *Kies die regte woord van die twee wat tussen hakies aangegee word en skrywe dit langs die nommer van die vraag neer:*
(i) 'n Opgevoede mens hou altyd sy (drifte, driwwe) in toom.
(ii) Ek kan niks in die (deinserige, dynserige) verte onderskei nie.
(iii) Hy het 'n groot (afkeur, afkeer) van beroepsboks as sportsoort.
(iv) Deur so 'n daad het hy alle perke van welvoeglikheid (oorskrei, oorskry).
(v) Al die (Du Preez's, Du Preezs, du Preez's) was by die konsert.
(vi) Hulle neem te veel (sonbaaie, sonbaddens).
(vii) Sy verkeer in (blakende, blakerende) gesondheid.
(viii) Dis byna (oortollig, oorbodig) om te sê dat julle baie welkom is.
(ix) Die wilgertakkie is baie (buigsaam, buigbaar).
(x) Die spreker het 'n (geestelike, geestige) staaltjie vertel. (10)
**[20]**

3. (*a*) *Ontleed in hoof- en bysinne en dui die sinsverband aan:*
(i) Jan is 'n student wat dit ver sal bring.
(ii) Die meisie wat daar staan, is die dogter van ons predikant wat volgende maand na 'n nuwe gemeente vertrek.
(iii) Hy stap asof hy die hele dag tyd het.
(iv) Hoewel dit baie koud was, het hulle op dieselfde plek waar hul vader hul agtergelaat het, bly staan. (15)

(*b*) *Vervang die woorde tussen hakies deur een gepaste byvoeglike naamwoord:*
(i) 'n (wat vol kommer is) lewe;
(ii) 'n (wat diepe indruk maak) gebeurtenis;
(iii) 'n (wat geskryf word) eksamen;
(iv) 'n (wat lof verdien) poging;
(v) 'n (wat onder eed afgelê is) verklaring;
(vi) 'n (wat die nodige sertifikate het) gesondheidsinspekteur;
(vii) 'n (wat net in ons land aangetref word) boomsoort;

(viii) 'n (wat die dood tot gevolg het) ongeluk;
(ix) (wat van 'n sekretaris verwag word) pligte;
(x) (wat betrekking het op dissipline) maatreëls. (10)

[25]

4. (*a*) *Skrywe die volgende sinne oor in suiwer Afrikaans:*
(i) Hou jou skool se naam op.
(ii) Die lawaai daar agter sit my af.
(iii) Tuinmaak is nie in my lyn nie.
(iv) Bring vir ons asseblief twee tees.
(v) Wat vat jy my voor?
(vi) Hy sal die plan vir my huis optrek.
(vii) Hy is baie angstig om te pass.
(viii) Met halftyd het ons 'n koeldrankie gedrink.
(ix) Wat doen jy in jou spaartyd?
(x) Ek het die skrik van my lewe gekry. (10)

(*b*) *Voltooi deur 'n geskikte woord saam met die skuinsgedrukte woord(e) neer te skryf:*
(i) Die besluitelose kêrel .......... nog *op twee gedagtes.*
(ii) Ek laat my nie deur enigeen .......... *en gebied* nie.
(iii) Die hardwerkende moeder .......... *haar af* vir haar gesin.
(iv) Ek was die een wat *die spit* moes ..........
(v) Die verklikker .......... al ons *geheime uit.*
(vi) Waarom het jy oor 'n nietigheid so *'n baan* ..........?
(vii) Die speurders het die spoor .......... *geraak.*
(viii) *Met* .......... *van tyd* sal jy daaraan gewoond raak.
(ix) As jy skelm speel, *speel jy* ..........
(x) Sy *stoflike* .......... is ter aarde bestel. (10)

[20]

5. (*a*) *Voltooi die volgende idiomatiese uitdrukkings deur elke keer net die ontbrekende woord langs die nommer neer te skryf:*
(i) Nood leer ..........
(ii) Alles wat blink, is nie ..........
(iii) Hy is 'n .......... sy vaartjie.
(iv) Jy sal nog terugverlang na die .......... van Egipte.
(v) Sy hou van prag en ..........
(vi) Die .......... is so goed as die steler.
(vii) Hy het geen rus of .......... nie.
(viii) Ons het sommer oor koeitjies en .......... gesit en gesels.
(ix) Dis 'n skreiende .......... wat hom aangedoen is.
(x) Van gunste en .......... lewe. ($10 \times 1\frac{1}{2}$) (15)

(*b*) *Wat is die wisselvorme van die volgende woorde?*
winkbrou, eweneens, laboratoria, opbrengs, takt (5)

[20]

6. (*a*) *Gee idiome wat dieselfde beteken as die volgende omskrywings. Maak gebruik van die sleutelwoorde wat tussen hakies aangedui word:*
(i) 'n Mens sal nooit weer daarvan hoor nie. (haan)
(ii) Hy glo maklik alles wat ander hom vertel. (eet)
(iii) Hy eet teësinnig asof hy nie lus vir sy kos het nie. (tande)
(iv) Elkeen dink sy eie is die beste. (kraai)
(v) Om iemand om te praat, te oorreed. (kop)
(vi) Baie slu en geslepe wees. (galg)
(vii) Moes baie betaal daarvoor. (sak)
(viii) Dis 'n blote gerug. (telegram)
(ix) Hy kies die kant wat vir hom die voordeligste is. (mantel)
(x) Nou sal die moeilikheid begin; dinge begin te gebeur. (poppe) (10)

(*b*) *Skryf elke keer net die korrekte, verkieslikste spelvorm neer:*
(i) Geheelenal, geheel-en-al, geheel en al.
(ii) Die Jan Smuts-lughawe; die lughawe Jan Smuts; Die Jan Smutslughawe.
(iii) Geagte Mnr. Du Toit; Geagte mnr. Du Toit; Geagte mnr. du Toit.
(iv) Ons Duitse onderwyser, ons Duits-onderwyser.
(v) genoeë, genoë.
(vi) Met Jan Tuisbly se karretjie ry; Met jan tuisbly se karretjie ry.
(vii) jakobregop, Jakobregop, jakop-regop (d.i. 'n blomnaam).
(viii) lewensskets, lewenskets.
(ix) kwajongstreke, kwaaijongstreke.
(x) slonsroos, Selonsroos, Ceylonsroos, selonsroos. (10)
**[20]**

7. (*a*) *Skryf neer:*
(i) Die oortreffende trap van: *slu.*
(ii) Die meervoud van: *genot* en *kommandant-generaal.*
(iii) 'n Werkwoord afgelei van: *liggaam* en *modern.*
(iv) Die vroulike vorm van: *herder* en *masseur.*
(v) Die verkleinwoord van: *beloning* en *kommando.*
(vi) Die intensiewe vorm van: (bv. **pikswart**): *lelik* en *naak.*
(vii) Die korrekte afkortings vir: *gebroeders* en *naskrif.*
(viii) Skryf die afkortings voluit: *H.d.L.; sr.* (15)

(*b*) *Skryf die teenoorgesteldes van die skuinsgedrukte woorde neer.*
(i) *Minsame* maniere;
(ii) 'n Klerk *aanstel;*
(iii) 'n *eenvoudige* vraagstuk.
(iv) 'n uitnodiging *teësinnig* aanneem.
(v) *stedelike* gebiede. (5)

(*c*) Die *geslepe* misdadiger is 'n *uiters* bedrewe kalant; soos *blyk* uit die *laaste mededeling* van *die* polisie, *kan* hy ook gevaarlik *wees*, *aangesien* hy *twee gelaaide* geweers *by* hom *het.*
*Kies uit die skuinsgedrukte woorde in die bostaande stukkie die volgende:*
(i) 'n Abstrakte selfstandige naamwoord,
(ii) 'n Bywoord,
(iii) 'n Telwoord,
(iv) 'n Koppelwerkwoord,
(v) 'n Sterk verlede deelwoord,
(vi) 'n Onbepaalde rangtelwoord,
(vii) 'n Voegwoord,
(viii) 'n Selfstandige werkwoord,
(ix) 'n Byvoeglike naamwoord, attributief gebruik,
(x) 'n Voorsetsel. (10)
**[30]**

## Nr. 5

*Tyd:* 2 *uur* — 160 *punte*

1. *Lees die onderstaande stuk noukeurig deur en beantwoord dan die vrae daarop in kort, ferm sinne, behalwe waar uitdruklik anders gevra:*

Ver voor sukkel die bul swaar oor die los sand weg, draf omdat hy nie meer kan galop nie en draai dan in dié rigting dan in daardie en probeer vergeefs sy neus teen 'n luggie kry. Selfs toe hy moeg onder die trop indraf, bring dit nog geen verligting nie; want hoe hy ook sy verlamde bene ooreis

en haal om by te bly, die uitgeruste trop laat hom ver agter, en dan is dit maar weer hy en die Boesman, hul twee wat die ding alleen uitspook en van die twee draf die platvoet verreweg die maklikste, haal ook maklik in die windstilte asem.

Toe die twee na die middag weer agter die blouvalk verbykom, getroos die ou voël hom skaars die moeite om om te kyk. Die skouspel is te alledaags: net die een dier wat die ander probeer inloop en opvreet.

Selfs as hy nie meer kan nie, swink die bok nog elke slag en slinger-galop agter die Boesman deur, waag dit naderhand te naby en kry die asgaai wat Skankwan gooi tot oor die lem tussen heup en ribbes in.

Die bok se bek hang oop; sy asem fluit. Hy sleep die pote loodswaar oor die sand. Die bloedbelope oë sien die miershope en bosse nie meer raak nie; die pote dra hom uit eie beweging net waar hul wil. Die Boesman vat-vat na sy stert maar kan net nie bykom nie, want ook hy draf al werktuiglik en is nie meer in gebore staat om sy pas te verander of te versnel nie.

Meteens wen die bul veld, slinger en steier skoon onder die Boesman uit. Dog dis net die laaste, uiterste kraginspanning. Waar Skankwan hom weer kry, lê die bok poot in die lug. Die Boesman slaan uitgeput langs sy slagoffer neer en bly so lank op sy rug lê dat die aasvoëls meen dat albei dood is. Maar toe die manne wat die kaptein gestuur het, na die buit aangestap kom, sien hul Skankwan al weer op die been en besig om die bok oop te breek en die harslag uit te haal.

(Uit *Skankwan van die Duine*, deur S. B. en G. C. Hobson)

(*a*) Waarvan vertel hierdie stuk? Stel die antwoord in EEN sin. (2)

(*b*) Watter metode gebruik Skankwan om die bok te jag en dood te maak? (2)

(*c*) Het die jag kort of lank geduur? Noem 'n goeie rede uit die stuk vir jou antwoord. (2)

(*d*) Watter groepie woorde naby die end van die eerste paragraaf gee die indruk dat twee gedugte kragte hier teen mekaar te staan gekom het? (2)

(*e*) Hoe beskou die blouvalk Skankwan se jag op die bok? (2)

(*f*) Watter ander benaming word hier vir die Boesman gebruik? (1)

(*g*) „. . . dat die aasvoëls meen dat albei dood is."

(i) Wat, soos ons hieruit kan aflei, het die aasvoëls gedoen? (2)

(ii) Wat kan ons uit hierdie woorde aflei omtrent Skankwan? (2)

(*h*) Noem *twee* voordele in sy guns wat die Boesman bo die bok gehad het. (2)

(*i*) Waarom het die skrywer die woord „slinger-galop" gemaak? (1)

(*j*) Noem *vier* tekens waaraan duidelik blyk dat die bok uiters vermoeid was. (2)

(*k*) Watter taktiek het die bok uitgehaal om sy agtervolger af te skud of te ontwyk? (2)

(*l*) Verklaar enige DRIE van die volgende uitdrukkings en woorde deur 'n sinoniem te gee of te omskryf:
Neus teen 'n luggie kry; vat-vat; werktuiglik; in gebore staat; harslag. (3)

[25]

2. (*a*) *In die onderstaande sinne kom die stylfigure eufemisme, litotes en hiperbool voor. Skryf die sinsdele waarin hierdie stylfigure aangetref word, neer, en dui aan watter stylfiguur in elk voorkom:*

(i) Verduiwels! Ek het julle dit al duisendmaal gesê!

(ii) Ek oorhandig aan u 'n geringe blykie van ons groot waardering vir u uitmuntende dienste aan ons gemeenskap.

(iii) Sy oë rek groter en groter totdat dit byna uit sy kop val.

(iv) My tant Sannie het op tagtigjarige leeftyd na 'n saliger oord verhuis.
(v) Wag net 'n oomblikkie; ek skeer en bad net gou. (10)

(*b*) *Vervang die woorde tussen hakies deur* **een** *byvoeglike naamwoord of bywoord wat dieselfde beteken:*

(i) Die suidkus is 'n (waar baie bome is) streek.
(ii) Hy het (ter wille van die veiligheid) sy geweer saamgeneem.
(iii) Ons staan op die rand van 'n (wat jou duiselig laat voel) afgrond.
(iv) Hy het my mislei met sy (wat op meer as een manier verstaan kan word) antwoord.
(v) 'n Mens word gou moeg vir so 'n (wat altyd dieselfde klink) stem.
(vi) Die (wat vir die oog lelik is) ou gebou behoort gesloop te word.
(vii) Dis 'n (wat nie herroep kan word nie) daad.
(viii) 'n (Wat vol foute is) berekening.
(ix) Ons hou al heel middag die (wat net wil-wil uitsak om te reën) weer dop.
(x) Ek is nie bang vir (wat net in die verbeelding bestaan) gevare nie. (10)

**[20]**

3. (*a*) *Noem die* **teenoorgestelde** *van die skuinsgedrukte woorde:*

(i) Die pryse *styg* of ...... .
(ii) 'n Klerk *aanstel* of ..........
(iii) 'n Vergadering *oprui* of ...... .
(iv) 'n Volk *verdeel* of ..........
(v) My *voorganger* of my ...... .
(vi) In die *teorie* of die ..........
(vii) 'n *Innemende* of .......... voorkoms.
(viii) 'n *Bitsige* of 'n .......... antwoord.
(ix) 'n *Tydelike* of 'n .......... betrekking.
(x) Die werk *vertraag* of ..........' (10)

(*b*) *Vul die ontbrekende* **voorsetsels** *in die volgende sinne in. Skryf hul elke keer saam met die skuinsgedrukte woord(-e) neer:*

(i) Alle mense is *geneig* .......... sonde.
(ii) 'n Gratis monster is verkrygbaar .......... *aanvraag*.
(iii) Hy het .......... *abuis* my boek geneem.
(iv) 'n Mens moet *berus* .......... die onvermydelike.
(v) Rook is hier .......... *strengste* verbied.
(vi) Hy is nie daartoe verplig nie, maar doen dit .......... *eie beweging*.
(vii) Die polisie het die oproerige skare gou .......... *beheer* gehad.
(viii) Jy moet die vleis .......... *bereik* van die rondloperhonde ophang.
(ix) Die winkelier het my ses hemde .......... *sig gestuur* om van te kies.
(x) Ek kan my die voorval nog helder .......... *die gees roep*. (10)

**[20]**

4. (*a*) *Vul die ontbrekende woorde in die volgende idiomatiese uitdrukkings in, en skryf die deel van die sin, waarin dit voorkom, neer:*

(i) My pen het al weer .......... gekry. (= verdwyn)
(ii) Sy het die bediende na haar .......... geleer.
(iii) Dit betaam ons om die hand in eie .......... te steek.
(iv) As jy nie oppas nie, sal hulle jou in 'n stad rot en .......... steel.
(v) Dat hy dit reg gekry het, is ook meer geluk as ..........
(vi) So 'n duur uitstappie vat aan jou ..........
(vii) Basta uitvra! Van uitvra is die ..........
(viii) Skoonheid (mooiheid) vergaan, maar .......... bly ..........
(ix) Die vleier probeer my .......... om die .......... smeer.
(x) Ek laat my nie rond order nie. Kommandeer jou honde en ..........

(10)

(*b*) *Voltooi die volgende vaste uitdrukkings deur passende werkwoorde in te vul, en skryf die uitdrukkings dan neer:*

(i) Iets op die keper ........ (ii) 'n Versoek ........ tot.
(iii) Baat ........ by. (iv) Iets ........ die deurslag.
(v) Afbreuk ........ aan. (vi) Die gek ........ met iemand.
(vii) Die laaste eer ........ (viii) Die onderspit ........
(ix) 'n Gebeurtenis ........ opspraak. (x) Jou aan gevare ........ (10)

**[20]**

5. (*a*) *Verklaar die volgende idiome kortliks:*

(i) Hy kyk teen sy ooglede (of oogvelle) vas.
(ii) Hy is in die kerk gebore.
(iii) Die hemp is nader as die rok.
(iv) Jou ore uitleen.
(v) Hy is 'n orige jukskei.
(vi) Die vinger op die wond lê.
(vii) Iemand 'n gat in die kop praat.
(viii) Hy is 'n regte ou lunsriem.
(ix) Hy kan nie hond haar-af maak nie.
(x) Piet het Jan in die wiele gery. (20)

(*b*) *Verwyder die Anglisismes uit die volgende sinne en skryf oor in suiwer Afrikaans:*

(i) Jy is in vir moeilikheid.
(ii) Hy gaan in vir hoenderboerdery.
(iii) My boekmerk het verdwyn.
(iv) Hy het gehardloop vir al wat hy werd was.
(v) Hy het sy merk in die lewe gemaak.
(vi) Toe die volstruis hom skraap, het hy gemaak vir die draad.
(vii) Baie mans groei nou baarde vir die volksfees.
(viii) Daardie soort werk is glad nie in my lyn nie.
(ix) Wat is die prys van die das?
(x) Hy het opgesteek vir sy vriend toe hulle hom beskuldig. (10)

**[30]**

6. (*a*) *Kies uit die woorde tussen hakies die regte een om die sin te voltooi, en skryf hom langs die nommer neer:*

(i) Na die beroerte-aanval is die man (onbeholpe, onbehulpsaam, hulpeloos).
(ii) Aan die (uitwendige, uiterlike) geoordeel, lyk hy vir my gaaf.
(iii) Die kwitansie is heeltemal (geldig, geldelik).
(iv) Hy is (dom, onkundig) omtrent sake waarvan almal weet.
(v) Van die solder het daar allerhande eienaardige (klanke, geluide) gekom.
(vi) 'n Mens moet 'n (beroep, roeping, geroep) voel as jy predikant wil word.
(vii) Jou verskoning klink vir my maar baie (lendelam, lamlendig).
(viii) As julle so baie (oorvloedige, oortollige, onnodige) energie het, sal ek julle laat spit.
(ix) Die (vermaerde, vermaarde) generaal het roemryke oorwinnings behaal.
(x) In die (gesig, gelaat, bakkies) van die martelaar het geen trek van pyn sy lyding verraai nie.

(*b*) *In die volgende lysie is woorde wat verkeerd gespel is. Soek hulle uit en gee die korrekte spelling aan:*

| | | |
|---|---|---|
| .303 geweer | sker | êrens |
| ster | B.A.-graad | wereld |
| D. F. Malan Gebou | spieel | vise-voorsitter |
| nie-blanke | pa hulle | Standerd VIII klas |
| piet my vrou voël | Suidwes Afrika | fluit-fluit |
| drie ton vragmotor | | |

(10)

**[20]**

7. (*a*) *Skryf neer*

(i) Die meervoud van: posmeester-generaal, Du Plessis, kamera.
(ii) Die verkleinwoord van: beloning, foto, m (die letter M).
(iii) Die vroulike vorm van: profeet, redakteur, minnaar.
(iv) Die versterkte (intensiewe) vorm van: (bv. pikswart): blind, lelik, vas.
(v) Die erkende afkorting vir: menere, junior, poskantoor. (15)

(*b*) *Gebruik* **vyf** *van die volgende woorde en uitdrukkings in goeie, verklarende volsinne:*
fat, huigelaar, venyn, noodwiel, by monde van, myns insiens. (10)

[25]

## Nr. 6

*Tyd:* 2 *uur* — 160 *punte*

1. *Lees die onderstaande stuk aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg:*

DIE BALSEM VAN 'N BED

'n Bed is een van die lekkerste dinge op die wêreld, maar dan moet dit 'n lekker bed wees. En om 'n lekker bed te wees, het dit drie dinge nodig: plek, stukrag en stewigheid. Sonder een van die drie beantwoord 'n bed nie aan sy doel nie: naamlik om 'n mens 'n onwankelbare toevlugsoord teen die aanslae van die lewe te bied. Maar dis nou van ons ou kiaathoutkatel met sy onpretensieuse halfmaan-kopstuk – hy's 'n bed duisend! Groot genoeg dat ons elkeen ons eie afsonderlike draaie kan draai en elkeen ons eie lê kan lê en darem nog die troostende gemeenskap van 'n onverdeelde ligging kan geniet. Veerkragtig genoeg met sy twee matrasse om 'n mens ordentlik op te lig sonder om sodoende self in te duik; en vastig genoeg op sy mat en pote om 'n mens te alle tye 'n gevoel van sekuriteit te gee. Daarom hou ek so baie van die bed. En ook omdat Pappie hom vir ons gegee het as deel van die kamerstel wat sy troupersent aan ons was. Vir my is die bed ook nes Pa – net so 'n ondersteuning van dag tot dag, net so goed en deeglik en sonder swier.

Ek moet erken dat ek 'n vooroordeel het teen die modieuse, moderne enkelbeddens wat so saai en smal onder hul eenderse bedspreie staan. Sulke ou kamma-bedjies is vir my so sonder pit of persoonlikheid, so asof hulle nooit opgewasse sou kon wees teen die grofbrood en die glorie van 'n lang huwelikslewe nie.

(Uit *In Klein Maat* deur Audrey Blignault)

(*a*) Watter drie eienskappe het 'n „lekker bed"? (3)
(*b*) Wat is, volgens die skryfster, die doel van 'n bed? (2)
(*c*) Noem *twee* redes waarom die skryfster so baie van haar houtkatel hou. (4)
(*f*) Wat word bedoel met „die grofbrood en die glorie" van die huwelik? (2)
(*g*) Gee sinonieme vir: sekuriteit, onpretensieuse, opgewasse. (3)
(*h*) Skryf een kort, netjiese sin om die laaste paragraaf in jou eie woorde weer te gee. (5)

[25]

2. (*a*) *Skryf die skuinsgedrukte woorde in die volgende sinne onder mekaar neer en sê watter rededeel elk is:*
   (i) Sannie sing *mooi.*
   (ii) Sannie is *mooi.*
   (iii) *Baie* mense is volgelinge *van daardie* volksleier.
   (iv) Sy *skril gefluit het* ons betyds gewaarsku.
   (v) Die *voor voor* ons deur is leeg. (10)

   (*b*) *Verander van die indirekte na die direkte rede:*
   (i) Ou Klaas het beangs uitgeroep dat daar 'n slang in die stal was.
   (ii) Die boemelaar het gevra of hulle nie daardie aand vir hom herberg het nie.
   (iii) Die vrou het medelydend aan die seuntjie gevra of hy nie seer gekry het nie. (9)

   (*c*) *Gee die regte vorm van die woorde tussen hakies:*
   'n (beklink) saak; (steek) wonde; 'n (krimp) houding; (verslaan) vyande; (verkry) regte; (ry) polisie; (lees) mense; (doen) sake; 'n (bind) lewe; 'n (opsteek) pyp; (uitsoek) vrugte. (11)

[30]

3. (*a*) *Vul gepaste voorsetsels in:*
   (i) Ds. X het bedank .......... die beroep.
   (ii) Hy word beskuldig .......... moord.
   (iii) Hy beskik .......... baie geld.
   (iv) Hy dring hom .......... 'n mens op.
   (v) Ek wil vergaan .......... die koue.
   (vi) Ons smag .......... 'n goeie reën.
   (vii) Hy het gefaal .......... sy pogings.
   (viii) Hulle krepeer .......... ellende.
   (ix) Ek maan jou .......... versigtigheid.
   (x) Hy teer .......... sy kapitaal. (10)

   (*b*) *Vervang die woorde tussen hakies deur afgeleide woorde wat in die volgende sinne sal pas:*
   (i) Kaptein X is 'n bekende (vlieg).
   (ii) Sy gesig is (wring) van die pyn.
   (iii) Hy het heeltemal (sleg) van hy daar woon.
   (iv) Die kwaadstoker is uiteindelik (masker).
   (v) Die vader het sy ongehoorsame seun (erf).
   (vi) Toemaar, die pyn sal later (skiet).
   (vii) Moenie die huis so (mors) nie.
   (viii) Sou (gees) eienskappe ook (erf) wees?
   (ix) Hy is nie meer (vat) vir goeie invloed nie.
   (x) Die beseerde se toestand is (dink). (10)

   (*c*) *Vorm samestellinge met die volgende woorde:*
   eet + tyd; voet + ent; seun + skool; Duits + sprekend; groot + deels; kind + been; mou + gat; saak + brief; kreef + gang; pen + stryd. (10)

[30]

4. (*a*) *Voltooi die volgende:*
   (i) Ek sal gaan, mits . . . . .
   (ii) Ek sal gaan, tensy . . . . .
   (iii) Jan is nie slim nie; inteendeel . . . . .
   (iv) Jan is nie slim nie, nogtans . . . . .
   (v) Jan is fluks, daarenteë . . . . . (10)

   (*b*) *Gebruik die volgende woorde en uitdrukkinge in sinne sodat die betekenis van elk duidelik blyk:*
   weliswaar, sluikhandel, vonds, dirigent, verbeur, agterbaks, poog, innig, in gebreke bly, van meet af aan. (20)

[30]

5. (*a*) *Verduidelik die betekenis van elk van die volgende idiome:*
   (i) Hy het twee aangesigte.
   (ii) Honde wat blaf, byt nie.
   (iii) Daar sal dadels van kom.
   (iv) Hy kan lelik knoop.
   (v) 'n Gegewe perd moet jy nie in die bek kyk nie. (10)

   (*b*) *Voltooi die volgende sinne:*
   (i) Daardie kind is baie voor op die ..........
   (ii) Jy lê nou die vinger op die ..........
   (iii) Ek is platsak; jy sal my moet ..........
   (iv) Pak maar op; sy .......... is breed.
   (v) Die muis het 'n ..........
   (vi) Hy praat te veel; julle moet sy mond ..........
   (vii) Geleentheid gee ..........
   (viii) Hy kan alles eet; hy het 'n maag soos 'n ..........
   (ix) Hy wil dit teen heug en .......... doen.
   (x) As hy 'n sent opskiet, sê hy kruis of .......... (10)

   (*c*) *Gee suiwerder Afrikaanse woorde vir die volgende:*
   garage, importeer, periode, tydtafel, eleksie, referendum, higiëne, konsensie, fantasie, profyt. (10)

[30]

6. (*a*) *Gee een woord vir:*
   (i) 'n Versameling tasse, koffers, ens. op die stasie.
   (ii) Die man wat die vlag by 'n rugbywedstryd dra.
   (iii) Die plek waar predikante opgelei word.
   (iv) Die plek waar ammunisie gebêre word.
   (v) Melk, room, kaas, botter.
   (vi) Iemand wat baie slordig is.
   (vii) Iemand wat nie in God glo nie.
   (viii) Persone wat in dieselfde tyd lewe.
   (ix) Die man wat 'n lokomotief bestuur.
   (x) Iemand wat baie graag terg. (10)

   (*b*) *Verdeel die onderstaande woorde in lettergrepe en onderstreep die oop lettergrepe:*

| | | |
|---|---|---|
| aandelemark | bekoorlik | grotendeels |
| dae | entjie | |

(5)

[15]

(Wat is 'n oop lettergreep nou weer?)

## Nr. 7

Hier volg nou 'n paar vraestelle in hul geheel om kandidate 'n aanduiding te gee van die aard van die departementele vraestelle.

### JUNIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN

**Eerste Vraestel: Deel 1** **Een en 'n halfuur**

1. *Skryf 'n opstel van ongeveer* 40 *reëls* (*sowat* 320 *woorde*) *oor EEN van die volgende onderwerpe:*
   (*a*) My beste maat.
   (*b*) Terwyl Pa een Sondagmiddag slaap, probeer ek om 'n entjie met sy splinternuwe motor te gaan ry.
   (*c*) Die interessantste persoonlikheid in die Suid-Afrikaanse geskiedenis.
   (*d*) 'n Benoude nag op die see.
   (*e*) Daar wil ek graag woon.
   (*f*) 'n Verhaaltjie wat eindig met die volgende woorde: „ . . . en dit is die rede waarom my maats hul vandag nog wil doodlag as hulle vir my sien."

[40]

2. *Skryf EEN van die volgende briewe in behoorlike vorm. Die inhoudsdeel moet ongeveer 15 reëls (sowat* 120 *woorde) beslaan:*

(*a*) 'n Ontsnapte sirkusleeu storm eendag gedurende die pouse die skoolterrein binne. Skryf 'n brief aan 'n oud-leerling van jou skool waarin jy hom (haar) op grappige wyse meedeel wat alles gebeur het.

(*b*) Skryf 'n brief aan 'n vriend (vriendin) waarin jy hom (haar) vertel van 'n radioprogram waarna jy die graagste luister. Wei uit oor hierdie program en verstrek jou redes waarom jy hierdie program verkies.

(*c*) Jou ouers het jou ten strengste belet om aan voetbal of netbal deel te neem Sonder hul wete het jy egter deelgeneem en in 'n wedstryd jou been gebreek. Jy verkeer tans in die hospitaal en moet minstens twee weke daar bly. Skryf nou 'n brief aan jou ouers om alles te verduidelik.

**[20]**

3. *Skryf EEN van die volgende briewe in behoorlike vorm. Die inhoud kan ongeveer 15 reëls (sowat* 120 *woorde) beslaan:* (Solank die inhoud volledig is, mag jy minder as die gevraagde lengte skrywe.)

(*a*) Jy het jou maandelikse telefoonrekening ontvang. Tot jou ontsteltenis ontdek jy dat 'n hele aantal hooflynoproepe waarvan jy niks weet nie, op die rekening geplaas is. Skrywe nou 'n brief aan die plaaslike posmeester waarin jy die saak onder sy aandag bring. Verstrek besonderhede en vra hom om toe te sien dat hierdie dinge nie weer gebeur nie.

(*b*) Die stadsraad van jou dorp het besluit om 'n pragtige laning bome in jou dorp uit te kap. Skryf 'n brief aan die stadsklerk waarin jy ten sterkste teen so 'n stap beswaar aanteken.

(*c*) In 'n koerant het 'n beriggie verskyn dat 'n besonder interessante opvoedkundige toer gereël word. Die toer sluit onder meer 'n bootreis van Kaapstad af na Durban in. Daar sal ook besoek gebring word aan 'n Johannesburgse goudmyn, Pretoria en die Kruger-wildtuin. Dr. Tom de Swardt van Kortstraat 18, Oos-Londen organiseer hierdie toer. Skryf nou 'n brief aan hom waarin jy volledige besonderhede vra.

**[20]**

**Eerste Vraestel: Deel 2** **Twee uur**

**Let wel.** Skryf bo elke vraag die nommer soos dit op die vraestel staan. (Skryf alle kort antwoorde op vraagdeeltjies in 'n kolom **onder mekaar** en nooit langs mekaar nie. Laat tussen elke onderafdeling van 'n vraag twee reëls oop, bv. tussen 2(*a*) en 2(*b*) en 2(*c*). As 'n volle vraag klaar is, d.w.s. (*a*), (*b*) en (*c*), trek u 'n streep dwarsoor die bladsy, ook oor die kantlyn.)

1. *Lees die onderstaande stuk aandagtig deur en beantwoord dan die daaropvolgende vrae saaklik en duidelik:*

DIE PERKE VAN ONS TOEGEEFLIKHEID

(*a*) As die ander man nie die helfte van die pad wil gee nie, gee jy dan die hele – die één helfte omdat dit jou plig is as sy gelyke, die ander helfte omdat dit jou voorreg is as sy meerdere.

(*b*) Toe ek nog jonk was, het ek rusie gemaak met hom; en hy het altyd teruggepraat. Meesal was hy 'n beter twismaker as ek – want as hy nie van dié geaardheid was nie sou hy nie ander mense se pad steel nie. Nadat ek 'n hele hoop tyd vermors het, en tweede beste uit die woordewisseling uitgekom het, het ek hom gewoonlik gedreig met 'n aanklag voor die hof. Maar 'n mens se bui gaan weer oor, en my wins uit die staatmakery op my reg was altyd minder as nul.

(*c*) Nou draai ek uit met 'n glimlag en 'n vriendelike groet. Ek voel my so deugsaam by die selfopofferende gedrag dat ek 'n geruime tyd my jongste sonde vergeet. Ek spaar my tyd; ek spaar my humeur; ek salf my gewete.

(*d*) Dit is papbroekerigheid, sê jy. Maar *ieder 'n man* het die reg om 'n papbroek te wees in sy eie belange. Anders sou dit nie syne wees, as hy nie die reg had om met hulle te doen wat hy wil nie. Jy hoef ook nie 'n man aan te moedig om vir sy eie reg te staan nie. Hy sal eerder te veel eis as te min. *Sy partydigheid is nie vir die teëparty nie.*

(*e*) Maar daar is 'n ander opsig waarin ons die uiterste duim van òns helfte van die pad moet eis. En juis dáár is dit waar so baie van ons papbroeke is wat uitdraai en vir die vyande die hele pad gee. Ons almal is voogde, *trawante*, pandhouers van belange wat aan ons toevertrou is – maar belange om te beskerm, om heilig te hou, want dis nie ons eie nie.

(*f*) *Daar is die pand wat aan elke kiesgeregtigde toevertrou is onder ons stelsel van volksregering.* Die verraaier sal met 'n glimlag kom of met 'n geldbeurs of met 'n dreigement of met 'n leuen – *volgens die maat van jou wat hy geneem het*, en hy sal die hele pad wil neem. Trap dáár vas: dis nie jou pad om weg te gee nie. Dis jou land en volk s'n.

Uit: *Ons Weg deur die Wêreld* – C. J. Langenhoven

Vir die kandidaat se gerief s die paragrawe genommer.)

(1) Watter *woord* word in die eerste paragraaf in teenstelling met *plig* gebruik? (1)

(2) Gee uit die stuk vir die *ander man* die benaming (één woord) wat sy geaardheid beskryf. (2)

(3) Gee in u eie woorde twee redes waarom van die dreigement met 'n aanklag voor die hof gewoonlik niks gekom het nie. (2)

(4) Haal *twee* uitdrukkinge uit die stuk aan wat bewys dat die skrywer in die rusie gewoonlik die slegste gevaar het. (2)

(5) Verduidelik kortliks in u eie woorde: „sy partydigheid is nie vir die teëparty nie." (2)

(6) Wanneer is ons volgens die skrywer, indien ons die hele pad aan die ander man gee:
(*a*) nie 'n papbroek nie; (2)
(*b*) wel 'n papbroek? (2)

(7) Vervang die woorde „ieder 'n man" in die stuk deur slegs één woord wat dieselfde betekenis het. (2)

(8) Wat word met die woorde tussen hakies in die volgende bedoel? Skryf slegs één woord neer. „Daar is die (pand wat aan elke kiesgeregtigde toevertrou is) onder ons stelsel van volksregering." (2)

(9) Gee 'n sinoniem vir elk van die volgende:
(*a*) volksregering;
(*b*) trawante. (2)

(10) As die verraaier „volgens die maat van jou wat hy geneem het", met 'n *dreigement* na jou toe kom, dink hy dat jy *bang* is. Voltooi nou die volgende sinne deur in elke geval slegs die ontbrekende woord neer te skrywe:
(*a*) As hy met 'n geldbeurs kom, dink hy dat jy .......... is.
(*b*) As hy met 'n leuen kom, dink hy dat jy .......... is. (2)

11) Verduidelik kortliks in u eie woorde: „volgens die maat van jou wat hy geneem het." (2)

(12) 'n Goeie paragraaf het één kernsin of sleutelsin.

(*a*) Skryf net die kernsinnetjie van die eerste paragraaf neer.

(*b*) Nou weer die kern van die vyfde (by wyse van teenstelling). (4)

[25]

2. (*a*) *Vul elke keer die ontbrekende voorsetsel in. Skryf net die voorsetsel saam met die vetgedrukte woord(e) teenoor die nommer neer:*

(i) Ons is almal geneig .......... **sonde.**

(ii) Ek kan dit .......... **'n mate** verklaar.

(iii) Sy gepratery het my .......... **stryk** gebring.

(iv) Hy wil graag onafhanklik wees en niemand .......... **die oë** sien nie.

(v) Ons moet die saak .......... **die oë** sien, en mag nie langer daarmee uitstel nie.

(vi) Ek het nie geld .......... **my** nie.

(vii) Hy was nie .......... **so iets** bedag nie.

(viii) Hy is .......... **hierdie tyd** seker al dood.

(ix) Hy is gelukkig; alles gaan nou met hom .......... **die wind.**

(x) Al die bome moet .......... **die voet** afgekap word. (10)

(*b*) *Vul die ontbrekende woord in elk van die onderstaande sinne in. Skryf net die vereiste woord teenoor die nommer van die sin neer:*

(i) Die mens .........., maar God beskik.

(ii) Die beste is maar om kwaad met goed te ..........

(iii) Hy is 'n troue vriend en het weer 'n lansie vir my ..........

(iv) So 'n optrede sal alle perke van welvoeglikheid ..........

(v) Hulle het dit willens en .......... gedoen.

(vi) Hy was nie met swaarde en .......... daar weg te kry nie.

(vii) Hier volg die weerberig vir die .......... eindigende môrenag om twaalfuur.

(viii) Die diewe het ons bure .......... en kaal gesteel.

(ix) Hy het .......... ten laaste opgedaag.

(x) Ek sal dit vir jou leen, met .......... verstande dat jy dit veilig bewaar. (10)

(*c*) *Kies die regte woord van die twee wat tussen hakies aangegee word. Skryf net die korrekte woord teenoor die nommer van die sin neer:*

(i) Ons (vier, fier) vanjaar Gesinsdag.

(ii) Dit is mnr. Jooste (wat, wie) dit gesê het.

(iii) Alle (jaste, jasse) moet in die portaal gelaat word.

(iv) Die vleuel (peil, pyl) na die hoekvlag.

(v) Hy verkoop kaartjies vir die jaarlikse (dansparty, dans) van die tennisklub.

(vi) Het jy al jou (skoolgeld, skoolfooie) betaal?

(vii) Die struikgewas tier (weelderig, welig) in die bos.

(viii) Die onderwyser het 'n vleiende (opmerking, aanmerking) op die rapport gemaak.

(ix) Ons sit heerlik onder die (priëel, prieel).

(x) Die ryk man sal die hele onderneming (finansiëer, finansier). (10)

[30]

3. (*a*) Hieronder volg die verklarings van ses spreekwoorde. *Kies VYF verklarings en gee by elkeen die juiste spreekwoord waarvan die sleutelwoord tussen hakies aangegee word. Skryf die spreekwoord teenoor die regte nommer soos dit op die vraestel aangedui is:*

(i) Hy kan sy man staan. (tone)

(ii) Hy is vreeslik stadig. (dood)

(iii) Iets noukeurig en objektief beskou. (keper)

(iv) Elke mens het sy beproewinge. (smart)

(v) Hy het gesterf. (natuur)

(vi) Hy steel graag. (vingers)

(*b*) *Watter mooi, nuwe Afrikaanse benaminge het die volgende? (Een woord vir elk):*

(i) 'n Soort tol wat op en af aan 'n tou beweeg as dit behendig gehanteer word.

(ii) 'n Winkel waar 'n mens self kan uitsoek wat jy wil koop en dan jou ware na die kassier neem vir betaling.

(iii) 'n Apparaatjie waarmee papiere met 'n krammetjie aanmekaar gedruk word.

(iv) 'n Motoris wat ander motoriste nie in aanmerking neem nie en hom soos 'n buffel op die pad gedra.

(v) 'n Man wat sonder die nodige opleiding dokterswerk doen. (5)

(*c*) *Gee die wisselvorme vir die volgende woorde:*

| | | |
|---|---|---|
| neëntig | agt | sterweling |
| politici | sentrums | |

(5)

(*d*) Dit **was lagwekkend** om te sien hoe die renoster **wat** agter die **bos** staan, **koes** wanneer 'n klippie in **sy nabyheid** val. **Lank** het hy luisterend bly staan, **maar** kon nie vasstel wat die **klippies** beteken **het nie**. Die skouspel was baie snaaks.

*Kies uit die vetgedrukte woorde in die voorafgaande paragraaf die volgende:* (Skrywe net die nommer en die vereiste woord daarnaas neer.)

(i) 'n Hulpwerkwoord van tyd.

(ii) 'n Bywoord.

(iii) 'n Abstrakte (afgetrokke) selfstandige naamwoord.

(iv) 'n Betreklike voornaamwoord.

(v) 'n Onvoltooide (teenwoordige) deelwoord.

(vi) 'n Besitlike voornaamwoord.

(vii) 'n Voegwoord.

(viii) 'n Bywoord van tyd.

(ix) 'n Koppelwoord.

(x) 'n Selfstandige werkwoord. (10)

[30]

**4.** (*a*) *Vervang elke keer die woorde tussen hakies deur EEN woord wat dieselfde betekenis het. Skryf elke keer net die woord saam met die vetgedrukte woord(e) teenoor die nommer van die sin neer:*

(i) Gee my 'n raad om die bloed te **laat** (dik word).

(ii) Die oorwinnaars het op 'n (sonder enige voorwaardes) **oorgawe** aangedring.

(iii) Ek kan nie van (wat jou duiselig maak) **hoogtes** afkyk nie.

(iv) Dit is 'n (waarop baie water is) **plaas.**

(v) Dit is 'n onbillike en (wat jou onder 'n verkeerde indruk bring) **vraag.**

(vi) Die regter het sy **uitspraak** (nie dadelik gegee nie).

(vii) Die seun het sonder 'n vaste plan en (volgens sy eie wil) **te werk gegaan.**

(viii) Sy werk **is** (dié van 'n sekretaris).

(ix) Hy het altyd 'n (wat nie van 'n vaste standpunt getuig nie) **houding.**

(x) Dit is 'n (wat van albei kante af kom) **vriendskap.** (10)

(*b*) *Gee elke keer 'n sinoniem ('n woord met min of meer dieselfde betekenis) vir die vetgedrukte woord in elkeen van die volgende sinne. Skryf net die woord teenoor die nommer van die sin neer:*

(i) Het julle al 'n kandidaat **genomineer**?

(ii) Het julle enige **objeksie** daarteen?

(iii) Dit is 'n belangrike **periode** in 'n volk se geskiedenis.

(iv) Die sesde **periode** leer ons Latyn.

(v) Ek stel baie belang in **chemie.**

(vi) Hy het 'n hoë **opinie** van sy eie bekwaamheid.

(vii) Hy doen dit vir **rekreasie.**

(viii) Wie het die **deputasie** na die minister gelei?

(ix) Op watter **basis** het die verdeling plaasgevind?

(x) Ek het die **satisfaksie** gesmaak dat hulle na my geluister het. (10)

(*c*) *Gee elke keer die regte vorm van die woord tussen hakies.* Skryf net die antwoord saam met die vetgedrukte woord teenoor die nommer van die sin neer:

(i) Hulle is die (uitverkies) **volk.**
(ii) Hy (stoot ) **baie** as hy praat.
(iii) Daar was baie (bederf) **stembriefies.**
(iv) Ek moet jou dit (wen) **gee.**
(v) Baie heidense volke is **in die afgelope tyd** (Christen).
(vi) Hy is 'n baie (energie) **man.**
(vii) Ons behandel nou die (konstitusie) **ontwikkeling** van ons land.
(viii) Ons het in 'n (luuks) **hotel** tuisgegaan.
(ix) Die (lê) **van die huis** staan my baie aan.
(x) Ek wou nie (sien) met hom **ruil** nie. (10)

**[30]**

5. (*a*) *Vul elke keer 'n woord in wat die teenoorgestelde betekenis van die vetgedrukte woord het. Skryf net die antwoord teenoor die nommer van die sin neer:*

(i) Ons het beide **liggaamlike** en .......... sterkte nodig.
(ii) Sy antwoord was nie **ontkennend** nie, maar .........
(iii) In die **teorie** klink dit goed, maar in die .......... werk dit nie.
(iv) Jy moet in jou bespreking van die **algemene** tot die .......... gaan.
(v) Die vertrek is nie **bedompig** nie, maar ..........
(vi) Die **skuldenaar** sowel as die .......... word beskerm.
(vii) Het jy in 'n **stedelike** of .......... omgewing opgegroei?
(viii) Voordat jy 'n nuwe huis daar **bou**, moet jy die oue eers ..........
(ix) In plaas van die saak te **vergemaklik,** het hy dit ..........
(x) Dit is nie die **aanbod** wat die waarde van 'n artikel bepaal nie, maar die .......... (10)

(*b*) *Vervang in elke sin die vetgedrukte deel (bysin) deur 'n woord of sisnede (frase), sodat die samegestelde sin elke keer 'n enkelvoudige sin word sonder om die betekenis te wysig: (L.W. – Skryf elke keer die hele sin oor en onderstreep die deel wat u verander.)*

*Voorbeeld:* **Wat hy verklaar het,** is onwaar.
**Antwoord: Sy verklaring** is onwaar.

(i) **Alhoewel dit reën,** sal ons speel.
(ii) **Omdat hy so slordig skrywe,** het hy min punte behaal.
(iii) Ons loop op terrein **waar ons nie mag loop nie.**
(iv) **As jy my help,** sal ek gou klaar wees.
(v) Ek moes eers bewys **dat ek onskuldig is.** (10)

(*c*) Iemand wat iets **lewer,** is 'n **leweransier.**
*Gee nou die persoonsname van die volgende:*

(i) Propageer.
(ii) Redigeer.
(iii) Skryf neer die meervoud van **knie.**
(iv) Vorm deur afleiding 'n werkwoord van **oud.**
(v) Vorm 'n abstrakte (afgetrokke) selfstandige naamwoord van **vyand.**

Van **lewe** en **taak** vorm ons die samestelling **lewenstaak.**
*Vorm nou die samestelling van:*

(vi) Lewe en stroom.
(vii) Siek en verlof.

Van **oog** vorm ons deur afleiding die werkwoord **beoog.**

(viii) Vorm nou 'n afgeleide werkwoord van **lank.**
(ix) Skryf enige wederkerige voornaamwoord neer.
(x) Skryf oor in die lydende vorm: Ek het die werk afgehandel. (10)

**[30]**

6. (*a*) *Gebruik elke keer in 'n kort sinnetjie:*
   (i) **belangstellend** as 'n bywoord;
   (ii) **was** as 'n koppelwerkwoord;
   (iii) **is** as 'n hulpwerkwoord van vorm;
   (iv) **skeel** as 'n selfstandige werkwoord;
   (v) **besig** as 'n selfstandige werkwoord. (5)

   (*b*) *Gebruik VYF van die volgende woorde of uitdrukkinge in goeie, verklarende sinne:*
   (i) grootse, (ii) suil, (iii) dreef, (iv) luidens, (v) verwater, (vi) ten koste van, (vii) ten behoewe van, (viii) flora en fauna. (10)

[15]

## Nr. 8

### JUNIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN

**Eerste Vraestel: Deel 1** **Een en 'n halfuur**

1. *Skryf 'n opstel van ongeveer* 40 *reëls* (*sowat* 320 *woorde*) *oor EEN van die volgende onderwerpe:*
   (*a*) Droogte, die wrede monster.
   (*b*) 'n Maanlignag by die see (of op die veld).
   (*c*) Ek stap een aand huis toe en word onverwags deur 'n konstabel voorgekeer en versoek om hom na die aanklagtekantoor te vergesel.
   (*d*) My klasmaats soos ek hulle sien.
   (*e*) Jy en 'n paar maats klouter in die berge rond en kom op 'n grot af wat voorkom asof dit die skuilplek van 'n bende smokkelaars kan wees. Terwyl jul nog so staan en kyk, verskyn daar 'n man met 'n ruwe uiterlike voorkoms. Vertel wat verder gebeur het.
   (*f*) 'n Verhaaltjie wat eindig met die volgende woorde: „. . . sonder hom sal ons skool nooit weer dieselfde wees nie".

[40]

2. *Skryf EEN van die volgende briewe in behoorlike vorm. Die inhoudsdeel moet ongeveer* 15 *reëls* (*sowat* 120 *woorde*) *beslaan:*
   (*a*) Jou ouers is na 'n groot stad (of 'n klein afgesonderde dorpie) verplaas en jy moet daar skoolgaan. Skrywe nou 'n brief aan 'n maat in jou vorige skool en vertel hom van jou nuwe omgewing en die skool waarin jy nou is.
   (*b*) Jou ouers is met vakansie en jy is alleen by die huis. Een nag raak die huis op 'n onverklaarbare wyse aan die brand en ten spyte van al jou pogings om iets te red, is alles in puin gelê. Skrywe nou 'n brief aan jou ouers waarin jy vertel wat alles gebeur het.
   (*c*) Jou oom Karel het vir jou genooi om hom te vergesel op 'n grootwildjag na Sentraal-Afrika. Hy is bereid om alle koste te betaal. Bedank hom vir hierdie wonderlike aanbod.

[20]

3. *Skryf EEN van die volgende briewe in behoorlike vorm. Die inhoud kan ongeveer* 15 *reëls* (*sowat* 120 *woorde*) *beslaan:* (Solank die inhoud maar volledig is, mag jy hier ook minder as die gevraagde lengte skrywe.)
   (*a*) Jy het die naweek in die Hotel Oranje op Lemoenfontein deurgebring. Toe jy by die huis kom, ontdek jy dat jy sekere dinge in die hotelkamer vergeet het. Skryf nou 'n brief aan die bestuurder waarin jy besonderhede verstrek en tref reëlings vir die aanstuur daarvan.
   (*b*) Die firma R.O.L. Prent en Kie., van Markstraat 100 op jou dorp het in „Die Nuusdraer" 'n kamera geadverteer. Jy wil baie graag hierdie kamera besit, maar die prys is 'n bietjie bokant jou vuurmaakplek. Skrywe nou aan die firma en vra of hulle nie die prys 'n bietjie kan verlaag nie. Vra ook of jy die kamera mag besigtig.

(*c*) Jy en jou bure het groot skade gely as gevolg van die onverantwoordelike optrede van 'n klomp kwajongens wat saans jou dorp op horings neem. Skrywe 'n brief aan die plaaslike polisie waarin jy vra dat daar teen hulle opgetree word. [20]

**Eerste Vraestel: Deel 2** **Twee uur**

**Let wel.** Skryf bo elke antwoord die nommer van die vraag op die vraestel. (Skryf alle kort antwoorde van onderafdelings van vrae in 'n kolom **onder mekaar,** en nooit langs mekaar nie. Laat tussen elke onderafdeling voldoende tussenruimte, en as 'n hele vraag voltooi is, trek dan 'n streep daaronder, dwarsoor die hele bladsy.)

1. *Lees die onderstaande stuk aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat daaronder volg:*

Die beëindiging van ons skoolloopbaan laat veelal alle jongmense verbysterd staan *by 'n kruispad van hul lewe,* met die ontstellende vraag oor die toekoms: wat en waarheen nou?

Alvorens 'n mens egter 'n afdoende antwoord op hierdie *probleemvraag* soek, is dit noodsaaklik dat hy vir hom rekenskap gee van wat nou eintlik die werklike betekenis van skoolverlating is.

Oënskynlik is die antwoord op hierdie vraag eenvoudig: Skoolverlating beteken dat ek voortaan nie weer na die skool toe teruggaan nie; dat ek voortaan gaan tuisbly, of gaan werk.

Hierdie opvatting is egter 'n misvatting van die werklikheid omdat dit net ten dele waar is. In sy omvangryker betekenis omvat skoolverlating, onder andere, dat ons die veilige, beskermde, en tewens só goedbekende bestaan van die skoollewe nou gaan verruil vir die vreemde en die onbekende. Die ou vriendskappe en persoonlike verhoudings, deur baie jare opgebou, en *waarop ons so 'n hoë prys stel,* gaan nou verbreek word. Die bekende skoolroetine (lesure, vakke, eksamens, vakansies) wat ons lewe so 'n aangename gevoel van sekuriteit gegee het, is nou iets van die verlede. Ons beëindig nou ook die lewensfase van algehele afhanklikheid van ons ouers, en in die meeste gevalle sal ons voortaan ook die beskerming en versorging wat ons tot dusver in die huisgesin geniet het, hiervandaan ontbeer.

Daarteenoor gaan ons 'n onbekende wêreld betree met nuwe werksomstandighede, werkroetine, en totaal vreemde mense met wie ons moet saam werk. Dit gaan gewis 'n splinternuwe lewensaanpassing verg, in 'n wêreld waar niemand ons ken nie, en ons ook nie sonder meer as lid van hulle groep sal aanvaar word nie.

Skoolverlating is derhalwe glad nie so 'n eenvoudige saak vir jongmense nie, en gewis sal daar in die onmiddellike naskoolse lewe 'n ervaring van verwarring en onsekerheid ondervind word waarin niemand juis baie gelukkig sal voel nie. Daarbenewens sal daar ook nog later vir diegene wat so ligtelik oor skoolverlating besluit het – want daar is mos ongelukkig nog baie jeugdiges wat reikhalsend daarna uitsien – die bykomstige las wees van naberou en selfverwyt, om die onbesonnenheid van 'n jeugbesluit, wanneer hulle eendag die ontgoëling en verydeling ondervind van 'n *loopbaan,* wat in nege uit die tien gevalle, *in 'n doodloopstraat beland het.*

(*a*) Gee 'n kort, gepaste opskrif vir die bostaande stuk. (1)

(*b*) Noem drie dinge (soos die skrywer vermeld) wat 'n mens sal mis van jou *skoollewe* nadat jy jou loopbaan daar beëindig het. (3)

(*c*) In watter twee opsigte (sê die skrywer) sal die verhouding tussen die skool verlater en sy *huismense* in die vervolg anders wees? (2

(*d*) Om watter redes, meen die skrywer, is 'n nuwe lewensaanpassing noodsaaklik wanneer 'n mens die naskoolse lewe betree? (3)

(*e*) Haal 'n sinsdeel (frase) aan om elkeen van die volgende stellings te bewys:

(i) Daar is nog steeds leerlinge wat gretig is om die skool vaarwel te sê. (2)

(ii) 'n Mens voel ongelukkig in die oorgangstydperk wat op jou skoolloopbaan volg. (2)

(iii) Mense wat te haastig is om die skool te verlaat, behaal in die meeste gevalle geen beroepsukses nie. (2)

(*f*) Watter woord gebruik die skrywer in die vierde paragraaf om die betekenis weer te gee van „'n verkeerde opvatting of beskouing?" (1)

(*g*) Verduidelik kortliks (in net een enkel sinnetjie by elk) en in u *eie woorde* wat die skrywer met elkeen van die volgende uitdrukkings bedoel:

(i) „. . . by 'n kruispad van hul lewe . . ." (2)

(ii) „. . . waarop ons so 'n hoë prys stel . . ." (2)

(iii) „'n Loopbaan wat . . . in 'n doodloopstraat beland het." (2)

(*h*) Skryf die sin (of sinsdeel) neer wat u as die sleutelsin (kernsin) van die sesde paragraaf beskou. (2)

(*i*) Gee die presiese woorde van die skrywer weer waarmee hy die „probleemvraag" stel. (1)

**[25]**

2. (*a*) *Voorsien elk van die volgende sinne van 'n passende voorsetsel. Skryf net die ontbrekende voorsetsel saam met die vetgedrukte woord(e) teenoor die nommer van die betrokke sin neer:*

(i) Die jongste boek van die skrywer is tans nog .......... **die pers.**

(ii) .......... **my leedwese** moet ek jou meedeel dat ek nie kan kom nie.

(iii) Hoe noem 'n mens nou weer die ding .......... **Engels**?

(iv) Vader dien reeds baie jare lank .......... **die skoolkomitee.**

(v) Dit moet jy darem erken: hy is .......... **huis uit** 'n wellewende mens.

(vi) Die komitee, en .......... **name** die penningmeester, sal die invordering van die ledegeld behartig.

(vii Die staatsgreep het plaasgevind gedurende die nag van 5 .......... **6 Junie.**

(viii) Ek het dit .......... **jou beswil** gedoen.

(ix) Hy is so behep .......... **sy eie vernaamheid** dat hy aan niemand anders kan aandag skenk nie.

(x) Het jy miskien 'n horlosie .......... **jou**? (10)

(*b*) Hieronder volg die verklarings van sewe spreekwoorde. *Kies nou VYF van die verklarings en gee by elkeen die juiste spreekwoord waarvan die sleutelwoord tussen hakies aangegee is. Skryf die spreekwoord teenoor die regte nommer soos dit op die vraestel aangegee is:*

(i) 'n Vooraf beraamde plan. (kaart)

(ii) Nog baie jonk wees. (nat)

(iii) Daar is 'n groot verskil tussen sê dat jy iets sal doen, en dit werklik te verrig. (myle)

(iv) 'n Mens moet van elke geleentheid gebruik maak. (pap)

(v) Alles reguit vertel, sonder om iets weg te steek. (doekies)

(vi) Dit is vergeefse moeite. (botter)

(vii) Iemand 'n poets bak. (kool) (10)

(*c*) *Vul in elk van die volgende sinne 'n gepaste werkwoord in. Skryf net die vereiste woord naas die nommer van die betrokke sin neer:*

(i) Hy ........... aan al die vereistes wat ons gestel het.
(ii) Die beroep ........... uitstekende vooruitsigte vir 'n ondernemende jongman.
(iii) Die twee geleerdes het 'n lang pennestryd ........... oor die aangeleentheid.
(iv) Die barbaarse hordes het die skone stad in puin ...........
(v) Die dokter se selfversekerde optrede sal gewis 'n pasiënt vertroue ...........
(vi) Waar kan ek 'n kursus in die joernalistiek ........... ?
(vii) Die regering is blykbaar bereid om hulp te ........... aan die boere in die droogtegeteisterde gebiede.
(viii) Sulke opruiende toesprake sal die mense tot onluste ...........
(ix) Al die bestaande geskille tussen die twee bure is nou weer ...........
(x) My broer se suksesvolle universiteitsloopbaan het my ouers baie genoegdoening ........... (10)

**[30]**

3. (*a*) *Kies uit die volgende sinne die korrekte woord van die tussen die hakies aangegee, en skryf dit naas die nommer van daardie betrokke sin neer:*

(i) Op ons erf groei daar baie (seidissels, sydissels).
(ii) Sy naam is van die ledelys (geskraap, geskrap).
(iii) Hy is nou (somar, somaar) 'n baie knap student.
(iv) Ek het (so wat, sowat) van lawaai nog nooit gehoor nie.
(v) Die idioom is myns insiens (on-Afrikaans, onafrikaans).
(vi) Die arme seun is so (eenkennig, onkundig) dat hy nooit voor 'n gehoor sal optree nie.
(vii) Die (tydhouers, tydopnemers) se stophorlosies het groot verskille getoon.
(viii) Ou Boel is die (woeste, woesste) van al die voorspelers in ons span.
(ix) Oom Koos is een van die (Terblanche's, Terblanche'e) van die Bossieveld.
(x) Hy werk in die (Uniegebou, Uniegeboue, uniegebou).

(10)

(*b*) *Vervang die kursiefgedrukte bysinne in die onderstaande sinne met sinsnedes, sonder om die betekenis van die sinne te verander, sodat elkeen van die veranderde sinne 'n enkelvoudige sin is:*

**Voorbeeld:** *Omdat hy siek was,* moes hy tuisbly.
**Antwoord:** *Weens sy siekte,* moes hy tuisbly.

(i) *Nadat hy vertrek het,* het ons nog niks van hom verneem nie.
(ii) *Terwyl hy ons toegespreek het,* was daar 'n doodse stilte.
(iii) *As die eksamen verby is,* kan ons weer asem skep.
(iv) Die vergadering het *'n mosie* aangeneem *waarin wantroue in die bestuur uitgespreek is.*
(v) *Die berig wat Saterdag getelegrafeer is,* is later ook per brief bevestig. (10)

(*c*) *Vervang die woorde tussen hakies deur EEN woord met dieselfde betekenis, en skryf net die vereiste woord teenoor die nommer van die sin neer:*

(i) (Wat van albei kante kom) toenadering.
(ii) 'n (Wat daarop gemik is om dissipline te verbeter) maatreël.
(iii) Hy is die (man wat treintrokke en passasierswaens op die stasie koppel en ontkoppel).
(iv) Hulle het (een en 'n half)jaar in die buiteland vertoef.
(v) Ons wil die wingerdstok oor 'n (stellasie waaronder 'n mens kan deurloop) laat rank.
(vi) Die vorm moet in (drie kopieë) ingevul word.
(vii) 'n (Wat alles vir soetkoek opeet) kind.
(viii) Hy is 'n (persoon wat beoordeel) op ons tentoonstelling.
(ix) Hy kom hom (om daar permanent te woon) in die stad vestig.
(x) Piet is 'n (persoon wat die tamboer slaan in ons kadettekorps). (10)

**[30]**

4. (*a*) Gister het **ons** skool sy jaarlikse sportbyeenkoms **gehad.** Weke lank het die atlete **intensief** geoefen. Vandag **word** die span vir **die** interskoolbyeenkoms saamgestel, **en** oormôre **vertrek hulle na** die **naburige** dorp vir **hierdie kragmeting.**

*Kies nou uit die vetgedrukte woorde in bogaande paragraaf die volgende:*
(Skryf net die nommer en die vereiste woord daarnaas.)

(i) 'n Selfstandige werkwoord.
(ii) 'n Byvoeglike naamwoord (wat attributief gebruik word).
(iii) 'n Persoonlike voornaamwoord.
(iv) 'n Sterk verlede deelwoord.
(v) 'n Hulpwerkwoord.
(vi) 'n Voegwoord.
(vii) 'n Bepaalde lidwoord.
(viii) 'n Voorsetsel.
(ix) 'n Besitlike voornaamwoord.
(x) 'n Bywoord. (10)

(*b*) *Gee die juiste verkleiningsvorme van die volgende woorde:*
(i) sofa en (ii) Hugo.
*Gee die vroulike vorm van:*
(i) heiden en (ii) masseur.
*Skryf die meervoudsvorme neer van:*
(i) prins-gemaal en (ii) posmeester-generaal.
*Hoe noem ons:*
(i) die blanke inwoners van Suidwes-Afrika,
(ii) die blanke inwoners van Pretoria?
*Gee 'n versamelnaam vir elk van die volgende groepe:*
(**Voorbeeld:** Bokke, skape, ens. noem ons *kleinvee.*)
(i) Lemoene, nartjies, pomelo's.
(ii) die geboue, buitegeboue, bome en werf van 'n plaas. (10)

(*c*) *Vul elke keer 'n woord in wat nagenoeg dieselfde betekenis het as die vetgedrukte woord (d.w.s., vervang dit met 'n* **sinoniem**).
*Skryf dan net die woord naas die nommer van die sin neer:*
(i) Julle veroordeel my nou, maar ek verlaat my op die oordeel van die **nakomelingskap.**
(ii) As jy dit beweer, dan **loën** jy die waarheid.
(iii) **Hoon** is 'n veragtelike bejeëning.
(iv) Dit is 'n **uitgemaakte saak** dat die oorwinning nie deur die gepeupel behaal sal word nie. (Gee ander woorde vir: uitgemaakte saak.)
(v) Ek wil jou graag met die behaalde sukses **felisiteer.** (5)

(*d*) *Gee elke keer 'n woord met die teenoorgestelde betekenis ('n antoniem) van elk van die vetgedrukte woorde in die volgende sinne. Skryf elke keer net die woord teenoor die nommer van die sin neer:*
(i) Daar is 'n **berekende** ooreenkoms tussen die twee voorvalle te bespeur.
(ii) Die land het al baie **beroemde** manne opgelewer.
(iii) Die aktrise mag 'n **beeldskone** mens wees, maar haar verstand hou hiermee geen verband nie.
(iv) Moet tog nie met sulke **afgesaagde** argumente probeer oortuig nie!
(v) Sy optrede was onder die omstandighede beslis **lofwaardig.** (5)

[30]

5. (*a*) (i) *Skryf die volgende sin oor in die lydende vorm:*
Nadat Koos die mes geslyp het, het hy dit toegeknip. (3)
(ii) *Skryf die onderstaande sinnetjies in die bedrywende vorm:*
Met Kersfees word daar dikwels te veel geëet. (2)

(*b*) *Vul elke keer die ontbrekende voegwoord in. Skryf dan net die vereiste woord teenoor die nommer van die sin neer:*

(i) ........ hy die jongste in die klas is, presteer hy nogtans die beste.
(ii) Jy sal slaag ........ jy volhard, ........ jy siek word (twee).
(iii) ........ jy betaal, neem ek weer die goed terug.
(iv) Dit is te laat om nog te werk; ........ is ons al baie moeg. (5)

(*c*) *Lei 'n passende selfstandige naamwoord af van elke woord tussen hakies, en skryf dit teenoor die ooreenstemmnede nommer van die vraag;*

(i) Dit is een van die grondstellings in die Heidelbergse (katkiseer).
(ii) Daartoe sal jy eers die verlof moet verkry van die (kontrole) van springstofvoorrade.
(iii) As ek slaag, kry ek (promoveer) na 'n hoër standerd.
(iv) Dr. Roux is nie 'n doktor in die regte nie; hy is 'n mediese (praktyk).
(v) Hy is nog in die (floreer) van sy lewe. (5)

(*d*) *Skryf die samestellings neer wat die volgende gedagtes weergee:*

(i) Die premiers van die Statebond.
(ii) Getuies wat dit met hul eie oë gesien het.
(iii) 'n Winkel wat geld betaal op tweedehandse goed.
(iv) 'n Streek waar dit in die winter reën.
(v) 'n Tog om te verken. (5)

(*e*) *Kies die korrekte bywoord uit die wat tussen hakies aangegee word, en skryf net die gekose woord teenoor die ooreenstemmende nommer van die sin neer:*

(i) Die uitgeputte wandelaar sien (reikhalsend, begerig) uit na rus.
(ii) Ons moes (pal, standvastig) op een plek bly staan.
(iii) Die seemeeu het (rakelings, skrams) oor die golwe geskeer.
(iv) Hy soek (vergeefs, tevergeefs) na sy verlore skape.
(v) Dis te verwag dat so 'n gevoelsmens dikwels baie (impulsief, prikkelbaar) sal handel.
(vi) Die koshuisvader het gesê dat hy sulke dinge (volstrek, ongetwyfeld) nie sal duld nie.
(vii) Een van die ongedeerdes het (ylings, haastig) na die telefoon gesnel om die ambulans te ontbied.
(viii) Die vet braai (knetterend, kletterend) in die pan.
(ix) Terwyl ons nog oor sy veiligheid in die grootste spanning verkeer, het hy (doodluiters, argeloos) die vertrek binnegestap.
(x) Ek wil nou (rondborstig, prontuit) erken dat ek 'n fout begaan het. (10)

[30]

6. (*a*) *Verduidelik kortliks wat die volgende benaminge beteken:*

'n grypdief — 'n babawagter — 'n fratsryer
'n prikkelpop — 'n tamboernooi (10)

(*b*) *Skryf die volgende stukkie oor en voorsien dit van leestekens:*

Hardloop Jan hardloop roep Pa ek sal Pa antwoord Jan en toe sien jy net baadjiepunte waai hy's darem 'n flukse seun mompel Pa onderlangs want hy was tog alte trots op sy jongste spruit (5)

[15]